Heiligmaking

God se oproep tot ’n
Lewe van vervulling

Johan Malan (2013)

Dit is die wil van God: julle heiligmaking (1 Thess. 4:3)



Inhoudsopgawe

Voorwoord

1. Die Behoefte aan Heiligmaking
2. Die Stryd Teen Vleeslikheid
3. Die Eise van Dissipelskap
4. Petrus se Lewe voor en ná Pinksterdag
5. Oorwinning Oor die Vlees: Die Stap van Heiligmaking
6. Oorwinning Oor Swakhede: Die Proses van Heiligmaking
7. Vervulling met die Heilige Gees
8. Volkome Heiligmaking
9. Die Wil van God
10. Vervul met God se Liefde
11. Gawes en Vrug van die Gees
12. Bedieninge van die Heilige Gees
13. Die Pelgrimsreis van God se Volk
14. Volharding van die Heiliges
15. Heiligmaking en die Wederkoms
16. Rekenskap voor die Regterstoel

Verwysings

Oor die outeur

Voorwoord

Die doel waarvoor God die mens geskape het, is om aan sy beeld gelykvormig te wees. Die drie-enige God het gesê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis” (Gen. 1:26). Dit is die woorde waarmee die Bybelse geskiedenis van die mens begin het. Ten spyte van die sondeval bly dit nog steeds die ewige doel en opdrag van die mens om aan die beeld van sy Skepper gelykvormig te word. Die sentrale openbaring van God aan Israel was: “Wees heilig, want Ek is heilig” (Lev. 11:44). Dieselfde opdrag geld ook vir Christene van alle tye: “Soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Pet. 15-16).

Ons word nie geroep om onsself te verhef en aan God se natuurlike attribute soos almagtigheid en alwetendheid gelykvormig te word nie, maar aan sy morele attribute soos heiligheid, liefde en barmhartigheid. Ons moet God se karakter in ’n verdorwe en sondige wêreld openbaar sodat die verlore mensdom kan sien dat sy Gees in ons woon.

Tydens wedergeboorte ontvang ons benewens regverdigmaking en sondevergifnis ook ’n nuwe lewe met al die eienskappe van die Here Jesus se goddelike natuur. As ons daarvolgens leef, sal die mense Christus in ons kan sien. Die groot uitdaging waarvoor ons in ons geestelike lewe te staan kom, is die bereidwilligheid om die ou lewe van vleeslikheid en sonde heeltemal af te lê en ons toenemend met die nuwe lewe van die Here Jesus te beklee. Paulus sê vir die Efésiërs:

“... dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding ten gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Ef. 4:22-24).

Die meeste lede van die vroeë Christelike kerk het hulle nie heelhartig tot heiligmaking verbind nie, en het in die algemeen ’n lae geestelike standaard gehandhaaf. Paulus het hulle telkens daaraan herinner dat die Here Jesus sigbaar gestalte in hulle lewens moes aanneem, en dit het ’n verpligting op hulle geplaas om heilig te leef. Baie van hulle het dit nie ten volle besef nie en hulleself deur sonde en vleeslikheid besoedel. Aan die Korinthiërs het hy gesê: “Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? ... die tempel van God is heilig, en dit is julle” (1 Kor. 3:16-17). Aan die Romeine het hy gesê dat hulle nie aan die wêreld gelykvormig moes word nie, maar hulle liggame as ’n heilige offer in God se diens moes stel. Hulle moes vasstel wat God se wil is en streng daarvolgens leef (Rom. 12:1-2).

Die laaste dae waarin ons nou is, word deur grootskaalse geestelike verval en wêreldgelykvormigheid gekenmerk. Die eindtydse kerk van Laodicéa word deur die Here beskryf as materialisties, lou, selfgesentreerd en geestelik arm (Op. 3:15-17). Die verval neem reeds sulke afmetings aan dat ware Christene nie meer tuis voel in hulle gemeentes nie omdat hulle nie geestelik opgebou word nie. Wat staan hulle onder hierdie omstandighede te doen?

Die Here Jesus verwag van sy dissipels om in geen opsig deel te wees van die verval nie, maar betrokke te raak by ’n teenoorgestelde proses van groter heiligheid. Dit beteken dat die paaie van die onregverdiges en regverdiges kennelik uitmekaar moet loop: “Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word” (Op. 22:11).

Namate die wêreld verder in goddeloosheid verval en op die groot oordele van die dag van die Here afstuur, moet die ware Christene só in heiligheid toeneem dat almal sal kan sien aan wie hulle behoort: “Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas” (2 Pet. 3:11-12).

Spoedig sal ons voor ’n heilige God verskyn, en vir hierdie ontmoeting móét ons heilig wees, want sonder heiligmaking sal niemand die Here Jesus [as Bruidegom] sien nie (Heb. 12:14). Die Bybel stel dit duidelik dat ons die heiligmaking waartoe ons geroep is, hier op aarde moet najaag en deelagtig word, want dit is in ’n geestelik donker wêreld waar ons lig helder moet skyn. Neem die Here se beloftes oor heiligmaking in die geloof aan: “Terwyl ons dan hierdie beloftes het,

geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1).

Hierdie boek is geskryf om jou te help om die opdrag ten opsigte van heiligmaking uit te voer. Die Here soek in 'n tyd soos hierdie manne en vroue wat bereid is om teenoor die heersende tydgees van kompromie en lae geestelike standaarde 'n standpunt in te neem vir Bybelse beginsels: glo in die goddelike inspirasie en foutloosheid van die Bybel, glo in die maagdelike geboorte en Godheid van die Here Jesus, glo in sy soendood aan die kruis om die losprys vir ons sonde te betaal, in sy liggaamlike opstanding uit die dood, in sy hemelvaart en wederkoms; glo en verkondig die leer van bekering en wedergeboorte uit genade, asook die verdere genadewerk van heiligmaking.

Die Here wil jou deur sy Woord en Heilige Gees, op grond van die genadewerk van die Here Jesus, as mens van God volkome maak, vir elke goeie werk volkome toegerus (2 Tim. 3:17). Hy wil jou in sy diens gebruik, en hiervoor wil Hy jou heilig en toerus.

Johan Malan

1. Die Behoefte aan Heiligmaking

Die *regverdigmaking* wat op grond van bekering plaasvind, moet in alle Christene se lewens na ’n onmiskenbare ervaring van *heiligmaking* lei. Die behoefte hieraan word duidelik in die Evangelies deur die Here Jesus aan sy dissipels gestel, en ook in al die ander boeke van die Nuwe Testament beklemtoon. Wanneer hierdie geestelike behoefte goed begryp word, sal die vereiste van vervulling met die Heilige Gees erken en met oorgawe deur meer Christene gesoek word.

Heiligmaking as ’n verdere genadewerk ná regverdigmaking is ’n noodsaaklike belewenis in ’n Christen se geestelike lewe. ’n Gebrek hieraan lei na ’n lewe waarin die ou natuur – hoewel in beginsel afgelê (Gal. 5:24) – nie in die praktyk gekruisig is nie en die persoon dus ook nie met die Heilige Gees vervul is nie. Die gevolg hiervan is dat die werke van die ou, vleeslike natuur dominant bly in sy lewe. Dit manifesteer in gesindhede soos oorheersing deur die eie-ek, geestelike arrogansie en meerderwaardigheid, materialisme, wêreldgesindheid, ’n kritiese en veroordelende gees teenoor ander Christene, geestelike onvrugbaarheid, verkeerde prioriteite, en ’n lewe van val en opstaan.

Die behoefte aan *heiligmaking* in die kinders van God se lewens word telkens in die Bybel genoem. Begrippe wat direk hiermee in verband staan, is die *vervulling* of *salwing met die Heilige Gees, dissipelskap, vrugte dra wat by die bekering pas* en *geestelike volwassenheid.* Die volgende is sommige van die duidelikste stellings oor die behoefte aan heiligmaking, en dit vorm die basis vir voortgaande bespreking in die boek:

Die eie-ek in die dissipels se lewens

Die dissipels het ’n ooglopende behoefte aan die vervulling met die Heilige Gees getoon omdat hulle so vervuld was van hulleself. Jesus het hulle hierop gewys toe hulle onder mekaar geredeneer het oor wie die grootste en belangrikste onder hulle was (Luk. 22:24-26; Matt. 20:27-28). Ook het hulle verkeerdelik gemeen dat hulle uit eie krag getrou aan die Here Jesus kon bly en Hom nie sou verloën nie. Petrus het egter vir Christus in dieselfde nag drie maal verloën nadat hy uit eie krag gesê het dat hy dit nie sou doen nie (Matt. 26:33-35).

Die gebrek aan geestelike vrug

’n Verdere aanduiding van ’n behoefte aan heiligmaking is die gebrek aan geestelike vrug in ’n persoon se lewe. Hy is soos ’n boom wat wel leef, maar geen vrug dra nie. Ons het ’n definitiewe opdrag tot vrugbaarheid: “Dra dan vrugte wat by die bekering pas” (Matt. 3:8). Jesus het gesê: “Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem [die Vader] weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon sodat dit meer vrug kan dra” (Joh. 15:3).

Die behoefte aan die krag van die Heilige Gees

Jesus het die dissipels beveel om nie met die opdrag van evangelisering te begin voordat hulle met die instaatstellende krag van die Heilige Gees vervul sou wees nie: “En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle, maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte” (Luk. 24:49). Dit sou hulle bekwaam maak om die wêreld in die Naam van Jesus Christus aan te spreek: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8). Gelowiges wat nie met hierdie krag beklee is nie, kan nie in die betoning van Gees en krag getuig nie, daarom is hulle prediking niks meer nie as oorredende woorde van menslike wysheid (1 Kor. 2:4).

Oorwinning oor versoekings

Die Here Jesus het gesê: “Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig maar die vlees is swak” (Matt. 26:41). Om heilig te kan lewe en sonde en versoekings te oorwin, moet ons altyddeur waak en bid. Sodoende bly ons voortdurend in Christus en Hy in ons. Ons word voor die nadruklike uitdaging gestel om toegewyd te leef en oor versoekings en vleeslike swakhede te triomfeer. Sonder ’n verbintenis tot heiligheid sal ons nie daartoe in staat wees nie.

’n Nuwe ingesteldheid ten opsigte van sonde en diensbaarheid

Heiligmaking vereis ’n vasberade ingesteldheid téén sonde en vír God se geregtigheid. Paulus sê: “So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here … Nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe” (Rom. 6:11, 22). Ons moet dus voortdurend sorg dat ons nie aan hierdie wêreld gelykvormig word nie, maar verander word deur die vernuwing van ons gemoed sodat ons God se wil kan ken en ook van harte sal doen.

Die voortgesette afsterwing van die werke van die vlees

Die vlees, of ou natuur van die mens, onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie (Rom. 8:7). Daar is net een raad met hom, en dit is dat hy gekruisig moet word. As die vlees nie aktief en doelbewus gekruisig word nie, sal hy jou aftrek in die verdoemenis in. “As julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe” (Rom. 8:13). Ek moet my daagliks vereenselwig met die kruis van Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld (Gal. 6:14). Selfs volwasse Christene wat reeds op die weg van heiligmaking gevorder het, word deur Satan versoek om opnuut vleeslike begeertes te begin najaag, bv. rykdom en selfverheffing. Ons verbintenis tot heiligmaking moet dus gereeld herbevestig en hernu word.

Die verlammende gevolge van vleeslikheid

’n Vleeslike ingesteldheid het ’n hoogs verlammende effek op Christene en lê enige moontlikheid van geestelike groei aan bande. Die apostel Paulus het aan die sukkelende, vleeslike Korinthiërs gesê: “En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?” (1 Kor. 3:1-3).

Mense groei nie vanself uit hierdie toestand van vleeslikheid nie. Hulle moet ’n doelbewuste, volle oorgawe maak waarin die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede, met al sy eiesinnigheid en soeke na selfverheerliking, oorgelewer word om gekruisig te word.

Geestelike onvolwassenheid

Die algemene verskynsel van geestelike onvolwassenheid onder kinders van die Here beklemtoon die behoefte aan heiligmaking en groei baie sterk. Hiersonder is ’n persoon onbruikbaar in die diens van die Here en het ook nie die geestelike onderskeidingsvermoë om dwalings te kan identifiseer nie. Paulus sê ons moet toeneem in die ware kennis van Christus en nie soos kinders wees wat maklik beïnvloed word deur verkeerde denkrigtings nie (vgl. Ef. 4:13-14).

Deur heiligmaking vorder jy op hierdie pad tot op die punt waar jy self andere uit die Woord van God kan leer. Deur ’n gebrek aan heiligmaking en geestelike groei sal jy nooit hiertoe in staat wees nie (vgl. Heb. 5:12-6:1).

Die hindernis van die oue mens

Die rede waarom Christene nie outomaties opgroei tot geestelike volwassenheid en oorwinning nie, is omdat die struikelblok van die oue mens, met ander woorde hulle ou, sondegeneigde natuur, eers uit die weg geruim moet word voordat hulle ongehinderd volgens die nuwe mens sal kan leef. Gelowiges word vermaan: “… dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Ef. 4:22-24). ’n Ondubbelsinnige oorgawe is hiervoor nodig.

Die behoefte aan ’n verdere genadewerk

Die verdere genadewerk staan in verband met ’n heilige lewe, en volg op die eerste genadewerk

van reiniging en wedergeboorte. Jesus Christus het Homself vir altwee hierdie genadewerkinge aan ons oorgegee: “Christus [het] ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27). Christus het Homself nie net vir ons redding oorgegee nie, maar ook vir ons heiligmaking.

Vervulling met die Heilige Gees

Die verdere genadewerk word ’n werklikheid deur die vervulling met die Heilige Gees. Hiervoor moet ons ’n oorgawe maak waarin ons van alle oorheersing deur sonde in ons lewe afstand doen en onsself aan die volle heerskappy van die Heilige Gees toevertrou: “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul” (Ef. 5:18). Hierdie oorgawe moet ook ’n lewenswyse word: “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16).

’n Strewe na volmaaktheid

Die apostel Paulus sê: “Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry … sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word … Nie dat ek al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp” (Fil. 3:7-12).

Paulus was nie volmaak nie; hy was in ’n proses van vervolmaking. Hiervoor is daar twee dinge nodig: (1) ’n bewustelike aflegging van die ou lewe en alles wat die wêreld aan jou bied, en (2) ’n proses waarin jy toenemend aan die opstandingslewe van Jesus Christus gelykvormig word. Die beoefening en najaag van die nuwe lewe is wesenlik wat die proses van heiligmaking behels.

Die uitleef van hemelse beginsels

In die lig van ons hemelse burgerskap moet ons heilig en afgesonderd in hierdie verdorwe wêreld leef. Mense wat volgens die eerste beginsels van die vlees en die wêreld leef, kwalifiseer nie om eendag hemel toe te gaan nie. Paulus sê: “Julle is getuies, en God, hoe heilig en regverdig en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo, hoe ons, soos julle weet, net soos ’n vader sy kinders, elkeen van julle vermaan en bemoedig het en betuig het dat julle waardiglik moet wandel voor God wat julle tot sy koninkryk en heerlikheid roep” (1 Thess. 2:10-12).

Met die oog op die naderende wederkoms en ons persoonlike ontmoeting met die Here Jesus moet ons onsself van al die sondige praktyke van die wêreld distansieer en die heiligmaking najaag, waarsonder niemand die Here sal sien nie (Heb. 12:14). Hy wat die hoop op Jesus se wederkoms het en homself hierop voorberei, “reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:3).

’n Lewe van aflê en beklee

Ná bekering moet ons deur die heiligmaking voortgaan om oorblywende aspekte van die ou lewe af te lê en ons toenemend met die nuwe lewe te beklee. Saam met die Christene in Kolosse kry ons die pertinente opdrag: “Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het … Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ’n klag het … En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is” (Kol. 3:8-14).

Die behoefte aan volkome heiligmaking

Ná ons aanvanklike heiligmaking tydens redding (dit is die eerste reiniging van ons sondes), het ons as Christene ook nodig om met die Heilige Gees vervul te word en sodoende deur die Here met die krag tot volkome heiligmaking beklee te word: “En mag Hy, die God van die vrede, julle

volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen" (1 Thess. 5:23-24).

Dit is net die Here wat ons "harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus" (1 Thess. 3:13). Dit vereis egter ook getrouheid en gehoorsaamheid van ons kant af om die Here op hierdie nuwe en lewende weg te volg en van harte te dien.

Die versaking van wêreldse begeerlikhede

Die genade van die Here wat tydens bekering aan ons gebied word, lei en verbind ons daartoe om ná ons redding 'n heilige en vroom lewe te leef in afwagting op die Here Jesus se wederkoms: "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus" (Tit. 2:11-13).

Implisiet in die genade van die Here, is benewens die saligmakende krag daarvan, ook 'n oproep tot 'n lewe van godsvrug en heiligheid.

Die motivering vir 'n heilige lewenswandel

Die motivering vir heiligheid is geleë in die karakter en wil van God self, wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig: "Soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig word" (1 Pet. 1:15). Dit is sy uitdruklike wil vir ons lewe: "… dit is die wil van God: julle heiligmaking … Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het" (1 Thess. 4:3, 7-8). In die lig hiervan, sê Petrus, moet ons alle boosheid, bedrog, geveinsdheid, afguns en kwaadpratery aflê, en sterk verlang na die onvervalste melk van die Woord (1 Pet. 2:1-2).

Die struikelblok van die wêreld

Dit kom op geestelike ontrouheid teenoor die Here neer om met die wêreld en sy sonde kompromie te maak: "Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God" (Jak. 4:4). Die wêreld moet verloën word. Ons kan nie wêreldse gewoontes en beginsels met 'n lewe van heiligmaking versoen nie (1 Joh. 2:15-17).

Die reël van oorwinning oor sonde

Die grondreël van die Christen se lewe in hierdie bose wêreld is dat hy aan die Here getrou moet bly deur nie te sondig nie. As hy wel sondig, is dit 'n ramp in sy lewe. Dit kan weer vergewe word, maar weens die skade en skande daarvan behoort sonde deur 'n heilige lewe voorkom te word: "My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, *dat julle nie moet sondig nie;* en as iemand gesondig het, ons het 'n voorspraak by die Vader, Jesus Christus die Regverdige" (1 Joh. 2:1; my beklemtoning).

Die werke wat die bewys van 'n ware geloof is

'n Oorgawe tot heiligmaking bring ons by die regte geestelike ingesteldheid om die vrug van die Gees in ons lewens te laat gedy. Hierdie werke is die bewys van 'n ware geloof. Jakobus sê dat die geloof sonder werke dood is (Jak. 2:14, 26). Dit is nie werke hierdie wat jy vír die Here doen nie, maar werke wat Hy déúr jou doen. Jy moet net 'n oop kanaal wees waardeur die Heilige Gees kan werk. Sonder werke van hierdie aard gaan jy 'n onseker toekoms tegemoet. Jy is dan óf ongered met 'n dooie geloof, óf jy is nog net by die toetreepunt van die geloofslewe en sal eendag as gevolg van jou onvrugbare lewe met leë hande voor die Here staan – gered asof deur vuur heen (1 Kor. 3:15).

Toenemende heiligmaking

Heiligmaking is 'n dinamiese proses wat ook in sy omvang en intensiteit moet toeneem. Petrus

sê dat ons voortdurend moet groei in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus (2 Pet. 3:18). Een van die laaste opdragte aan die kerk het op toenemende heiligheid en diensbaarheid betrekking: “Laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:11-12).

Volharding in die suiwer leer

Heiligmaking vereis dat ’n persoon in die gesonde leer van die Bybel sal volhard en die kompromiemakers en afvalliges in liefde sal teregwys en vermaan: “Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ’n evangelis; vervul jou bediening” (2 Tim. 4:2-5).

Die afvalliges en vleeslikes moet hulle verootmoedig: ’n Broeder wat van die waarheid afgedwaal het, moet vermaan word en hom uit sy dwaalweë bekeer (Jak. 5:19).

Aanhoudende vermaning teen verval

Met leerstellige verval gaan daar ook geloofsverval en morele verval gepaard. Dit kan alles toegeskryf word aan die verleiding van Satan, waaraan sommige mense toegee. Wanneer ander Christene hierdie verwoestende verskynsel in ’n broeder se lewe opmerk, moet hulle hom ernstig vermaan en oproep tot ’n nuwe oorgawe vir geestelike herstel en heiligmaking: “Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ’n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Heb. 3:12-13).

Hoe moet daar teen ’n broeder of suster opgetree word wat in die sonde geval het? Hulle moet beslis nie summier veroordeel, geïgnoreer of verdoem word nie, want enigeen kan dalk in dieselfde situasie beland. Sulke persone moet gehelp word: “Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie” (Gal 6:1).

Ons moet altyd waak teen oorgerustheid en selfregverdiging, want diegene wat meen dat hulle altyd staande sal bly, moet oppas dat hulle nie ook versoek word en dalk tot ’n val kom nie (1 Kor. 10:12).

Die probleem van teruggevalle Christene

Die heel eerste geestelike bate wat ’n teruggevalle Christen verloor, is sy heiligmaking. Deurdat hy aan die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede toegee, gaan hy willens en wetens onder die beheer van die Heilige Gees uit en begin om weer onder die mag en invloed van die vlees te lewe. Die Galásiërs het ná ’n goeie begin leerstellig veragter en in die mag van die vlees geëindig: “O, onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie? … Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?” (Gal. 3:1, 3).

Wanneer ’n mens in hierdie toestand verval het, beland jy in ’n geestelike skaakmatposisie. Jy kan nie meer jou goeie voornemens uitvoer nie, omdat die vlees (jou ou, sondige natuur) weer ’n vastrapplek en ’n groot mate van beheer in jou lewe gekry het en ’n ernstige struikelblok in jou geestelike lewe is: “Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17).

Die gevolge van geestelike veragtering

Verskeie van die werke van die vlees begin weer in ’n teruggevalle persoon se lewe te manifesteer. Dit kan hoogmoed, geldgierigheid, arrogansie, onbeheerde of perverse seksualiteit, buite-egtelike verhoudings, leuens, woede-uitbarstings, lastertaal, drankmisbruik of verskeie ander sondes wees. Hieruit sal dit vir almal duidelik wees dat die betrokke persoon nie meer

heilig lewe nie. Daar is ook mense wie se verval nie die vorm van selfverheffing aanneem nie, maar eerder tot uiting kom as selfbejammering en verbitterdheid: "… en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie. Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het" (Heb. 12:15-16).

Baie mense wat in die genade veragter en hulle heiligmaking verloor het, raak verbitterd oor wat met hulle gebeur het. Hulle kan teen omstandighede verbitterd raak, teen ander mense, en selfs teen God, vir wie hulle ook vir hulle teëspoede en probleme blameer. Hierdie negatiewe gedagtes word in gesprekke op ander oorgedra, en sodoende trek hulle ander mense af en besoedel hulle geestelik. Hoereerders en kompromiemakers beklad nie net hulle eie lewens nie, maar benadeel ook die naam van die Christendom en ontmoedig jong gelowiges om die goeie stryd van die geloof te stry.

Paulus sê vir Timótheüs dat hy "aan die geloof en 'n goeie gewete moet vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely" (1 Tim. 1:19). Volharding is nodig, "want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou" (Heb. 3:14). Paulus sê ook vir die Kolossense dat hulle gegrond en vas moet bly in die geloof en hulle nie van die hoop van die evangelie moet laat afbring nie (Kol. 1:23).

Die uitweg uit 'n toestand van geestelike verval is terug na Christus, waar jy al jou sondes moet bely en laat staan. Die verlore seun het dit gedoen, en is volkome herstel. Gereinig deur die bloed van die Lam, kan jy opnuut om die vervulling met die Heilige Gees bid. Dawid, wat ook in 'n stadium teruggeval het, het sy sondes bely en om volkome herstel gebid (lees Ps. 51).

Dit is noodsaaklik dat daar 'n uitreiking na teruggevallenes moet wees, want daar is baie sulke mense in die samelewing. Hulle moet so gou as moontlik geestelik herstel en deur goeie onderrig in die leer van heiligmaking bevestig word. Vleeslike Christene is kandidate vir teruggevallenheid omdat hulle lewens nie onder die beheer van die Heilige Gees is nie (vgl. 1 Kor. 3:1-4). Geestelike onderskeidingsvermoë en die nodige krag tot oorwinning ontbreek nog in hulle lewens.

Ons het 'n groot behoefte aan heiligmaking en oorwinning in ons lewe! Dit is die rede waarom almal van ons die opdrag het om ná ons bekering te wag op die Here totdat ons met krag uit die hoogte toegerus is (Luk. 24:46-49; Hand. 1:8). Deur 'n oorwinnende lewe word die Here geëer en sy koninkryk op aarde uitgebrei.

2. Die Stryd Teen Vleeslikheid

Baie Christene leef in ’n toestand van vleeslikheid voort deurdat hulle nie streef na ’n lewe van oorwinning in die krag en onder leiding van die Heilige Gees nie. Die gevolg hiervan is dat die eienskappe van die vlees oorheersend in hulle lewe bly en alle moontlikheid van geestelike groei uitskakel. Hulle bly klein kindertjies in die Here wat as gevolg van hulle beperkings en tekortkomings onbevoeg is om geestelike werk te doen. Hulle vertoon nie die vrug van die Gees nie en word deur verdorwe menslike emosies soos selfgesentreerdheid, twis, jaloersheid en tweedrag gekenmerk. Hierdie ernstige probleem word deur Paulus aangespreek in sy uiteensetting van drie kategorieë van mense.

Wat die eerste twee kategorieë betref, onderskei Paulus só tussen ongelowiges en gelowiges: “Die *natuurlike mens* neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. Maar die *geestelike mens* beoordeel wel alle dinge …” (1 Kor. 2:14-15; my beklemtoning).

Uit 1 Korinthiërs 2:14-15 kan dit gesien word dat daar basies twee groepe mense op aarde is. Die eerste groep is die *natuurlike mense* wat nog ongered is en volkome deur hulle gevalle natuur en verduisterde gemoed oorheers word. Hierteenoor is daar die *geestelike mense* wat gered is en ook deur die Gees van God vervul en gelei word. Volgens 1 Korinthiërs 2:16 het hulle die sin van Christus, met ander woorde geestelike insig en verligte oë van die verstand om die dinge van die Here te kan verstaan (Ef. 1:17-18).

Hierbenewens identifiseer Paulus egter ook ’n tussengroep in die gemeente: “En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met *vleeslike [mense]*, soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?” (1 Kor. 3:1-3; my beklemtoning).

Wanneer Paulus hom spesifiek tot die gemeente in Korinthe rig, spreek hy hulle nie as *natuurlike mense* aan nie omdat hulle, met die uitsondering van ’n paar vals broeders, wel ’n getuienis van redding gehad het. Hy beskryf hulle as ‘broeders in Christus’. Paulus spreek hulle egter ten spyte van hulle Christenskap nie as *geestelike mense* aan nie, maar as *vleeslike mense.* Hulle het nog nie die geestelike beginsels van die nuwe lewe verstaan en uitgeleef nie. Hulle val in die derde kategorie.

Die vleeslikes

Hoe moet hierdie derde kategorie van vleeslike Christene beoordeel word? Dit is ’n baie groot probleem hierdie, want in die Nuwe Testament word vleeslike mense meesal as sondaars beskryf wat op pad is hel toe.

Die vlees is ongetwyfeld die gevalle, sondegeneigde natuur van die mens. Dit is tot in sy kern verrot en kan glad nie gerehabiliteer word nie, maar moet doodgemaak word. In Bybelse taal moet die vlees gekruisig word (Gal. 5:24). Die mag daarvan moet gebreek word, sodat die persoon deur die Gees gelei en beheer kan word.

Hoe is dit dan moontlik dat Christene onder die mag van die vlees kan leef? Dit is ’n aanduiding van een van twee probleme in hulle lewe: Hulle het óf nagelaat om ’n volle oorgawe te maak waarin die ou natuur vir kruisiging oorgelewer word sodat hulle met die Heilige Gees vervul kan word, óf hulle het, soos die Galásiërs, teruggeval deur in die Gees te begin en in die vlees te eindig (Gal. 3:3). Hulle is dus óf gestagneerde óf teruggevalle Christene. Die Korinthiërs het duidelik in ’n vroeë stadium geestelik gestagneer.

Die feit dat hierdie Christene vleeslik was, was ’n groot hindernis vir die praktiese uitleef van hulle getuienis na buite. Dit het hulle daarvan weerhou om geestelike mense, met ander woorde Geesvervulde Christene, te wees.

Die hele kerkbedeling is gekenmerk deur groot getalle vleeslike Christene wat ’n lae profiel gehou het deurdat hulle nie die vrymoedigheid gehad het om getuies vir Christus te wees nie. As

gevolg hiervan was hulle nie by evangelisasie betrokke nie en dus nie ’n geestelike bate vir die gemeentes waaraan hulle behoort het nie. Op morele gebied het hulle ook nie aan Bybelse standaarde voldoen nie en het daarom nie in alle opsigte voorbeeldige lewens gelei nie. Hulle het verdeelde harte gehad wat as vleeslik of lou beskryf kan word.

Een van die bekendste heiligheidspredikers in Suid-Afrika was dr. Andrew Murray. In sy boek, *Algehele oorgawe* (sesde druk, 1972:27-41), is daar onder andere ’n boodskap getiteld *Vleeslik en geestelik*. Hy het hierdie boodskap in die herlewingstyd gebring, en dit het baie mense in Suid-Afrika en Engeland gehelp om die oorwinnende lewe onder die leiding van die Heilige Gees deelagtig te word en uit te leef. Die kern van Murray se boodskap oor vleeslikheid word onder die volgende vier hoofpunte weergegee:

1. Vleeslikheid gaan gepaard met ’n gebrek aan geestelike insig

Paulus het gevrees dat sy prediking in Korinthe sonder vrug sou wees indien hy met mense wat nie geestelik was nie, oor geestelike sake sou praat. Hierdie gemeentelede was Christene, ware Christene, maar soos klein kinders in Christus. Daar was ’n ernstige gebrek in hulle geestelike lewe, want hulle was vleeslik. Paulus het gesê dat hy nie geestelike waarhede aan hulle kon verkondig nie, want hulle sou dit nie begryp nie. Dit was nie omdat hulle dom was nie; hulle was denkende mense en het baie kennis gehad, maar hulle was nie in staat om geestelike onderrig te begryp nie omdat hulle vleeslik was.

Murray (1972:32-33) brei só oor die gevolge van vleeslikheid uit:

“Daar is honderde Christene wat honger en dors na die Woord, wat daarna luister en sê: ‘Watter heerlike waarhede, watter duidelike leerstellings, watter wonderlike uiteensettings van God se Woord!’, en tog word hulle nie een enkele tree vorentoe gehelp nie; of hulle word vir twee of drie weke gehelp, en dan verdwyn die seën weer. Wat is die rede hiervoor? Daar sit ’n kwaad aan die wortel: die vleeslike toestand verhinder die siel om geestelike waarhede in te neem en uit te leef. Ek is bevrees dat ons dikwels in ons kerke ’n groot fout begaan om aan vleeslike Christene te verkondig wat alleen vir geestelike mense geskik is. Hulle vind dit baie mooi, vat dit met hulle verstand en verlustig hulle daarin, en nogtans bly hulle lewens onveranderd in weerwil van die geestelike onderrig wat hulle ontvang. As daar een ding is wat elkeen van ons God gedurig voor moet bid, dan is dit: “Here, verhoed tog dat ek geestelike onderrig in ’n vleeslike hart sal opneem.” Die enigste bewys dat u ’n seën ontvang, is dat u uit die vleeslike toestand oorgebring sal word in die geestelike. God is gewillig om dit te doen. Laat ons daarom bid en dit in die geloof aanneem.”

Die gebrek aan geestelike insig en onderskeidingsvermoë word ook deur Paulus aan die gemeente in Éfese verduidelik. Vir hulle sê hy dat ons almal uit die wankelende en onkundige kinderstadium moet opgroei “tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering” (Ef. 4:13-14). Ons moet dus nie passief terugsit ná ons bekering nie, maar deur ernstige Bybelstudie die dieper waarhede in God se Woord ontdek en in ons lewens toepas. Daar is ’n hoë roeping in Christus.

2. Vleeslikheid is ’n toestand van verlengde geestelike onvolwassenheid

Baie mense is lank gelede gered en moes nou al ’n jong man of vrou in Christus gewees het, maar hulle is nog steeds klein kindertjies in Christus. Paulus sê: “Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spyse nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie.” ’n Klein kindjie is baie mooi, maar as hy na ’n paar maande nie groter word nie, sal sy ouers onraad merk en vermoed dat hy ’n ernstige kwaal het. Kindskap op sy regte tyd is die mooiste ding in die wêreld, maar kindskap wat te lank duur, word ’n las en ’n oorsaak tot droefheid – ’n teken van siekte. Dit was die toestand van baie van daardie Christene in Korinthe – hulle het babas gebly in die geloof.

Murray (1972:29) sê: “’n Kenmerk van ’n baba is dat hy homself nie kan help nie en dus ook nie andere kan help nie. Dit is die lewe van baie Christene. Hulle maak van die predikante geestelike verpleegsters van babas. Dit is ’n ernstige saak dat daardie geestelike babas hulle predikante al die tyd besig hou om hulle te versorg en te voed, en nooit help hulle hulself nie.

Hulle weet nie hoe om hulleself uit die Woord van Christus te voed nie, en nou moet die predikant hulle voed. Hulle weet nie wat dit is om met God in aanraking te kom nie, en die predikant moet vir hulle bid. Hulle weet nie wat dit beteken om te lewe soos mense wat ’n God het om hulle te help nie, en wil maar altyd net versorg word. Pas op dat dit nie die rede is waarom u na ’n konferensie of ’n kerk toe gaan, sodat u verpleegsters vir u geestelike voedsel moet voorsit nie. Prys die Here vir die verkondiging van die evangelie en vir die gemeenskap van die gelowiges, maar daar moet groei en ontwikkeling wees sodat ons ook andere kan help.

“As ’n klein kindjie, ’n geestelike baba van drie maande, vleeslik is en nie heeltemal goed weet wat sonde is, en nog nie oorwinning daaroor het nie, dan is dit nie iets om oor verwonderd te wees nie. As ’n man egter jaar ná jaar in dieselfde toestand voortleef en altyd deur die sonde oorheers word, dan is daar iets radikaal met sy geestelike lewe verkeerd. Niks kan ’n kindjie in voortdurende kindskap hou as net een of ander soort kwaal nie. As ons gedurig moet sê: ‘O God, ek is nie geestelik nie,’ laat ons dan tog liewer sê: ‘O God, ek is vleeslik. Ek verkeer in ’n sieklike toestand en wil graag daaruit verlos word’.”

In die brief aan die Hebreërs word hierdie tipiese onvolwasse geestelike toestand raak beskryf (lees Heb. 5:12-6:1). Ons wat Christus leer ken het, moenie ná ons redding stagneer nie, maar opgebou word in die geloof.

3. Vleeslikheid is ’n toestand waarin sonde en mislukking die botoon voer

Watter bewyse voer Paulus aan dat hierdie mense vleeslik was? Hy beskuldig hulle van verkeerde gesindhede en dade: “Want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie?” Hulle tree net soos die ander mense op en nie soos mense wat nuut gemaak is en in die liefde en krag van die Heilige Gees lewe nie.

Ons weet dat God ons liefhet, dat Hy in die lig woon en dat liefde die groot gebod is. Die kruis van Christus is die bewys van God se liefde, en liefde is ook die eerste en belangrikste vrug van die Heilige Gees. Wanneer mense toegee aan hulle humeur, hoogmoed, jaloersheid en tweedrag, en wanneer hulle kwaadspreek en nie ander volkome kan vergewe nie, is dit alles die vrugte van die vlees. Elke stukkie liefdeloosheid is niks anders nie as die vlees. Die vlees is selfsugtig, hoogmoedig en liefdeloos, daarom is elke sonde teen die liefde niks anders as ’n bewys dat die persoon vleeslik is nie.

Jy sê: “Ek het dit probeer oorwin, maar ek kan nie.” Dit is juis die saak wat ek wil beklemtoon. Moenie probeer om geestelike vrugte te dra solank jy nog in ’n vleeslike toestand is nie. Jy sal dit nie kan doen nie, “want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17).

Ons vleeslike natuur is nie alleen die oorsaak van liefdeloosheid nie, maar ook van so baie ander sondes. Dink maar aan wêreldgesindheid en die liefde vir geld: wat mense alles sal doen om ryk te word; en ook die najaag van weelde, genot en ’n hoë posisie. Wat is al hierdie dinge anders as die vlees? Dit bevredig die vlees en is presies waarin die wêreld hom verlustig. Die vleeslike toestand word deur sinlikheid en die krag van die sonde in mense se lewens bewys.

Murray (1972:31) sê: “’n Persoon het my oor sy gebrek aan liefde vir gebed geraadpleeg. Hy wou weet hoe hy die beoefening van liefdevolle gemeenskap met God deelagtig kon word. My antwoord was: ‘My broeder, dit kan hoegenaamd nie bereik word nie, totdat u ontdek dat dit buite die vleeslike toestand moet geskied. Die vlees kan hom nie in God verlustig nie; dit is u probleem. U moet nie ’n besluit neem, of in u dagboek skryf: ‘Ek gaan meer bid’ nie. U kan dit nie forseer nie. Lê die byl aan die wortel van die boom en kap die vleeslike siel uit. U kan dit nie self uitkap nie, maar laat die Heilige Gees van God met die veroordeling van sonde kom en gee uself oor om saam met Christus gekruisig te word, dan sal die Gees van God volle beheer van u oorneem. Hy sal u leer om God lief te hê, om gebed lief te hê, om u naaste lief te hê, en u sal dan nederig en hemelsgesind wees.’ Die vleeslike toestand is die wortel van elke sonde.”

Geestelike groei vind slegs plaas nadat die struikelblok van vleeslikheid geïdentifiseer en uit die weg geruim is. Moenie met hierdie toestand vrede maak en so voortleef nie.

4. Die vleeslike toestand kan naas groot geestelike gawes bestaan

Onthou, daar is ’n groot verskil tussen geestelike gawes en geestelike gesindhede, en dit is wat baie mense nie verstaan nie. Onder die Korinthiërs was daar baie wonderlike geestelike gawes aanwesig. Paulus prys hulle dat hulle in geen enkele genadegawe tekort skiet nie. In 1 Korinthiërs 13 praat hy van die gawes van profesie, en van die geloof wat berge kan versit, en van kennis, maar hy sê vir hulle dat hierdie dinge hulle niks sal baat as hulle nie die liefde het nie. Hulle het hulle in die gawes verlustig maar hulle nie oor gesindhede bekommer nie. Paulus wys aan hulle ’n nóg uitnemender weg: om te leer om lief te hê en nederig te wees, want liefde is die uitnemendste van alle dinge.

’n Baie ernstige saak om oor na te dink, is dat iemand die gawe van profesie mag besit, dat hy ’n getroue en suksesvolle werker in een of ander werkkring mag wees, en dat hy tog deur sy skerp oordeel en die hoogmoed wat hy vertoon, asook op ander maniere, bewys mag lewer dat hy ten spyte van al sy gawes nog ’n gebrek aan geestelike gesindhede het. O, pas tog op dat Satan jou nie deur dié gedagte bedrieg nie: “Maar ek werk vir God en Hy seën my. Ander mense sien na my op en ek is die persoon deur wie hulle gehelp word.”

Die feit dat ’n vleeslike Christen sekere gawes mag hê en sukses bereik, behoort ons tot ernstige nadenke te stem. Die voorspoedigste persoon moet homself afvra: “Gee ek nie miskien, ná alles wat God se Gees as ’n gawe in my gewerk het, deur my gebrek aan nederigheid of liefde of reinheid of heiligheid toe aan die vlees nie?” Mag God ons om sy Naam ontwil deursoek en toets.

Die oplossing

Die oplossing vir die probleem van vleeslikheid begin daar waar ’n mens tot die besef kom dat daar oorwinning is oor sonde en vleeslikheid. Dit ís vir ons moontlik om elke dag onder die leiding van die Heilige Gees te lewe. Die Here sê in sy Woord dat sy liefde in ons harte uitgestort word deur die Heilige Gees. Hy beveel ons ook om met die Heilige Gees vervul te word en dit die krag van ons hele lewe te maak: “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16). Dit is die lewe waartoe God ons roep en waarvoor Christus ons vrygekoop het. Nadat Hy sy bloed aan die kruis gestort het, het Hy na die hemel toe gegaan om die Heilige Gees in sy volheid oor ons uit te stort.

Glo in die krag van die bloed van Christus om jou te reinig, en ook in die krag van die verheerlikte Christus om sy Gees in jou hart te gee; dan het jy die eerste stap in die regte rigting gegee. Al voel jy ook hoe ellendig, hou aan die Here Jesus vas. Hy kan jou met sy Gees vervul, want sy Woord het jou gebied: “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul” (Ef. 5:18).

Die vervulling met die Heilige Gees is ’n dieper genadewerk. By ’n mens se bekering oortuig die Heilige Gees jou van jou verlore toestand, van die afskuwelikheid van sonde, en veral van die skuld van die sonde en die straf daarvoor. In daardie stadium is daar maar ’n geringe besef van jou verborge, innerlike sondes en van die ou natuur wat as die oorsaak daarvan gekruisig moet word. Die volle besef hiervan kom meesal eers ’n tyd ná ’n persoon se bekering baie sterk by hom op.

Wanneer die innerlike stryd tussen die vlees en die Gees die Christen tot teleurstelling en wanhoop dryf oor sy vleeslikheid, kom hy noodwendig voor die uitdaging te staan om die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede oor te lewer om gekruisig te word. In die plek daarvan word hy deur die Heilige Gees met die natuur van die Here Jesus beklee. Wanneer hy hierdie stap doen, word hy ’n geestelike Christen.

Daar is ongelukkig baie wanopvattings oor hoe om van ’n vleeslike na ’n geestelike Christen oor te gaan. Sommige mense meen dit is ’n geleidelike proses waardeur almal van ons gaandeweg na ’n toestand van geestelikheid opgroei. Dit is egter nie so nie. Eers moet die probleem van vleeslikheid uit die weg geruim word, en dan sal daar groei na geestelike volwassenheid plaasvind.

Die oorgang van vleeslikheid tot geestelikheid behels ’n geloofstap wat gedoen moet word. Die

Christen moet sy vleeslikheid voor God bely, asook al die manifestasies daarvan, soos sondegeneigdheid, hoogmoed, liefdeloosheid, biddeloosheid, dubbelhartigheid, ens. Vra die Here om dit te vergewe, jou van alle ongeregtigheid te reinig, en ook die verdorwe vlees in jou lewe te kruisig. Gereinig deur die bloed van die Lam, moet jy jouself ook oorgee om saam met Hom gekruisig te word vir die wêreld en die sonde (Gal. 6:14). Dan sal die pad oop wees om met die opstandingslewe van die Here Jesus beklee en deur sy Heilige Gees vervul te word. Hierna sal vinnige groei na geestelike volwassenheid plaasvind, omdat die struikelblok na ware geestelikheid uit die weg geruim is.

Voorts moet jy daagliks jou kruis van selfverloëning opneem en sorg dat die vlees nie weer ’n vastrapplek in jou lewe verkry nie. Jesus sê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg” (Luk. 9:23). Hoe doen ons dit? Paulus sê: “Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie” (Rom. 13:14).

Dit is die pad van geestelike oorwinning waartoe die Here elkeen van ons roep. Het jy die oorwinning oor sonde, die wêreld en die vlees al deelagtig geword? Vertrou die Here hiervoor en ervaar ’n wonderlike nuwe krag, blydskap, en godvrugtigheid in jou geestelike lewe. “Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees” (Rom. 8:1).

3. Die Eise van Dissipelskap

Dissipelskap en heiligmaking is sinonimies. Hierdie twee begrippe behels reiniging en afsondering vir die diens van die Here. Dit berus op ’n ooreenkoms waarin beide die ontvanger en die Gewer aan bepaalde voorwaardes verbind word. Die ontvanger moet homself verloën en sy kruis opneem, terwyl die Gewer beloof om aan sy dissipel die instaatstellende krag van die Heilige Gees te verleen. Die doel met hierdie ooreenkoms is om die evangelieboodskap deur getuies van Jesus te laat uitdra sodat die koninkryk van God op aarde deur die redding van siele uitgebrei kan word.

“En [Jesus] sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red. Wat baat dit ’n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen? Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele” (Lukas 9:23-26).

In Lukas 14:27 sê die Here Jesus: “En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.”

Daar moet dus ’n bepaalde kosteberekening vir dissipelskap gedoen word. Nadat ’n persoon vir Jesus Christus as Verlosser aangeneem het en wederbaar is, word hy onomwonde gekonfronteer met die eis van dissipelskap. Dit behels ’n verloëning van die self wat die eie-ek, of die ou, sondige natuur van die mens is. Dissipelskap kan eers ’n werklikheid word nadat die kruis van selfverloëning opgeneem is. In reaksie hierop sal die Here so ’n persoon vir sy taak toerus en vervul met die instaatstellende krag van die Heilige Gees.

Dit is belangrik dat elke gelowige die stap van dissipelskap of heiligmaking reg sal verstaan en dit ook daadwerklik sal beleef. Dit was die kern van Andrew Murray se prediking in Wellington toe daar meer as 100 jaar gelede herlewing onder gelowiges in sy gemeente uitgebreek het. Deur die werking van die Gees is lou, biddelose, kragtelose en onaktiewe Christene in brandende getuies vir die Here Jesus omskep. Spesiale bidure is gehou en dit het by die aanwesiges ’n groot ywer vir evangelisasie geskep. Hierdie herlewing wat begin het onder Christene wat hulle aan die eise van ware dissipelskap onderwerp het, het vinnig na ander gemeentes versprei.

Dit is opsigtelik dat die meeste Christene in hierdie moderne eeu nie die volle implikasies van dissipelskap en heiligmaking besef nie. Baie van dié wat dit wel begryp en hulle ook daarvoor beywer, slaag nie werklik in hulle doel nie. Dit is dus nodig om weer die Bybelse grondbeginsels daarvan te verduidelik.

’n Kontrak

Dissipelskap behels ’n kontrak tussen twee partye – daar is sekere dinge wat die ontvanger moet doen, en ook sekere dinge waartoe die Gewer Hom verbind. Die ontvanger is die voornemende dissipel: dit is die persoon wat die Here deur die krag van die Heilige Gees wil dien. Die Gewer is die Here Jesus wat gevolg en gedien moet word.

Verpligting van die ontvanger

Die opdrag aan die volgeling van Jesus is duidelik: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.” Eerstens moet die wil by jou aanwesig wees om die Here Jesus te dien en te volg. Jy moet ’n wilsbesluit neem waarin jy jouself tot sy beskikking stel. Sê vir Hom: “Hier is ek, Here, stuur my en gebruik my in u koninkryk. Ek is bereid om die evangelie van verlossing te deel met hulle wat dit nog nie gehoor of aangeneem het nie.”

Die voorwaarde wat aan die gewillige persoon gestel word, is dat hy homself moet verloën, sy kruis elke dag moet opneem en die Here moet volg. Dit is ’n ondubbelsinnige en baie belangrike opdrag hierdie: Verloën jouself; kruisig die eie-ek in jou lewe, daardie bedorwe, sondige natuur waarna die Bybel ook as die vlees verwys.

Hoe doen ’n mens dit? Jy maak ’n eerlike oorgawe waarin jy alle sonde en wêreldgesindheid aan die Here bely en die volle beheer van jou lewe aan die Heilige Gees toevertrou. Erken die nuttelоosheid van die vlees in die diens van die Here, hou op om daarop te vertrou, en doen daarvan afstand deur dit aan die Here te oorhandig. Jy moet bereid wees om saam met Christus te sterwe. Paulus sê: “Ek is met Christus gekruisig en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my” (Gal. 2:20).

Jy sal voortaan nie meer op jouself en jou eie vermoëns en prestasies roem nie, maar net in die Here Jesus alleen. Deur sy kruis is jy vir die wêreld en die ou lewe dood. Paulus sê: “Wat my betref mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld” (Gal. 6:14). Deur hierdie stap draai jy jou rug op die ou lewe. Deur ’n geestelike én verstandelike ingesteldheid moet jy reken [die vaste oortuiging hê] dat jy vir die sonde en die wêreld dood is (Rom. 6:11-13).

Belofte van die Gewer

Tydens ’n persoon se bekering ontvang hy *toegerekende geregtigheid* omdat hy sonder werke deur die geloof gered word – dit is ’n geskenk van God wat sonder enige verdienste aan sy kant aan hom toegereken word. Tydens sy oorgawe tot dissipelskap en heiligmaking word hy ’n medewerker van God. Die Here help hom om die struikelblok van die vlees te oorwin en verleen aan hom *meewerkende geregtigheid* wat die instaatstellende krag van die Heilige Gees is om suksesvol in ’n vyandige wêreld vir God te kan leef en werk. Gelowiges se aktiewe samewerking is op hierdie vlak nodig.

Die Here Jesus se opdrag aan sy dissipels was duidelik, naamlik dat hulle nie uit eie krag vir Hom moes probeer werk nie, maar dat hulle in Jerusalem moes bly totdat hulle met krag uit die hoogte toegerus is – dan eers sou hulle sy getuies in Judéa, Samaría en die hele wêreld kon wees. Dit was ook so. Ná Pinksterdag het hulle met groot vrymoedigheid en krag van Jesus Christus se reddende genade getuig: “Hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek” (Hand. 4:31).

’n Persoon moet eers sy bereidwilligheid vir hierdie tweede genadewerk te kenne gee en ook bereid wees om homself voor die Here te verootmoedig en alles op die altaar te lê. Die Here eer ’n volle oorgawe tot dissipelskap en heiligmaking. Hierdeur kry die Heilige Gees wat reeds in die kind van God woon, volle beheer oor sy lewe en kan Hy hom vorm en gebruik. Dié persoon word dan nie meer deur die vlees gelei nie, maar deur die Gees. Vinnige vordering na geestelike volwassenheid word gemaak terwyl hy in die genade en kennis van Christus toeneem. Hy word minder, terwyl die Here Jesus in sy lewe meer word. Die volle doel van sy bekering sal nou in ’n lewe van oorwinning en diensbaarheid verwesenlik word.

Gebrek aan selfverloëning

Wat gebeur as ’n persoon nie homself verloën en sy kruis opneem waaraan hy vir die wêreld en die wêreld vir hom gekruisig word nie? Hy is dan onbruikbaar in die diens van die Here. Jesus stel dit onomwonde: “Elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie” (Luk. 14:27).

Iemand wat nog nie hierdie oorgawe gemaak het nie, is vervuld van homself, van sý planne en sý idees. Hy verkondig net sy eie oortuigings en bevorder die saak van sý kerk of organisasie, waarin die koninkryk van Christus nie noodwendig die eerste prioriteit is nie. Hy wil erkenning hê vir alles wat hy bereik, en blaas ’n trompet voor hom uit om sy goeie dade bekend te maak.

Voordat die dissipels met die Heilige Gees vervul is, was hulle ook vervuld van hulleself en het gewonder wie van hulle die grootste in die koninkryk van God was (Matt. 20:20-28). Die vlees wil altyd voor in die ry staan en deur almal raakgesien word. As sy eer gekrenk word, is hy bitter ongelukkig daaroor. In sy hart verag en verwerp hy almal wat hom nie wil eer en ophemel nie, omdat hy voel dat hy nie kry wat hom toekom nie.

Waarom is só ’n persoon met ’n ongekruisigde vleeslike natuur onbruikbaar in die diens van die Here? “Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17). Christene wat nog onder die

heerskappy van die vlees is (vgl. 1 Kor. 3:1-3), is selfgesentreerd, vol twis, jaloersheid en tweedrag, en weens hulle geestelike onvolwassenheid nie bruikbaar as dissipels nie. Wanneer hulle wel die Woord verkondig, is dit nie in die betoning van Gees en krag nie, maar in oorredende woorde van menslike wysheid (1 Kor. 2:4). Dit is nutteloos, want dit oortuig mense nie van hulle sonde nie.

Dit is in ons tyd ’n algemene verskynsel dat mense met vleeslike motiewe die Christendom misbruik om hulle eie doel in die lewe te bereik. Hulle wil hulleself verryk en aansien in die samelewing verkry, en doen hulle dan as groot geestelike leiers voor wat die reg het om onaanvegbare uitsprake te maak. Die duiwel help sulke mense in hulle vleeslike veldtog omdat hulle in die proses duisende ander mense mislei, op ’n syspoor laat beland, en hulle selfs deur ’n vals evangelie na die verderf toe sleep (vgl. Gal. 1:6-8; 2 Kor. 11:4).

In die tyd van Jesus se aardse bediening het mense om ander redes van ware dissipelskap af weggeskram. Dit was in daardie tyd nie populêr om jouself ’n Christen en volgeling van Jesus te noem nie. Messiaanse Jode is vervolg en selfs deur hulle ouers onterf. Hulle aansien en finansiële sekuriteit was op die spel, dus was die kosteberekening vir dissipelskap hoog. Die Here Jesus het vir hulle gesê: “Elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red. Wat baat dit ’n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?” (Luk. 9:24-25). Hy het ook vir hulle gesê dat, as hulle hul gesinslede liewer gehad het as vir Hom, hulle Hom nie waardig was nie. Die vlees soek na sosiale erkenning en wêreldse rykdom – dit is nie op die ewige dinge van God ingestel nie en wil nie opofferings daarvoor maak nie.

Baie van die eerste eeuse bekeerlinge was skaam om dissipels van Jesus genoem te word, omdat die mense hulle gespot het. Om weens skaamte van Jesus af weg te skram, is ook ’n vleeslike reaksie omdat die natuurlike mens nie spot en veragting kan verduur nie. Die Here Jesus het gesê dat as mense hulle vir Hom skaam, Hy Hom ook vir hulle sal skaam wanneer sy koninkryk tydens sy wederkoms geopenbaar sal word (Luk. 9:26).

Wat ook al die omstandighede waaronder ons verkeer, daar is altyd ’n kosteberekening aan dissipelskap verbonde. Ek moet bereid wees om aansien en regte prys te gee en aan myself te sterf. As ek dit nie wil doen nie, dan diskwalifiseer ek myself om ’n ware dissipel van Jesus Christus te wees (Luk. 14:27).

Mislukte dissipels

Die rede waarom sommige mense se heiligmaking en oorgawe tot dissipelskap nie uitwerk nie, is omdat hulle nie begryp wat hulle volle verantwoordelikheid in hierdie verband is nie. Hulle besef nie dat hulle medewerkers van God in Christus Jesus is nie (1 Kor. 3:9), en dat hulle moet oppas hoe hulle op die fondament van bekering bou. Alle Christene word gewaarsku om nie met verganklike dinge, hout, hooi en stoppels, op die fondament Jesus Christus te bou nie (1 Kor. 3:10-15). Wanneer die najaag van dinge wat geen ewigheidswaarde het nie, die hoofdoel van hulle lewe geword het, is hulle mislukte dissipels wat eendag met leë hande voor die Here sal verskyn – gered asof deur vuur heen. Hulle prioriteite is heeltemal verkeerd.

Vir sulke vleeslike Christene vra Paulus: “Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle” (1 Kor. 3:16-17).

Dit is ’n baie ernstige aanklag teen Christene wat nie deur die Gees wandel nie. Hulle begryp nie ten volle dat die Heilige Gees van God in hulle woon nie, daarom bedroef hulle Hom deur openlik en volhardend met sonde en ’n wêreldse leefwyse voort te gaan. Hulle is op ’n gevaarlike afdraandepad in hulle geestelike lewe!

Geloof en werke

’n Dissipel van Jesus Christus moet die beginsel van meewerkende geregtigheid goed verstaan. Hy is ’n medewerker van God, daarom is daar bepaalde verpligtinge wat op hom rus. Hy kan nie passief in ’n leunstoel terugsit en wag dat dinge vanself sal gebeur nie. Hy moet opstaan, in beweging kom en doen wat sy hand vind om te doen.

Wanneer die Bybelse beloftes met betrekking tot heiligmaking in oënskou geneem word, is dit duidelik dat sommige van hulle God se rol beklemtoon, terwyl andere die mens se rol beklemtoon – vanhier die begrip van medewerking. Paulus sê vir die Thessalonicense: “En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak ... Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen” (1 Thess. 5:23-24). Vir die Korinthiërs sê hy egter: “... laat ons onsself van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig en die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2 Kor. 7:1; vgl. 1 Joh. 3:3). Geloof en werke gaan dus hand aan hand en funksioneer in noue interaksie met mekaar.

Werke, as ’n manifestasie van die vrug van die Heilige Gees, moet in almal van ons se lewens sigbaar word, want ’n lewende geloof is dinamies en moet noodwendig tot diensbaarheid lei. Jakobus sê: “Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?” (Jak. 2:14). As ’n persoon nie vrug dra wat by die bekering pas nie, het hy ’n dooie geloof. Jakobus sê nie dat ’n persoon deur werke gered word nie, maar dat werke ’n noodwendige gevolg is van ’n lewende en saligmakende geloof in die Here Jesus.

Hoe anders kan ek die boom ken as om na sy vrugte te kyk? Ek kan nie in ’n persoon se hart sien nie, maar sy werke sal vir my aandui of hy ’n gelowige is of nie. Dit is die rede waarom Jakobus sê: “Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon” (Jak. 2:18). Daar is ’n direkte verband tussen die twee. Die Here Jesus het gesê: “Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy [die Landbouer] weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra” (Joh. 15:2). Die loot wat geen vrug dra nie, het geen bestaansreg nie, net soos wat geloof sonder werke ook nie op die ware lewe aanspraak kan maak nie.

Heiligmaking verwys nie net na morele onberispelikheid nie, maar ook na afgesonderdheid vir die diens van die Here.

Voortgesette selfverloëning

Dit is opvallend dat die Here Jesus in Lukas 9:23 sê dat ons “elke dag” die kruis van selfverloëning moet opneem. “Neem jou kruis elke dag op en volg My.” Waarom is dit nodig? Dit is ’n aspek van die gekruisigde lewe wat nie almal van ons wil of kan insien nie. Ons kan die oorwinning wat ons oor die vlees gehad het, weer verloor. Dit is nie net teoreties nie, maar ook in die praktyk moontlik om op te hou om jouself te verloën en te kruisig. Dan begin die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede, sy eiewaan en sug na grootheid, eer en rykdom weer na vore kom. Dit gaan ook daarmee gepaard om jouself én andere wat in hierdie toestand verkeer, met skewe en krom teologiese beskouings te regverdig, soos byvoorbeeld om die werklikheid van die leer van heiligmaking te ontken. Die feit is dat jy dan nie meer deur die Gees van God beheer en gelei word nie, maar deur die vlees (die eie-ek).

Vir die Galásiërs wat op ’n soortgelyke wyse in die genade veragter het, sê Paulus: “Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? Het julle verniet so baie gely?” (Gal. 3:3). Hulle het ’n goeie begin gemaak en die smal pad van selfverloëning geloop, maar toe sluip daar leerstellige dwalings in en hulle begin om weer in die vlees te roem. As gevolg hiervan het hulle geestelik drasties agteruitgegaan en uiteindelik weer beland in die Korinthiërs se kleuterskool van vleeslike Christene, vol eiewaan, jaloesie en tweedrag – ’n gevaarlike situasie om in te verkeer.

Paulus herinner hulle in sy brief daaraan dat ’n weergebore Christen in beginsel reeds die vlees gekruisig het en in die praktyk doelgerig só moet leef: “Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie” (Gal. 5:24-26).

Die opdrag is uitdruklik: Verloën en kruisig jouself en wandel deur die Gees volgens die voorbeeld wat Christus aan jou gestel het, dan sal jy nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie. Sulke Christene sal nie soekers van ydele, wêreldse eer word wat in die proses mekaar uittart, beny en ondergrawe nie.

Dit is ’n goeie beskrywing van vleeslike Christene hierdie. Wêreldse eer en rykdom word weer

die belangrikste oorweging in hulle lewe. Dit plaas hulle in kompetisie met ander wat hoër posisies beklee, meer eer verkry en ook hoër salarisse verdien. Hulle beny daardie mense, en daarom tree hulle ook uittartend teenoor hulle op. Sulke mense is vervuld van hulleself, en gee noodwendig vir ander aanstoot deur hulle optrede. Dit is vir hulle onmoontlik en onaanvaarbaar om die minste te wees, die gestalte van ’n dienskneg aan te neem, en ter wille van die Here se saak onreg te verduur.

Hiermee bedoel ek nie dat dissipels van die Here altyd moet stilbly en nooit sterk standpunte teenoor mense en aktuele sake moet inneem nie. Inteendeel – hulle word geroep om kragtig te stry vir die eer van die Here en vir die waarheid van sy Woord. In só ’n stryd gaan dit egter nie om eiebelang nie, maar oor die saak en belange van die Here. Om bereid te wees om hiervoor onreg te verduur, is ’n praktiese bewys van oorwinning oor die vlees.

Timótheüs kry die volgende voorskrif: “’n Dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra [onreg kan verduur]” (2 Tim. 2:24). Te midde van sy verdraagsaamheid moet hy nogtans uitgesproke teen die dwalings van sy kritici wees: “Weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering” (2 Tim. 4:2)

Die verantwoordelikheid van dissipels

’n Ware dissipel moet begryp dat hy die Here nie in die krag van die vlees kan dien nie, maar slegs deur die instaatstellende krag en salwing van die Heilige Gees. Daar is dus ’n direkte samewerking van twee kante af. Die Here gee die krag, maar jy moet waardig voor Hom wandel en daagliks planne maak om die krag wat Hy aan jou verleen, te gebruik. Dit sal nie sonder jou medewerking in werke omgesit word nie. Ons liggame moet aktief en doelbewus as werktuie van geregtigheid in die diens van die Here gestel word (Rom. 6:13). Neem die volgende opdragte, wat aan alle dissipels van alle tye gegee is om uit te voer, ter harte:

- “Nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe” (Rom. 6:22).
- “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21).
- “Dra dan vrugte wat by die bekering pas” (Matt. 3:8).
- “[Stel] jul liggame as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie” (Rom. 12:1-2).
- “Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig” (2 Tim. 4:2).

In die uitvoering van hierdie en talle ander opdragte moet ons altyd onthou dat dit die krag van die Here is wat deur ons swak liggame werk. Die eer en die roem vir die oorwinning kom Hom alleen toe. Vir alles wat Paulus in ’n lewe van diensbaarheid bereik het, het hy die eer aan die Here gegee wat hom daartoe in staat gestel het; daarom kon hy sê: “Ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is” (1 Kor. 15:10). Hy het besef dat hy sonder die Here niks kon doen nie – dit is alles net genade. Nogtans moes hy as ’n medewerker van God homself aktief in die diens van die Here beywer. Hy het gesê: “Ek kasty my liggaam en ek maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie” (1 Kor. 9:27). Die Here het ons nie net gered om eendag hemel toe te gaan nie, maar om sy dissipels in ’n verloregaande wêreld te wees en ander na Hom toe te lei.

Mag die Here aan elkeen van ons die genade verleen om te besef wat die hoë roeping van God in Christus Jesus is. Hy wil ons nie alleen uit die duisternis tot sy wonderbare lig trek nie, maar ook van ons Geesvervulde dissipels van Hom maak – bruikbare werktuie in sy reddende regterhand. Is u bereid om hiervoor bekwaam gemaak te word? Verootmoedig u dan voor die Here en wag op Hom totdat Hy u toegerus het met krag uit die hoogte. Volgelinge van die Here wat hierdie krag ontvang het, sal oral waar hulle gaan sy getuies wees, tot aan die uiterste van die aarde.

Dit is oor en oor die moeite werd om ’n dissipel van Jesus te wees en dinge na te streef wat

ewigheidswaarde het. Dan sal jy nie geweeg en te lig bevind word nie. Jou werke sal nie voor die regterstoel van Christus in rook opgaan wanneer dit getoets word nie, maar jy sal tot eer van sy Naam genadeloon ontvang. Wanneer Hy spoedig terugkom, sal Hy ook aan jou sê: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer” (Matt. 25:21).

Moderne dissipels

Die beginsels van selfverloëning en vervulling met die Heilige Gees wat vir die vroeë Christelike kerk gegeld het, is vandag nog net so van toepassing en behoort net so uitgeleef te word. Uit ’n biografie van John Wesley deur Robert Tuttle (1978) blyk die volgende uitstaande kenmerke wat in die lewe van hierdie Godsman waargeneem kan word:

Die herlewingsprediker, John Wesley, is in 1703 in Epworth, Engeland, gebore en het in 1791 in Leatherhead gesterf. Vir 60 jaar lank het hy elke oggend 4-uur opgestaan, en vir meer as 50 jaar het hy elke oggend 5-uur sy eerste preek vir die dag gelewer. Op Vrydae het hy gevas en gebid. John Wesley het nie so-iets soos vakansies geken nie. Terwyl hy vir twee weke in Bristol gerus het, het hy elke dag gepreek.

In die tyd toe Wesley opgetree het, was baie mense in Engeland brandarm en het in vuil toestande in een- en tweevertrekhuisies geleef. Soms het die diere ook in die huis geslaap. Die mis het dik gelê op die smal strate, wat soms net 6 voet breed was – net genoeg vir ’n slee om in te beweeg. Mense was só arm dat die kinders soms kos gesteel het. ’n Seun van ses jaar is opgehang omdat hy ’n brood gesteel het. Wesley het die vuil, arm en uitgeworpe mense besoek en vir hulle gepreek. Hulle is nie oorgeslaan nie. Vir die rykes het hy gesê hoe moeilik dit vir hulle is om gered te word.

Wesley was ’n baie praktiese teoloog wat altyd sterk klem gelê het op die mens se verantwoordelikheid in sy toewyding aan die Here. Dit was glad nie ’n vorm van werkeheiligheid nie, maar heiligmaking in die praktyk. Volgens 2 Korinthiërs 7:1 moet elke Christen “die heiligmaking in die vrees van God volbring”. Dit plaas ’n groot verantwoordelikheid op almal van ons, daarom moet ons gedissiplineerde, ordelike lewens lei. ’n Mens moenie jou tyd, geld en energie op sinnelose dinge vermors nie. Wesley het gesê elkeen van ons moet by ’n punt in ons lewe kom wanneer ons ’n vaste besluit neem om niks meer tyd of geld te mors nie. As ’n riglyn vir so ’n lewe het hy die volgende reëls oor die gebruik van tyd aan die hand gedoen:

1. Begin elke dag met God.
2. Wees ywerig in jou roeping.
3. Gebruik alle vry tyd vir godsdiens.
4. Maak alle vakansiedae heilige dae.
5. Vermy dronkaards en bemoeisieke mense.
6. Vermy nuuskierigheid en alle sinnelose toepassings van kennis.
7. Ondersoek jouself elke nag.
8. Laat nooit ’n dag verbygaan sonder dat jy ten minste ’n uur aan stiltetyd gewy het nie.
9. Vermy alle vorms van passie (dit is moeilik beheerbare of onbeheerbare emosies, bv. woede-uitbarstings, oordrewe seksuele gevoelens, ’n oormatige liefde vir vermaak, sport, ens).

Hierbenewens het hy ook ’n aantal algemene reëls vir die Christen se ingesteldheid tot die lewe geformuleer:

1. Verantwoord al jou dade in terme van jou einddoel.
2. Begin alle ondernemings in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
3. Begin alle belangrike take met gebed.
4. Moenie jou pligte versuim omdat dit probleme of versoekings vir jou meebring nie. Een daad van selfverloëning wat jy vir die Here doen, beteken meer as baie roetinetake.

Werke is altyd in hulle korrekte plek geplaas as die vrug van geloof. Omdat geloof sonder werke dood is, moet almal van ons toesien dat ons vrug dra wat by die bekering pas. Menslike werke sonder geloof is humanisties gemotiveerd en het geen geestelike waarde nie. Ons moet in die

geloof tot God nader om gered te word, en ons daarná diensbaar maak tot geregtigheid. Dit is dus net dié werke wat uit ’n ware geloof voortspruit wat ewigheidswaarde het: Liefdesdiens, hoe eerbaar ook al, is die gevolg en nie die oorsaak nie van geloof tot saligheid. Ware heiligmaking kan dus net ná bekering volg as die vrug van geloof. Ons word nie *deur* werke gered nie, maar *vir* werke.

In die lig hiervan moet elke mens seker maak dat hy waarlik gered is voordat hy of sy die Here probeer dien. Wesley het gesê: “Die innerlike getuienis van die Heilige Gees is die sterkste bewys van Christenskap” (Rom. 8:16). Moenie jouself salig verklaar op grond van kerklike rituele soos die doop, of op grond van ’n goeie lewe nie. Hieroor sê Wesley: “Baie mense verruil die rykdom van toegerekende geregtigheid vir die armoede van selfgeregtigheid.” Sulke mense soek toegang tot God deur werke, nie deur geloof nie.

Het John Wesley self aan die hoë Bybelse standaarde voldoen wat hy aan ander gestel het? Beslis! Hy was een van die toegewydste en hardwerkendste predikers van wie ons weet. Aan die begin van die herlewing het Wesley gereeld elke week 14 byeenkomste binnemuurs en 8 tot 10 buite in die strate, op markpleine of onder bome gehou. In die 50 jaar van sy optrede as herlewingsprediker het hy 40 000 preke gelewer – dit is ’n gemiddeld van 800 preke per jaar.

Teruggevalle Christene was ’n baie algemene verskynsel, veral onder die rykes. Wesley het hulle tot hertoewyding opgeroep.

Die huidige situasie

Die situasie vandag verskil in verskeie opsigte van dié van die vroeë dissipels in die eerste eeu, en ook van omstandighede wat in herlewingstye in die 18de en 19de eeue geheers het. Weens die gerief van die massamedia en die internet kan baie meer mense baie makliker met die evangelie bereik word. Daar is tans ook verskillende kerke, organisasies en individue wat finansiële en ander vorms van ondersteuning aan verkondigers van die evangelie verleen. Dit bring mee dat daar in die algemeen minder eise aan dissipels gestel word, en vir baie evangeliste en predikers het dit selfs ’n aantreklike loopbaan met talle byvoordele geword.

Ongelukkig hou baie van die hedendaagse voordele ook etlike gevare in. Eerstens is daar ’n kenmerkende neiging om groter vertroue in mense te stel as in God. Dikwels word daar op “borge” staatgemaak om vir die oplossing van probleme in te staan wanneer dinge verkeerd loop. Die verlaagde eise van dissipelskap het ook tot gevolg dat die betrokkenes se selfverloëning en toewyding in baie gevalle nie aan die Bybelse standaard voldoen nie. Die gevolg is dat vleeslikheid en broedertwiste ’n algemene verskynsel word, en dat baie sendelinge nie regtig opgewasse is vir die moeilike taak wat op hulle wag nie.

’n Predikant wat jare lank in België evangelisasiewerk gedoen het, het op 4 Junie 2012 op ’n vergadering in Mosselbaai gesê dat België as “die begraafplaas van sendelinge” bekend staan. Die redes hiervoor is die weerstand wat mense teen die boodskap van die Bybel bied, en ook die lae persentasie van die evangeliese Christendom in daardie land. Dit lei daartoe dat al hoe meer sendelinge hulle roeping laat vaar. In baie ander lande is die situasie soortgelyk.

In sekere opsigte word daar selfs hoër eise aan moderne dissipels gestel as aan dié van die verlede. Een daarvan is dat hulle gewoonlik in samelewings moet werk waar daar ’n groot aantal Christelike leerstellings en dwalings gehuldig word. Predikers en evangeliste moet dus nie net baie goed in die Bybel onderlê wees nie, maar ook ingelig wees oor dogmatiese verskille tussen kerke, asook oor die sektewese en die nie-Christelike gelowe, omdat gesprekke dikwels in hierdie rigting gestuur word. Verder moet hulle in staat wees om die vrae van agnostici en aanhangers van die New Age-beweging te kan beantwoord.

Ten spyte van al hierdie probleme bly die geestelike toerusting wat die Bybel aan getuies van Christus bied, steeds voldoende om elke probleem die hoof te kan bied. Die kern hiervan is ’n duidelike getuienis van weergeboorte, ’n onwrikbare liefde vir die Here Jesus, die aanvaarding van die Groot Opdrag, selfverloëning, vervulling met die Heilige Gees, en ’n deeglike kennis van die Bybel en ook ’n goeie begrip van moderne denkrigtings en diverse geloofsopvattings.

4. Petrus se Lewe Voor en Ná Pinksterdag

Daar kan twee afsonderlike fases in Petrus se geestelike lewe onderskei word, naamlik die fase tussen sy bekering en vervulling met die Heilige Gees, gevolg deur die fase wat op Pinksterdag aangebreek het. In die eerste fase was hy ’n vleeslike Christen wat nog vervuld van homself en sy eie idees was, hoewel hy toe reeds belangrike openbarings oor Jesus as Verlosser en Messias gehad het. As gevolg van sy vleeslikheid is sy lewe deur mislukkings, nederlae en geestelike dwalings gekenmerk. In die tweede fase het hy egter die ondervinding van heiligmaking deelagtig geword en daarna van krag tot krag gegaan in sy geestelike lewe. Hierdie twee fases is kenmerkend van alle Christene se pad van geestelike ontwikkeling ná bekering.

Petrus was voor Pinksterdag reeds ’n bekeerde volgeling en dissipel van Jesus. Wat sy kennis van Jesus se ware identiteit as Seun van God en die beloofde Messias van Israel betref, het hy bó sy volksgenote en mede-dissipels uitgestyg. Ons lees die volgende hiervan in Matthéüs:

“En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees” (Matt. 16:13-19).

Petrus kry krediet vir sy insig. Die Here Jesus sê vir hom: “Jy is Petros [’n klein rotsie] en op hierdie Petra [’n groot rots] sal Ek my gemeente bou.” Op die rots van Petrus se getuienis van Jesus as die Seun van God sou die kerk van Christus gebou word. As gevolg van die Woordverkondiging deur die kerk sou die hemel vir baie mense oopgesluit word, terwyl die ongeloof van baie ander daartoe sou lei dat die hemelpoorte vir hulle toegesluit bly. Petrus was dus nie die eerste pous wat die sleutels van God se koninkryk gehad het nie – die Here Jesus is die Rots waarop die kerk gebou is en net Hy het die sleutels om oop te sluit of toe te sluit.

Geestelike dwalings

Pas nadat Petrus die groot getuienis oor Jesus se Messiasskap uitgespreek het, het sy vleeslikheid en gebrek aan geestelike insig oor die volle raad van God, hom egter op ’n ernstige dwaalspoor laat beland. Die duiwel het sy onkunde uitgebuit en hom dinge laat sê wat lynreg teen die evangelie van verlossing ingedruis het:

“Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word. Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense” (Matt. 16:21-23).

Petrus het binne ’n paar oomblikke ’n groot waarheid én ’n groot dwaling verkondig. Hy kon nie die noodsaaklikheid van Jesus se lyding en sterwe insien nie, en het homself teen hierdie idee uitgespreek. Dit het hy gedoen ten spyte van die talle Ou-Testamentiese profesieë oor die lydende Messias wat die straf vir ons sonde moes betaal. Jesaja 53 en Psalm 22 het hierdie boodskap baie duidelik uitgedra, maar Petrus het toe nog nie verstaan dat Jesus daardie pad moes bewandel om sy bloed vir die redding van sondaars te stort nie. Het Petrus dalk geglo in die generiese goedheid van God wat vergewe sonder dat Hy ’n offer vir ons sondes verwag? Of het hy dalk gedink die Ou-Testamentiese offerdiens was voldoende?

Die gebrek aan geestelike insig oor die evangelie is kenmerkend van vleeslike Christene wat nie onder die salwing en leiding van die Heilige Gees praat nie. Hulle mag sekere dinge reg verstaan, maar in ander opsigte totale onkunde openbaar – tot só ’n mate dat hulle hulself

heeltemal onbruikbaar in die diens van die Here maak. Die Here Jesus weet wat die oorsprong van geestelike misleiding is, en bestraf vir Satan wat pas deur Petrus gepraat het. Die ironie is dat Petrus ’n mondstuk vir die Here was, maar soms ook ’n mondstuk vir die duiwel.

Mense in dié soort situasie is vleeslike Christene wat nie oor die nodige kennis en onderskeidingsvermoë beskik nie. Hulle het nie verligte oë van die verstand om die verborgenhede van die evangelie van wedergeboorte en heiligmaking in alle opsigte reg te verstaan nie. Sommige van hulle kan nie die godheid, attribute en genadewerk van die Here Jesus ten volle begryp nie. Alle vleeslike Christene het ook ’n ernstige gebrek aan kennis oor die noodsaaklikheid van heiligmaking as ’n verdere genadewerk. Hulle is nie in die ware sin van die woord geestelike mense wat die dieper dinge van die Here se Woord kan insien nie (1 Kor. 3:1-3).

Die probleem van hierdie vleeslike Christene is voor die hand liggend – hulle besef nie dat hulle ’n tempel van die Heilige Gees is nie (vgl. 1 Kor. 3:16), want hulle is in werklikheid nog vervuld van hulleself. Dit is die rede waarom hulle nie met vaste spyse uit die Woord gevoed kan word nie. Hulle is bloot nie in staat om dit te kan verstaan nie, want die ondervinding van heiligmaking ontbreek nog in hulle lewens. Die Hebreërs het dieselfde probleem gehad (Heb. 5:12–6:1).

Hoe groei ’n mens op tot die volwasse man of vrou in Christus en ontwikkel geestesvermoëns om alle leerstellings in die Bybel reg te kan verstaan? Die groeiproses na geestelike volwassenheid vind nie ná bekering vanself plaas nie. Vanweë die tyd moes die Hebreërs al hierdie oorgawe gemaak en begin groei het, maar hulle het nie en het geestelik gestagneer. Hulle was totaal onbruikbaar in die diens van die Here, en soms nie eers meer seker van hulle eie redding nie. Daar moes maar weer oor geloofsekerheid met hulle gepraat word.

Die voortgang na volmaaktheid, wat by hulle ontbreek het, dui nie op ’n toestand van sondelose volmaaktheid nie, maar wel op ’n lewe van heiligheid, oorwinning en vervulling met die Heilige Gees. Geen mens groei in heiligmaking in sonder ’n volle oorgawe nie. In hierdie oorgawe moet daar ’n tyd van selfondersoek en kruisiging van die vlees en sy hartstogte wees, wat gevolg sal word deur ’n vervulling met die Heilige Gees.

Arrogansie

Wat Petrus se lewe betref, is daar ’n tweede kenmerk van sy vleeslikheid en dit is arrogansie en selfgesentreerdheid. Selfs nadat hy die feit aanvaar het dat Jesus moes ly en sterf, het hy uit eie krag gesê dat hy by Jesus sou staan en selfs saam met Hom sou sterf: “Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan. Maar Hy antwoord: Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy drie maal geloën het dat jy My ken nie” (Luk. 22:33-34). Petrus het gemeen dat hy self, sonder die krag van die Heilige Gees, hierdie pad sou kon bewandel en enduit by Jesus sou staan.

Dit was ’n groot vergissing. Hy kon dit nie doen nie, en geen ander Christen in die wêreld kan dit doen nie. Nogtans probeer vleeslike Christene om uit eie krag hulle weg suiwer te hou en ten alle tye by die Here Jesus te staan. Dit is die rede waarom hulle aanhou struikel en ’n lewe van val en opstaan lei. Hulle is mislukte Christene wat kompromie maak, nie by hulle voornemens bly nie, meesal nie die toets kan slaag wanneer hulle beproef word nie, en in die algemeen van neerlaag tot neerlaag en van mislukking tot mislukking gaan.

Sulke mense is vervuld van hulleself en hulle eie vermoëns. Soos Petrus, sê hulle: “Laat hierdie saak in my goeie hande en ek sal dit uitvoer – ek sal U nie in die steek laat nie.” Só ’n persoon kan egter nie eers voor ’n eenvoudige persoon van die Here Jesus getuig wanneer omstandighede moeilik raak en vervolging dreig nie. Die rede hiervoor is dat hy nie deur die Heilige Gees bekragtig en gemotiveer word nie.

Versaking van jou roeping

’n Lewe van vleeslikheid lei so dikwels na mislukte pogings dat so ’n persoon maklik terugval, selfs die stryd gewonne gee en besluit om nie meer vir Jesus te volg nie. Dit was in ’n stadium ook Petrus se reaksie, want hy het daarvan afgesien om Jesus te volg en besluit om weer na sy ou beroep as visserman terug te keer. Hy het ná die kruisiging en begrafnis van Jesus gedink dit

was die einde van die pad vir Jesus se volgelinge, en het vir ’n paar van die ander dissipels gesê: “Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie” (Joh. 21:3).

Die Here Jesus het begrip gehad vir hulle gebrek aan kennis en geestelike motivering, en prakties vir hulle gewys dat hulle nie gelukkig sou wees as hulle na die wêreld terugkeer nie. Hy het aan hulle ’n groot vangs gegee en daardeur vir hulle gewys dat Hy van hulle vissers van mense kon maak. Jesus het aan Petrus die geleentheid gegee om drie keer te bevestig dat hy Hom waarlik liefhet. Sodoende het hy vergoed vir die drie keer wat Hy Jesus verloën het, en toe die opdrag gekry om as ’n herder vir die Here se kudde op te tree.

Daar is baie vleeslike Christene wat ook ná ’n tyd besluit om nie meer die Here te volg en te dien nie en hulle weer ten volle in die wêreld en sy bose praktyke uit te leef. Paulus se een metgesel het dit gedoen: “Want Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het” (2 Tim. 4:10). Die verlore seun het homself ook in só ’n situasie bevind. Sulke mense sal nooit geluk vind nie, daarom is daar vir hulle net een pad, en dit is terug na die Here Jesus, na hernude reiniging deur sy bloed en die vervulling deur sy Heilige Gees. Teruggevallenes moet Psalm 51 lees en ’n nuwe oorgawe aan die Here maak.

Die Pinksterondervinding

Kyk watter groot verskil het die Pinksterondervinding in die lewens van Petrus en die ander dissipels teweeggebring. Hulle is van kragtelose, biddelose, twyfelende en sukkelende getuies vir Christus in vreeslose en doeltreffende diensknegte in sy koninkryk omskep. Wat het die verskil gemaak? Bemagtiging deur krag uit die hoogte:

“En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte” (Luk. 24:46-49; vgl. Hand. 1:8).

Petrus, wat in ’n stadium nie eers voor eenvoudige mense wou erken dat hy ’n volgeling van Jesus was nie, het vir tien dae saam met die ander dissipels homself verootmoedig om sy sondigheid en vleeslikheid te bely, sy geloof volkome op Jesus Christus te stel en op die uitstorting van die Heilige Gees te wag. Hulle is op Pinksterdag met die Heilige Gees vervul en Petrus het met groot oortuiging die evangelie aan ’n agnostiese Joodse volk verkondig. Hy het ’n kragtige boodskap gebring en op een dag 3 000 siele na Christus gelei. Dit was die eerste vaste treë van die jong Christelike kerk op aarde.

Daarna het die vroeë kerk dikwels gestruikel weens vleeslikheid en ’n gebrek aan kennis, en dit onderstreep die feit dat almal van ons ’n verdere genadewerk van vervulling met die Heilige Gees nodig het. Sonder hierdie ondervinding sal ons niks in die diens van die Here bereik nie.

Petrus is só volkome met die Heilige Gees en met hemelse insig beklee, dat die Gees hom gelei het om twee sendbriewe te skryf wat later ’n deel van die Bybel geword het. Hy het die jong Messiaanse gemeentes daaraan herinner dat hulle hul hoop volkome in die genade moes stel wat hulle deel sal word by die openbaring van Jesus Christus, omdat hulle vrygekoop is deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Pet. 1:13-19). Hy het hulle opgeroep om die deugde te verkondig van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9).

Die jong gemeentes is ook daaraan herinner dat hulle bywoners en vreemdelinge was in ’n bose en verbygaande wêreld waarin hulle erge verdrukking sou verduur (1 Pet. 2:11; 4:1-19). Hy het ’n hele hoofstuk gewy aan die tragiese verskynsel van teruggevallenes wat die pad van die Here verlaat en na ’n sondige lewe in die wêreld teruggekeer het. Christene word egter bemoedig om geestelik staande te bly in hierdie goddelose en verbygaande wêreld: “Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas” (2 Pet. 3:11-12).

Dit is die taal van ’n man wat deur die volheid van die Heilige Gees gewandel het en ver verby

die aardse begeerlikhede na ons ewige woning in die hemel gekyk het. Hy het geweet wat dit was om ’n vleeslike Christen te wees wat die Here Jesus in baie opsigte teleurgestel en ook verloën het, maar hy het genadiglik op die opdrag gereageer om op die Here te wag totdat hy toegerus was met krag uit die hoogte. Daarna het hy nooit weer omgekyk of gehuiwer nie, selfs nie toe hy aan die einde van sy lewe ’n martelaarsdood deur kruisiging in die gesig gestaar het nie.

Wandel jy ook deur die volheid van die Heilige Gees? Dan sal jy krag ontvang om ’n getuie vir Christus te wees en onder die moeilikste omstandighede staande te kan bly sonder om moedeloos te word en terug te draai na die wêreld toe. Jy sal ook kragtig word in die Here om met sukses teen die aanslae van die duiwel weerstand te kan bied. Verder sal jou kennis van die Here en sy Woord toeneem totdat jy saam met al die heiliges ten volle sal kan begryp wat die breedte, lengte en diepte van Christus se liefde is, sodat jy vervul kan word tot al die volheid van God.

5. Oorwinning Oor die Vlees: Die Stap van Heiligmaking

Die leerstelling oor heiligmaking behels twee duidelik onderskeibare aspekte, naamlik die aflê van die ou, sondegeneigde natuur, en die vervulling met die Heilige Gees waardeur ons met ’n nuwe natuur beklee word. Indien hierdie stap nie gedoen word nie, bevind ’n Christen homself in ’n tweestryd waarin die vlees en die Gees teenoor mekaar staan. Dit weerhou hom daarvan om die Here heelhartig en met oorgawe te dien, omdat hy by herhaling die Heilige Gees deur sy vleeslike gedrag bedroef en teëstaan. Só ’n persoon wandel nie deur die Gees nie, maar deur die vlees.

Die Bybel spreek hierdie probleem pertinent aan en sê ook in ondubbelsinnige taal wat die oplossing daarvoor is: “… as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding ten gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede. Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie. Laat elkeen wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het. Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net ’n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor. En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing. Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het” (Ef. 4:21-32).

In die kerkgeskiedenis van die 18de en 19de eeue was heiligmaking ’n leerstelling wat die grondslag was vir herlewing in verskeie lande. In ons tyd ontbreek die ervaring van heiligheid, oorwinning en ware dissipelskap in die meeste Christene se lewens. Weens onkunde, laksheid of misleiding ontwyk die seën van die volheidslewe die grootste deel van die eindtydse kerk. Talle moderne kerke het in oppervlakkigheid, teologiese dwalings, vleeslikheid en wêreldgesindheid verval omdat hulle nie deur die Gees van God wandel nie.

Omdat baie predikante, teoloë en belydende lidmate nie Geesvervuld is nie, weet hulle nie wat dit is om geestelik op te groei, onder die leiding van die Heilige Gees Bybelstudie te doen en in die dieper dinge van God se Woord onderrig te word nie (1 Kor. 2:10). Baie van hulle berus by hierdie toestand van vleeslikheid en geestelike onvolwassenheid, terwyl ander weer hulle gebreke en tekortkomings probeer aanvul deur vals herlewings te soek wat op ekstatiese tekens en wonderwerke gebaseer is (die ervaringsteologie).

’n Christen wat van wedergeboorte kan getuig (aanvanklike heiligmaking), moet besef dat dit net die begin is van ’n pad wat na geestelike volwassenheid, insig en diensbaarheid moet lei. Sulke mense moet hulle beywer om in kennis en genade toe te neem sodat hulle geestelik volkome toegerus kan wees: “En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak …” (1 Thess. 5:23).

Uit die aangehaalde Skrifgedeelte (Ef. 4:21-32) is dit baie duidelik dat ’n Christen die oue mens moet aflê. Dit behels die verloëning of kruisiging van die vlees en sy sondige gewoontes en begeerlikhede. Verskeie werke van die vlees word hier genoem, soos leuens, woede, bitterheid, vuil taal en diefstal. In die volgende hoofstuk word dronkenskap ook bygevoeg (Ef. 5:18). ’n Persoon wat homself hieraan skuldig maak, bedroef die Heilige Gees en kan uit die aard van die saak nie ’n Geesbeheerde lewe lei nie. Die opdrag is egter om die hindernis van die vlees op grond van die Here Jesus se kruisdood af te lê. In die plek daarvan moet ons met ’n lewe van heiligheid en godsvrug beklee word en daadwerklik daarin opgroei tot geestelike volwassenheid.

Die Gees en die vlees

Romeine 8:1 sê dat ons nie deur die vlees moet wandel nie, maar deur die Gees. Om dit te kan doen, behels meer as ’n blote oorskakeling van ’n vleeslike na ’n geestelike gedragspatroon. Die oue mens, wat in beginsel reeds gekruisig is, moet ook prakties afgelê word sodat ons met die

nuwe mens beklee kan word. As ons dit nie doen nie, behou die vlees sy heerskappy en staan vierkantig in ons pad “omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Rom. 8:7). Dit is teen sy natuur om die Gees se gesag te aanvaar (Rom. 8:13).

Daar is geen sprake daarvan dat die vlees makgemaak, of dalk net geïgnoreer of onderdruk kan word nie. Omdat die oue mens onrehabiliteerbaar sleg is, sê die Bybel, moet hy sterf: “… aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie” (Rom. 6:6). Paulus sê hy roem in die kruis van die Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir hom gekruisig is en hy vir die wêreld (Gal. 6:14). Christus het nie net vir Paulus gesterf nie; Paulus moes ook vir die sondige wêreld sterf (Rom. 6:6, 11).

Volkome heiligmaking

Ons moet baie goed verstaan dat ons sonde tydens die stap van bekering vergewe word (regverdigmaking) en dat die nuwe lewe van die Here Jesus deur die wedergeboorte aan ons geskenk word (die eerste stap in heiligmaking). Die ervaring van volkome heiligmaking, of hartsreiniging, beteken dat ons met die krag van die Heilige Gees beklee word om die geregtigheid van Christus ’n sigbare werklikheid in ons lewens te maak. Hiervoor is die aktiewe samewerking en gehoorsaamheid van die kind van die Here nodig, want:

- Ek moet by ’n punt kom waar ek myself ook in my verstand en gemoed dood reken vir die sonde (Rom. 6:11). Ek moet dus ophou om in die sondes van die ou lewe te wandel en geheel en al daarmee breek. Dit beteken dat ek die werke van die vlees moet aflê. Hoewel ek reeds vergewe is en in beginsel saam met Christus gekruisig is, moet ek nou doelbewus met Hom saamgroei deur die gelykvormigheid aan sy dood. Ek moet ’n oorgawe maak waarná ek saam met Paulus sal kan sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ék [die ou, eie-ek] leef nie meer nie, maar Christus leef in my” (Gal. 2:20).
- Ek moet die volle beheer van my lewe aan die Heilige Gees oorgee. Deur in die nuwe lewe met Hom saam te werk, vereis dat ek deur die Gees die werke van die vlees sal doodmaak. As ek deur die Gees wandel sal ek nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie. Hy sal my volkome heilig maak sodat ek deur my gees, siel en liggaam onberispelik kan wandel (1 Thess. 5:23-24). Dan kan die sonde nie oor my heers nie.
- By die ondervinding van heiligmaking, wat ’n volle oorgawe behels, moet die nuwe lewe wat by my bekering al begin het, sigbaar en prakties begin uitwerk. Ek moet my daarmee beklee en daarin opgaan. Alle struikelblokke moet oorwin en uit die weg geruim word. *Toegerekende heiligheid* moet *ondervindelike heiligheid* word, met ander woorde *innerlike heiligheid* moet daadwerklik in *uiterlike heiligheid* oorgaan. ’n Heilige ingesteldheid is nie genoeg nie – dit moet ook in ’n heilige lewenswandel sigbaar word. Die nuwe lewensbeginsels moet deur geloof, gebed, getuienis, volharding en selfverloëning versterk word.

Ons roem vir die volle oorwinning oor die Adamiese sondenatuur is geleë in die kruis van die Here Jesus. Die bloed van Christus reinig my van alle sonde, maar sy kruisdood verlos my ook van daardie ou, sondegeneigde natuur. Ek moet só met sy kruisdood identifiseer dat die oorwinningskrag daarvan daagliks in my lewe werksaam is en ek as ’n geestelike lewenswyse die kruis van selfverloëning sal opneem waaraan ek vir die wêreld en die wêreld vir my gekruisig word. In die plek van die ou natuur moet ek beklee word met die natuur van die tweede (laaste) Adam (Jesus Christus), want hierdie natuur is na God geskape in ware geregtigheid en heiligheid.

Baie Christene maak nie erns met die opdrag tot heiligmaking nie. Hulle skuif die morele verantwoordelikheid vir ’n heilige lewe van hulle af weg, en sê dat die Here Jesus namens hulle daaraan voldoen het. Christus het wel namens jou die straf vir die sonde gedra om jou tot ’n nuwe mens te kan herskep. Deur jou aktiewe toewyding aan Hom moet jy egter heilig leef, vrug dra en tot volwassenheid opgroei. Die Here Jesus skenk aan jou deur die Heilige Gees die krag en genademiddels om dit te kan doen, maar Hy doen dit nie namens jou nie en onthef jou nie van jou verantwoordelikheid om heilig te leef nie!

Mense wat die verantwoordelikheid vir en opdrag tot heiligmaking van hulleself af wegskuif, maak daardeur implisiet vrede met hulle “sondetjies” en gaan met ’n lewe van wêreldgesindheid voort. Paulus het goeie raad vir hulle:

- “Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” (Rom. 6:1-2).
- “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul” (Ef. 5:18).
- “Dit is die wil van God: julle heiligmaking … Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie ’n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het” (1 Thess. 4:3, 7-8).

Kragteloosheid

Deur te versuim om aan die opdrag tot heiligmaking te voldoen, ontneem ’n Christen homself die beloofde krag tot oorwinning, diensbaarheid en geestelike groei. Hy minag daardeur die belofte van die Here Jesus aan sy geredde volgelinge, naamlik dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. Hulle moet hulleself ondersoek, toewy en in ernstige gebed op hierdie belofte wag totdat hulle dit ontvang het. Het jy dit al gedoen en die toerusting met krag uit die hoogte ontvang? Daarsonder wag daar vir jou die swakheid en geestelike neerlae wat vir Petrus voor Pinksterdag geteister het. Hy het ook tot sy groot droefheid voor dié aanslae geswig.

Die Here se opdrag in die Bybel is: “Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Pet. 1:16). Dit sluit alle aspekte van ons bestaan in: “Soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word” (1 Pet. 1:15). Hoewel heiligmaking ’n proses is, het dit ’n beginpunt by die stap van volle oorgawe.

Christene wat nie dié saak ernstig opneem nie, leef onder die oorheersing van die swakhede van hulle ou lewe voort, kom dadelik weer onder die mag daarvan, en bevind hulleself in ’n vleeslike toestand wat deur geestelike kragteloosheid en onvolwassenheid gekenmerk word. Dit is ’n besliste resep vir geestelike rampspoed, daarom waarsku Paulus hulle baie ernstig oor hulle sonde en onkunde ten opsigte van heiligmaking: “Weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (1 Kor. 6:19-20).

Dit is vandag ’n baie algemene verskynsel dat mense by evangelisasiedienste tot bekering kom, maar dat die meeste van hulle ná ’n ruk weer in die ou lewe terugval. Tot ’n groot mate is dit die skuld van predikers en kerke wat nie ’n duidelike leer oor heiligmaking verkondig nie. Die groot herlewingsprediker, Charles Finney (1988:267-268), het die volgende oor hierdie ernstige probleem gesê: “Dit is duidelik waarom daar so baie gelowiges is wat terugval – hulle kry nie tydige en behoorlike onderrig oor heiligmaking en dissipelskap nie. Om geldig te kan wees, moet sulke onderrig onder die salwing van die Heilige Gees aangebied word, sodat mense met krag uit die hoogte beklee kan word (Luk. 24:49). Dit is die enigste manier om met Christus vervul te word deur sy Gees, en doeltreffende diens in sy koninkryk te verrig.”

Wedergeboorte en ’n lewe van heiligmaking loop hand aan hand. Dit is soos ’n nuwe takkie wat in ’n ou boom ingeënt word. Die nuwe lewe kan nie gedy as die ou takke nie teruggesnoei en die lewensap na die nuwe loot gevoer word nie. Uit die gelykenis van die wynstok is dit ook duidelik dat die loot skoongemaak moet word sodat dit meer vrug kan dra. ’n Loot wat nie vrug dra nie, word afgekap en verbrand. Geloof sonder werke is dood. ’n Dooie geloof kan ’n mens tog nie red nie! ’n Christen wat nie heiligmaking najaag en vrugte dra wat by die bekering pas nie, is soos ’n onvrugbare loot wat gevaar loop om afgekap te word omdat dit nie aan sy doel beantwoord nie.

Ontwaakte sondaars

Baie naamchristene in kerke kom nooit by die stap van heiligmaking uit nie omdat hulle nog nie werklik gered is nie. Dit is soos die saad wat op die vlak grond of tussen die dorings beland het. Daar is nooit enige vrug nie. Hierdie naamchristene is soos die ontwaakte maar ongeredde

mens van Romeine 7. Hulle het wel die woord van die Here gehoor en wil ook graag daaraan voldoen. Soos die oppervlakkige hoorders van die saad in die vlak grond, neem hulle die boodskap met blydskap aan. Dit is egter net ’n emosionele reaksie en ’n kopbekering, en by die eerste versoeking val hulle heeltemal terug. Hulle beskou hulleself as Christene, maar tot hulle eie ondergang moet hulle erken: “Ek is vleeslik, verkoop onder die sonde … Die goeie wat ek wil, doen ek [*voortdurend*] nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek [*voortdurend*]” (Rom. 7:14, 19).

Romeine 7 is kennelik nie ’n beskrywing van ware Christenskap nie. Paulus verwys hier terug na sy lewe as wetgeleerde voor sy bekering. Die wet het wel die kennis van die sonde gebring, maar kon nie die mag van die inwonende sonde breek nie. Nogtans het die wet ’n positiewe rol gespeel omdat dit die kennis van die sonde gebring het; dus is dit ’n tugmeester na Christus toe. Paulus sê: “Ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie” (Rom. 7:7). Deur die kennis van die wet ontwaak die sondaar en kom tot die kennis van sy sonde en verlorenheid.

Net ’n ontwaakte sondaar kan in sy nood uitroep: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!” (Rom. 7:24-25). Hy moet grondig tot bekering kom en uit die dood opstaan sodat Christus oor hom kan skyn (Ef. 5:14). Hierna sal hy deur die krisis van die volle oorgawe gekonfronteer word en besef dat sy vleeslike natuur afgelê moet word, sodat die opstandingslewe van Christus deur die krag van die Heilige Gees ’n sigbare werklikheid in sy lewe kan word.

Die eerste werk ná sy bekering moet wees dat hy onbeskroomd van sy nuwe lewe getuig, want “met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding” (Rom. 10:10). Die eerste belydenis met ons mond is wanneer ons ons sondes teenoor die Here bely om vergifnis daarvan te kry en Hom as Verlosser aan te neem (1 Joh. 1:9). Hierna moet ons teenoor ander mense van ons verlossing getuig. As ’n persoon dit nie met vrymoedigheid kan doen nie, moet hy soek na ’n aanraking met krag uit die hoogte. Die belofte van die Here Jesus is: “Julle sal krag ontvang as die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees …” (Hand. 1:8).

Die volle raad van God

Prediker, verkondig die volle raad van God en sien toe dat die kinders van God deur hulle heiligmaking, geestelike groei en Skrifkennis volkome is, vir elke goeie werk volkome toegerus (2 Tim. 3:17). Hiervoor is ’n volle oorgawe tot heiligmaking en diensbaarheid onontbeerlik. Voordat dit sal gebeur, moet heiligheidsprediking weer tot sy reg kom. Dit kan alleen gedoen word deur manne wat self die dieper genadewerk van heiligmaking deelagtig geword het. Andrew Murray (1969a:62) het gesê: “Dit is in die intieme, persoonlike omgang met God self dat ons heilig word.” Dit is ’n saak van heelhartige toewyding, wat só deur Murray verduidelik word:

“Heiligheid is meer as reinheid. Ons sien in die Skrif dat heiligheid deur reiniging voorafgegaan word (2 Kor. 7:1; Ef. 5:26-27; 2 Tim. 2:21). Reiniging is die wegneming van dit wat verkeerd is – die verlossing van sonde. Heiligheid is die vervulling met dit wat goed en Goddelik is – die natuur van Jesus. Heiligheid is gelykvormigheid aan Hom. Dit behels afskeiding van die gees van die wêreld en vervulling deur die teenwoordigheid van die heilige God. Die tabernakel was heilig omdat God daar gewoon het. As God se tempel is ons heilig omdat ons God gevra het om in ons te kom woon. Christus se lewe in ons is ons heiligheid. ... Die Gees heilig ons deur Christus in ons te openbaar en te verheerlik. Hy kruisig die vlees en werk in ons om te wil sowel as om te werk volgens God se welbehae” (Murray, 1982:68-69).

Heiligmaking is ’n ondervinding waartydens ons sodanig met die lewe van Jesus beklee word dat ons deur die Heilige Gees in staat gestel word om ’n persoonlike verhouding met Hom te handhaaf en in sy voetspore te volg. Dit vereis ’n goeie kennis van die Here Jesus, sy genadewerk en ook al sy opdragte aan ons (Malan 2012(a); Simpson, 1896). Heiligheid en diensbaarheid is die kern van hierdie opdragte.

Dit is opvallend hoe baie boeke daar in die herlewingstyd oor die onderwerp van heiligmaking en ’n volkome toewyding aan die Here Jesus geskryf is. Predikers het self heilig geleef, hulle was

nederige manne van gebed en geloof, daarom het hulle die noodsaaklikheid van heiligheid vir alle Christene besef. Die groot predikers het almal getuig van heiligmaking as ’n verdere genadewerk in hulle lewens (Edman, 1960). In hierdie boek, *They found the secret: twenty transformed lives that reveal a touch of eternity,* word daar onder meer verwys na die getuienisse van Hudson Taylor, John Bunyan, Oswald Chambers, Charles Finney, Dwight Moody en Andrew Murray. Soms het die ondervinding van heiligmaking en geestelike verdieping eers lank ná hierdie predikers se bekering plaasgevind. John Rice (1945) sluit sy preek oor heiligmaking só af: “D.L. Moody sê hy het twee jaar hiervoor gewag. Ek weet dat ek sekere salwings gehad het, maar ek het gedurig ’n nuwe toerusting nodig met krag uit die hoogte.”

Dwight Moody was baie sterk daarop gesteld dat jong bekeerlinge aan heiligheidsprediking blootgestel moes word sodat hulle die ondervinding van vervulling met die Heilige Gees deelagtig kon word. Hy het ’n reëling met R.A. Torrey gehad om ’n reeks dienste oor heiligmaking te hou op plekke waar daar vooraf evangeliese dienste gehou en siele na die Here gelei is. Torrey se boodskappe (*The Holy Spirit: Who He is and what He does*) is later gepubliseer en word nog steeds herdruk (Torrey, 2008). Ander herlewingspredikers het dieselfde benadering gevolg, bv. John Wesley wat Bybelstudiegroepe gestig het vir jong bekeerlinge, en Andrew Murray wat ’n groot aantal boeke oor heiligmaking die lig laat sien het.

In ons tyd ontbreek heiligheidsprediking tot ’n groot mate. Daar is nog net enkele skrywers wat volledige boodskappe oor vervulling met die Heilige Gees publiseer, bv. Kenneth Fay (2003). Kitsevangelisasie vind wel plaas en verskeie groot saamtrekke word in sportstadions of op plase gereël, maar sonder die opvolgwerk wat in herlewingstye gedoen is. Soms word pogings aangewend om ekstatiese tekens en wonders te doen, en ook op ’n buite-Bybelse wyse te profeteer, maar dit is geen plaasvervanger vir die Bybelse leer oor heiligmaking en vervulling met die Heilige Gees nie.

As jy ’n ernstige soeker na die volheid van God is, sal Hy Hom deur jou laat vind, jou uit genade red, aan jou oorwinning oor die ou lewe gee en jou ook met sy Heilige Gees vervul.

6. Oorwinning Oor Swakhede: Die Proses van Heiligmaking

Nadat ’n Christen ’n volle oorgawe gemaak het om oorwinning oor die vlees te verkry en met die Heilige Gees vervul te word, volg daar ’n lewenslange proses van voortgesette oorwinning oor menslike swakhede. Alle Christene, ook diegene wat Geesvervuld is, is voortdurend aan versoekings, geestelike misleiding en menslike swakhede blootgestel, en moet waak om nie as gevolg daarvan te struikel nie.

Die Here het medelye met swakhede, omdat dit deel is van menswees. Hy het egter nie medelye met sonde nie – slegs ’n oplossing daarvoor, naamlik verlossing en reiniging deur die kosbare bloed van die Lam. Daar moet ernstig gewaak word dat ons persoonlike swakhede nie tot sonde aanleiding gee nie.

“Terwyl ons dan ’n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, *naamlik* Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie ’n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, *maar* sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb. 4:14-16).

Wat die identifisering en hantering van menslike swakhede betref, is dit belangrik om bewus te wees van die feit dat daar drie betekenisse ten opsigte van die begrip “vlees” in die Bybel is:

1. **Die sondige natuur.** Die ongeredde [natuurlike] mens is “vleeslik, verkoop onder die sonde” (Rom. 7:14). In hierdie verband verwys die term “vlees” na die sondige lewensbeginsel wat ná die sondeval deel van alle mense geword het. Dit is ons Adamiese natuur wat altyd net na die sonde neig. Hiervan word ons in beginsel by die wedergeboorte verlos en met die nuwe natuur van Christus beklee: “Die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig” (Gal. 5:24). Hierná word ons in die praktyk voor die uitdaging gestel om volgens die Gees (die lewensbeginsels van die nuwe mens) te wandel en nie volgens die vlees (die lewensbeginsels van die ou mens) nie. Dit is heiligmaking.
2. **Die menslike liggaam,** ongeag die aard van die geestelike beheer waaronder dit verkeer. As Christen moet die lewe van Jesus in my sterflike vlees [liggaam] geopenbaar word (2 Kor. 4:11). Paulus sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ék [die ou, sondige Paulus] leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe [in my menslike liggaam] leef ek deur die geloof in die Seun van God” (Gal. 2:20). Die sondige natuur van Paulus was dus dood, maar andersins het hy self, as die nuwe mens, nog in sy eie liggaam gewoon. Christene wandel ook in die vlees [liggaamlik] al het hulle hul ou, vleeslike natuur afgesterf: “Hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie” (2 Kor. 10:3). God is ook in die vlees geopenbaar (1 Tim. 3:16), bedoelende dat die Here Jesus ’n menslike liggaam gehad het toe Hy “vlees geword” het (Joh. 1:14). Hy het egter nooit ’n sondige vleeslike natuur gehad nie omdat Hy in sy menswording nie deur ’n sondige man verwek is nie, maar deur die Heilige Gees.
3. **Menslike swakhede.** Paulus sê: “Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees ...” (Rom. 6:19). Hier praat hy nie van die voortdurende en onafgebroke sondegeneigdheid van die ou, vleeslike natuur nie, maar van swakhede van die vlees wat ook deur die geredde en Geesvervulde kinders van die Here ervaar word. As gevolg hiervan sit baie van hulle nog hulle ou, sondige gewoontes voort en jaag nie heiligmaking na nie. Sommige van hierdie swakhede is die gevolg van die sondeval wat die mens in verskeie opsigte skeef getrek het, en ander is bloot net deel van menswees. Swakhede moet in ’n ernstige lig beskou word omdat dit die oorsaak van sonde kan wees. Een van die mens se ernstige swakhede is dat sy liggaam hom blootstel aan verskeie soorte versoekings. Hy is ook onvolkome in sy kennis, beperk in sy kragte, en traag in sy ywer. Hy kan siek word, moedeloos raak, smarte ly en pyn verduur. Dit geld vir almal.

Omdat die Here Jesus ’n menslike liggaam gehad het, kon Hy versoek word en ook pyn en lyding ervaar. Hy was ’n man van smarte en bekend met krankheid. Hy was egter ’n volmaakte mens omdat Hy nooit ’n sondegeneigde natuur gehad het of aan die gevolge daarvan gely het nie. Hebreërs 7:28 sê: “Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die

woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan wat vir ewig volmaak is." Juis hierom was Hy 'n volmaakte offer vir ons sondes en swakhede. Omdat Hy self onder versoekings gely het, kan Hy dié help wat versoek word (Heb. 2:18). Hy is 'n Hoëpriester wat medelye met ons swakhede het. Uit genade vergewe Hy ons sondes wat uit swakheid begaan is. Ons moet egter die goeie stryd van die geloof stry en oorwinning hieroor kry: "Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie" (Rom. 13:14).

Die volgende is die algemeenste swakhede wat die Here ons voortdurend deur die krag van die Heilige Gees wil help om te oorwin, sodat dit nie 'n oorsaak tot mislukking en sonde in ons lewe word nie:

Versoekings

Hoewel 'n Geesvervulde persoon 'n nuwe natuur het wat uit God gebore is, leef hy in 'n gebrekkige menslike liggaam wat vyf poorte na die wêreld het. Dit is jou vyf sintuie wat aan jou 'n bewussyn van die wêreld verleen, en waardeur die bose wêreld jou ook probeer beïnvloed en by sondes intrek. Jy kan sien, hoor, voel, ruik en proe. Omdat versoekings op jou sintuie gerig word, moet jy streng beheer daaroor uitoefen. Dit is nie sonde om versoek te word nie – Jesus is self versoek – maar jy moet nie aan die versoekings toegee nie en dit oorwin. Hebreërs 2:18 sê van Jesus: Omdat Hy "self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word."

Die mag van die gewoonte

Benewens die genoemde sintuie het jou liggaam ook ledemate soos jou hande, voete, verstand en mond waarmee jy werke kan doen. Met jou liggaamlike krag en vermoëns kan jy óf sonde doen óf goeie dinge doen en die Here dien. Weens onkunde, onverskilligheid en die mag van die gewoonte, hou baie Christene nog aan om sekere sondes te doen. Terselfdertyd laat hulle ná om die Here met hulle hele lewe en al hulle kragte te dien. Aan sulke misleide en onverskillige mense vra die apostel Paulus: "Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 6:2). Dan gee hy ook die oplossing:

"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat dan die sonde in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie" (Rom. 6:11-14).

Vergeetagtigheid

'n Algemene menslike swakheid is vergeetagtigheid. Israel is vroeg in hulle bestaan al hierteen gewaarsku. Moses het vir hulle gesê: "Neem jou dan in ag dat jy die HERE nie vergeet wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het nie" (Deut. 6:12). "Wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak" (Deut. 4:9). Tog hét die volk die Here vergeet. Eeue later het Jesaja vir hulle gesê: "Jy het die God van jou heil vergeet en nie gedink aan die rots wat jou toevlug was nie. Daarom lê jy lieflike tuine aan en beplant dit met uitlandse wingerdstokke" (Jes. 17:10). In Jeremia 2:32 sê die Here: "My volk het My vergeet, dae sonder getal." Hulle het die rug op Hom gedraai en geleef asof Hy nie bestaan nie.

Vergeetagtigheid is ook 'n Nuwe-Testamentiese probleem waarteen Jakobus ons in sy brief waarsku: "Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen" (Jak. 1:23-25).

Petrus sê 'n persoon wat nie heilig leef nie – iemand wat nie by sy geloof ywer, kennis, selfbeheersing, godsvrug en broederliefde voeg en ook hierin toeneem nie – is "blind en

kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet" (2 Pet. 1:9). Hy het heeltemal vergeet van die fondament wat tydens bekering in sy lewe gelê is, en bou glad nie onder die leiding van die Heilige Gees daarop voort nie. Só 'n persoon wandel nie na die Gees nie, maar na die vlees. Hy gaan dus nie geestelik vooruit nie, maar agteruit.

Traagheid en onvrugbaarheid

Luiheid, die ontduiking van pligte en die hou van 'n lae profiel wanneer jy in werklikheid jou kant moet bring, is 'n tipiese menslike swakheid waaroor ons oorwinning moet kry. Paulus sê: "Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking … Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe" (Rom. 6:19, 22).

Paulus het 'n verbete veldtog gevoer teen die swakhede van sy vlees, soos luiheid en onvrugbaarheid: "Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie" (1 Kor. 9:27). Waarom is 'n mens verwerplik as jy nie die Here dien nie en net nominaal in Hom glo? Die Here moet ons eers herskep voordat ons werktuie in sy reddende regterhand kan wees. Daarna moet ons deur heiligmaking bruikbare, rein en gewillige kanale word waardeur sy Heilige Gees kan vloei, anders kan Hy ons nie gebruik om sy verhewe doel op aarde te bereik nie.

Besoedeling van die gees, die siel én die vlees

Omdat ons ín die wêreld is, bring kontak met die wêreld en al sy booshede noodwendig besoedeling mee waarvan ons voortdurend gereinig moet word. As ons iets onheiligs sien, hoor of beleef, besoedel dit ons. Indien ons onsself doelbewus daaraan blootstel of daaraan deelneem, dan sondig ons. Dit moet dadelik bely en laat staan word, anders verloor ons ons geestelike oordeelsvermoë, word verblind in ons gemoed en ontvang die krag van die dwaling om die leuen te glo.

Paulus sê: "Laat ons ons van alle besoedeling van die gees en die vlees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1). Besoedeling van die gees het te doen met geestelike dwalings waardeur 'n mens mislei en verwar kan word. Voorbeelde hiervan is vals godsdienste en sektariese leerstellings, insluitende die mistiese kragte van die New Age-beweging. Dit sluit buite-Bybelse openbarings in, soos profesieë deur selfaangestelde profete en profetesse, drome, visioene, mistiese genesingspraktyke, hipnotiese regressie en buitesintuiglike waarneming. Die geestelik-sensuele ervarings wat deel is van die wêreldwye misleiding deur die *val in die gees* en *lag in die gees*-beweging, word deur Satan in sy geestelike aanslag op die Christendom gebruik om baie mense op 'n dwaalweg te laat beland.

Besoedeling van die vlees het te doen met liggaamlike sondes wat as immorele dade beskryf kan word. Vermy alle deelgenootskap met die sonde. Dit begin dikwels by gesprekke met 'n sondige strekking: "Moenie dwaal nie, slegte gesprekke bederf goeie sedes" (1 Kor. 15:33). Sulke gesprekke en dade kan jou hele lewensloop besmet. Baie mense is onverskillig en stel hulleself moedswillig aan besoedeling bloot deur byvoorbeeld pornografiese boeke te lees en na vuil video's te kyk. Dit kan lei na owerspel en seksuele onreinheid, asook drankgebruik en gewelddadigheid. Sodoende word hulle weer slawe van die sonde en deurboor hulleself met baie smarte.

Hoogmoed

Dit is 'n algemene neiging by mense om belangrik te voel, na erkenning te soek en in aansien by die wêreld te wil wees. Die Bybel het goeie raad oor hoe om dié neiging te hanteer: "Elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" (Matt. 20:27-28). Ons moet nederig, diensbaar, verdraagsaam en liefdevol wees.

"Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie" (Gal. 5:26). As ons met hierdie ingesteldheid voortgaan, verbeur ons die seën van die Here: "God weerstaan

die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade" (Jak. 4:6). Wil jy toeneem in genade? Moet dan nie jouself verhef nie. "Hý moet meer word, maar ék minder" (Joh. 3:30).

Emosionele swakhede

Die mens is 'n gevoelvolle wese wat wisselende emosies beleef. Baie swakhede in gedrag en houdings kan hieruit spruit as jy nie 'n Geesbeheerde temperament het nie. Jy kan in moedeloosheid en belangeloosheid verval. Jy kan ook deur driftige en ongetemde emosies beheer word. Waak altyd daarteen dat jou gevoelens hand uitruk en na sonde lei: "Word toornig en moenie sondig nie" (Ef. 4:26). Moet jou ook nie aan vreesgevoelens oorgee nie: "Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7). Een van die vrugte van die Gees is selfbeheersing, en dit gee aan jou volle beheer oor enige emosie.

Wat jou persoonlikheidstipe met sy kenmerkende sterk en swak punte ook al mag wees, deur die krag van die Heilige Gees kan jy jou emosionele swakhede oorkom en jou met goddelike gesindhede beklee. Omdat emosies so veranderlik is, moet hulle altyd 'n sekondêre rol in jou geloofslewe vervul. Gevoelens moet nooit die oorhand oor geloof verkry nie.

'n Gebrek aan liefde en onderskeidingsvermoë

Paulus bid die Christene liefde, wysheid en onderskeidingsvermoë toe: "En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus" (Fil. 1:9-10).

Vir die Efésiërs sê hy dat hulle uit hul toestand van geestelike swakheid en onvolwassenheid moet ontwaak en nie meer soos kinders moet wees wat nie kan onderskei tussen reg en verkeerd nie (vgl. Ef. 4:13-14). Met die groei in heiligmaking kom daar ook dieper insig in Bybelse leerstellings.

'n Onvermoë om te kan preek en getuig

Die volgende aanklag word aan die meeste Christene gerig: "Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en het julle weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spyse is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei. Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van bekering uit dooie werke" (Heb. 5:12–6:1).

Die Heilige Gees stel ons in staat om op te groei en ook getuies vir Christus te wees. Hy versterk ons met krag uit die hoogte, onderrig ons uit die Woord en lei ons in die hele waarheid. Hoe ver het jy in die leerskool van diensbaarheid gevorder?

Onkunde om reg te kan bid

"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge" (Rom. 8:26). Ook skep die Heilige Gees die oortuigings in ons harte waarvoor ons moet bid, en gee aan ons die vermoë en vrymoedigheid om in die openbaar te kan bid. 'n Heilige lewe is 'n lewe van gebed. Hierin moet jy toeneem, want 'n wankelende geestelike lewe staan tot 'n groot mate met biddeloosheid in verband (Jak. 4:2). Vra die Here om jou met die Gees van gebed en smeking te vervul sodat jy by elke geleentheid kan bid in die Gees (Ef. 6:18).

Vleeslike swakheid om te kan waak

"So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie? Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak" (Matt. 26:40-41). Hoe dikwels faal ons nie as gevolg van vleeslike swakheid om ons goeie voornemens uit te voer nie! Ons besluit byvoorbeeld om vroeg op te staan en te bid, maar dan is dit te lekker om nog 'n bietjie te slaap en te sluimer. Ons moet gedurigdeur met danksegging waak en bid. Dissiplineer

jouself en koop die tyd uit om die Here te dien en te aanbid.

Moegheid

Dikwels word ons moeg vir al die werk wat ons moet doen, of sien bloot net op teen al die moeite wat dit vir ons meebring. Paulus vermaan die Galásiërs: “En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie” (Gal. 6:9). Johannes sluit hierby aan: “Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ’n volle loon ontvang” (2 Joh. 1:8). Daar moet besondere volharding op hierdie terrein van ons geestelike lewe beoefen word, sodat ons nie sal skuil agter ons swak gesondheid of beperkte krag om niks te doen nie.

Die probleem is gewoonlik dat as jy jou godsdienstige pligte om een of ander rede verwaarloos of ter syde skuif, jy begin om in die plek daarvan die wêreld te dien. Hou dus ten spyte van moegheid of moeite aan om die Here te dien en die werk te doen wat Hy aan jou toevertrou het. Hy bemoedig jou só: “Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel” (Matt. 24:45-47).

Lyding en siekte

Paulus het die volgende oor liggaamlike lyding gesê: “… [daar] is my ’n doring in die vlees gegee dat ek my nie sou verhef nie … En [die Here] het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring … Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk” (2 Kor. 12:7-10).

Baie mense dink dit is sonde om swaar te kry, te ly of siek te wees. Ons lees egter dat Jesus ’n man van smarte was, bekend met krankheid. Dit is waarom Hy medelye met ons menslike swakhede kan hê. Omdat Hy aan ons menslikheid gelyk geword het, het Hy ook gely. Hy is deur die Satan versoek, maar sonder sonde. Jesus neem soms die swakheid en teistering van ons liggaam weg, maar in baie ander gevalle gee Hy aan ons krag en vertroosting in ons swakheid en krankheid.

Paulus het drie keer vir verlossing en genesing van die doring in sy vlees gebid, maar dit nie verkry nie. Hy het egter die troosryke belofte van die Here gekry dat sy genade altyd vir Hom genoeg sou wees, met ander woorde, dat Hy hom ten spyte van sy gebreke sou deurdra. Die krag van die Here word in ons swak liggame volbring, daarom weet ons dat die eer en roem vir dit wat bereik word, altyd net aan Hom toekom.

Moedeloosheid as gevolg van teëstand, vervolging en versoekings

Ons word opgeroep tot volharding te midde van moeilike omstandighede: “Julle moet ag gee op Hom wat so ’n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie” (Heb. 12:3-4).

Soos Elía, voel die kind van die Here soms moedeloos as gevolg van mense se verwerping en al die aanslae teen hom. Moet egter nie hieraan toegee, in depressie verval en van jou probleme probeer weghardloop nie. Vertrou die Here om aan jou ’n nuwe vervulling met krag uit die hoogte te gee en sit die stryd met vaste toewyding voort. Toe Elía gedink het dat hy alleen in ’n geestelikafvallige en moreelverdorwe volk oorgebly het, het die Here gesê dat daar nog sewe duisend was wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie (Rom. 11:4).

In ons afvallige volk is daar ook ’n relatief klein kerngroep wat aan die Here getrou bly en te midde van teëstand die goeie stryd van die geloof stry. Voeg jou by hierdie groep mense wat nie kompromiemakers is nie, en moenie dat die meerderheid vormgodsdienstiges wat ongehinderd met die stroom van sonde en ongeregtigheid afdryf, jou ontmoedig of tot passiwiteit beïnvloed nie. Staan onbeweeglik vas op die Rots Jesus Christus en laat jou nie van die hoop van die evangelie afbring nie (Kol. 1:23).

Konflik en onvergewensgesindheid

Dit is ’n vleeslike swakheid en sonde om gedurig in stryd en konflik met ander te wees, en as gevolg daarvan verbitterd en onvergewensgesind te raak. Daardeur vernietig jy jouself geestelik en besoedel ook ander met wie jy in aanraking kom: “Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie” (Heb. 12:14-15).

Teruggevalle Christene is verbitterd teen alles en almal, en dikwels ook teen die Here, as gevolg van die teleurstellings, verliese en terugslae wat hulle gehad het. In gesprekke dra hulle hierdie verbittering op ander mense oor en trek hulle sodoende ook geestelik af. Ons sal moet leer om ons omstandighede te aanvaar, moeilik soos wat dit ook al mag wees. Kry oorwinning oor jou probleme, vergewe ander wat jou te na gekom het, en glo dat die Here jou sal bewaar. Dit is ’n toonbeeld van innerlike krag en heiligheid as jy onder omstandighede soos dié steeds onbeweeglik op die Rots kan bly staan.

Word sterk in die Here

Ons opdrag is om nie deur ons menslike swakhede en tekortkomings afgetrek te word nie, maar om ons met die nuwe mens te beklee en onder alle omstandighede oorwinnend in Christus te leef. Ons het verskeie beloftes en opdragte oor geestelike versterking deur die krag van God (Hand. 1:8; Ef. 6:10-11; Luk. 24:49; 2 Pet. 3:18).

Die apostels het uitvoering aan hierdie opdragte gegee en is met die krag van die Heilige Gees beklee. Stéfanus was ook vol van geloof en krag. As ons nie in hierdie krag toeneem en oorwinnend en heilig leef nie, sal ons ons menslike swakhede ten prooi val en begin dwaal en sondig. Daar sal dan ook aan ons gesê kan word: “Julle dwaal omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie” (Matt. 22:29). Ons moet met die Here se krag bemagtig word, want sonder Hom kan ons niks doen nie (Joh. 15:5). As Christene wat sterk is in die Here, moet ons dan die geestelik swakkeres help en bemoedig:

- “En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie” (Rom. 15:1).
- “Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie” (Gal. 6:1).
- “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (1 Kor. 10:12).
- “Ons moet des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie” (Heb. 2:1).
- “Vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Heb. 3:13). Ons kan te midde van al die aanslae en versoekings meer as oorwinnaars in Christus wees.

Vanuit ’n posisie van krag en vrymoedigheid in die Here moet ons dan uitbeweeg om die lig van Christus in ’n donker wêreld te laat skyn. Kinders van die Here moet gemotiveer word om met groter volharding en geloof vir die redding van siele te bid. Hulle moet die Here ook vir herlewing onder die lou en wêreldgesinde Christene vertrou.

Die bediening van Bybelse vermaning en tug moet ook onder die leiding van God se Gees, en met die gesag wat die Here hiertoe aan ampsdraers in die kerk verleen, met groter fermheid beoefen word. Die opdrag is: “… weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie” (2 Tim. 4:2-3).

Daar moet ernstig gesprek gevoer word met die predikante en lidmate van Laodicése kerke wat in hulle selfvoldaanheid sê: “Ons is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie,” terwyl die Here sê dat hulle arm en blind en naak is, en dus geestelik beklaenswaardig is (Op. 3:17-18). Dit is slegs die Heilige Gees van God wat ’n mens bekwaam kan maak en krag gee om te

midde van groot teëstand vir die waarheid op te staan.

Christus ons Voorspraak

Hoe moet ons te midde van al die versoekings, en ook ons eie swakhede, op die regte pad volhard? Daar is bepaalde voorwaardes waaraan ons moet voldoen indien ons ons lewe rein wil bewaar voor die Here. Johannes sê: “As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde” (1 Joh. 1:7). Wanneer die tydvorm van die betrokke werkwoorde in ag geneem word, kan hierdie teks só geparafraseer word: “As ons onafgebroke in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan is ons daagliks in verbinding met God; en die bloed van sy Seun, Jesus Christus, reinig ons voortdurend van alle sonde.”

Dit is ’n baie belangrike riglyn vir ons lewe ná bekering. Ons moet in die lig van die Here Jesus se teenwoordigheid wandel. Dit beteken dat ons in Hom moet bly en nie van Hom moet afdwaal nie. Hy is die vleesgeworde Woord, en deur die bestudering van die Woord kan ons verseker dat ons noue voeling met Hom behou. Paulus sê: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid” (Kol. 3:16). As ons dit eerbiedig, sal ons nie sonde doen nie. Die psalmis sê: “Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie” (Ps. 119:11).

Die doel waarna ons moet strewe is om nie te sondig nie. Weens ons menslike feilbaarheid kán ons egter sondig, maar dan moet die saak dadelik weer reggestel word: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Joh. 1:9). Sonde besoedel ons lewe en ons moet so gou as moontlik weer daarvan gereinig word: “Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind” (Spr. 28:13).

Dit moet ’n ernstige ingesteldheid by Christene wees om nie te sondig nie, maar indien dit wel gebeur, moet ons ons verootmoedig en daardie sonde bely. Johannes beskryf die noodsaaklikheid van voortgesette reiniging só: “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ’n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld” (1 Joh. 2:1-2).

Christene moet onthou dat daar gedurig pogings deur Satan aangewend word om hulle voor die Vader se troon in die hemel aan te kla wanneer hulle sondig. Die duiwel word in Openbaring 12:10 beskryf as “die aanklaer van die broeders” wat ons dag en nag voor God aankla. Wanneer Hy dit doen, tree Jesus Christus egter as Voorspraak of Advokaat namens ons op om die aanklagte te verwerp, mits ons reeds van daardie oortredings gereinig is.

Die Here Jesus behartig dus Christene se verdediging wanneer hulle by die Vader aangekla word. Die King James en New King James Bybels sê: “And if anyone sins, we have an advocate with the Father, Jesus Christ the righteous.” Die Amplified Bible sê: “But if anyone should sin, we have an Advocate (One Who will intercede for us) with the Father; it is Jesus Christ the all righteous.” Die New International Version sê: “But if anybody does sin, we have one who speaks to the Father in our defence – Jesus Christ the Righteous One.”

Om egter die voorreg te kan geniet van ’n Advokaat wat namens ons by die Vader intree, moet ons elke dag in die lig wandel en gereeld alle sondes waarvan die Heilige Gees ons oortuig, bely en laat staan. Ons moet dus in die versoening leef – dan alleen sal Satan se aanklagte verwerp word (vir meer inligting oor Jesus as ons Voorspraak, kyk Malan 2012b).

7. Vervulling met die Heilige Gees

Die leer oor heiligmaking as ’n verdere genadewerk ná regverdigmaking word in ’n toenemende aantal kerke en kweekskole verwerp. Dit word as werkeheiligheid en nuttelose menslike pogings beskryf. As hierdie leer nie ernstig opgeneem en in ere herstel word nie (sonder om in die slaggate van die ervaringsteologie te beland), sal die kerk se geestelike armoede en kragteloosheid tot sy eie nadeel verder vererger.

Die volgende opdrag geld vir alle Christene: “… word met die Gees vervul” (Ef. 5:18).

Dit is noodsaaklik dat Christene die opdrag tot vervulling met die Heilige Gees ernstig sal opneem en uitvoering daaraan sal gee. Dit is vir ons nodig om presies te weet wat hiermee bedoel word, sodat ons die volle seën kan verkry. Die woord *vervul* beteken:

- om onder die *volle beheer* van die Heilige Gees te wees;
- om *opgevul* te wees soos wat ’n houer tot bo toe heeltemal vol gemaak is;
- om *versadig* te wees soos dors wat geles en ’n hongerige wat volkome versadig is;
- om met die Gees *deurdronge* te wees op die terreine van jou gees, intellek, wil en emosies; en
- om ’n *afgehandelde* heilswerk deelagtig te wees wat in elke opsig voltooi is.

Met die oog op die veelvuldige bedieninge van die Heilige Gees kry ons die uitdruklike opdrag om met die Gees vervul te word. Dit beteken dat ons nie by die eerste werke van die Gees, naamlik sondeoortuiging en wederbaring, moet berus nie, maar na die volheid van die Heilige Gees moet soek. Ons word opgeroep om ’n lewe te lei wat volkome onder die beheer van die Heilige Gees is, sodat ons in ons hele lewenswandel heilig kan word. Dit beteken net een ding, en dit is dat ons ná ons bekering verder deur die Heilige Gees vervul, beheer en gebruik moet word. Dit is God se plan vir al sy kinders.

Die feit dat ’n Christen reeds by sy bekering die Heilige Gees ontvang het, onthef hom nie van die duidelike opdrag om met die Gees vervul te word nie. Inteendeel, die opdrag tot vervulling met die Gees word nét aan kinders van die Here gegee wat almal reeds die Heilige Gees ontvang het! Hulle moet nou verder vervul word tot die algehele volheid van God. Die Vader, die Here Jesus én die Heilige Gees moet meer word in ons lewe, en ons minder (Joh. 3:30). In die vervulling met die Heilige Gees is daar twee duidelike aspekte waarop ons moet let, naamlik ’n leegmaak- én ’n volmaakproses.

Die Here wil nie hê ons moet beskryf word as vleeslike Christene nie, maar as Geesvervulde Christene. ’n Vleeslike gesindheid maak ’n mens opgeblase en vervuld van jouself (Kol. 2:18). In elke opsig ondermyn dit jou geestelike lewe, daarom moet jy dit teëstaan: “Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel” (1 Pet. 2:11). Net die Gees van God kan die mag van die vlees breek en self jou lewe beheer sodat die Here daardeur verheerlik sal word.

Aangesien die Heilige Gees ’n Persoon is, kan Hy in ’n meerdere of mindere mate beheer oor ons lewens uitoefen. By die vervulling stort Hy meer van sy gawes, liefde, krag en wysheid in ons harte uit. Daarna word sy teenwoordigheid in ’n baie groter mate as tevore ervaar. Ná ’n volle oorgawe word ons met Hom deurdronge en Hy beheer en heilig elke aspek van ons lewe. Ons hele lewenswandel word verander en vernuwe.

Die vroeë Christelike kerk

Die wyse waarop die Heilige Gees aan die vroeë Christelike kerk gegee is, bevestig bo enige twyfel die feit dat ’n Christen met sy/haar bekering nog nie met die Heilige Gees vervul is nie. Nadat die Gees ’n persoon wederbaar het, het Hy hom/haar ook vir diensbaarheid vervul en toegerus. Let op die volgende Nuwe-Testamentiese uitsprake hieroor:

- Die dissipels van Jesus was voor Pinksterdag gered en het reeds die Heilige Gees ontvang. In Johannes 20:21-22 lees ons: “Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader

My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy *op hulle* en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees."

- Op Pinksterdag is die dissipels met die krag en vrymoedigheid van die Heilige Gees vervul om hulle opdrag as die getuies van Jesus in 'n vyandige wêreld te kon uitvoer. Alhoewel die Gees reeds in hulle harte was, was daar op dié dag 'n verdere versterking met krag uit die hoogte: "Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit het. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees" (Hand. 2:3-4).
- Ná hulle eerste vervulling is die dissipels wéér met die Heilige Gees vervul, wat daarop dui dat ons meerdere vervullings in ons lewe nodig het. In Handelinge 4:31 lees ons: "En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek." Die Here het hulle toe deur 'n verdere werking van sy Gees bemoedig en versterk.
- Paulus is met die Heilige Gees vervul drie dae ná sy dramatiese bekering op die Damaskuspad. Ananías het in opdrag van die Here na Paulus gegaan, hom die hande opgelê en gesê: "Saul, broeder, die Here het my gestuur, *naamlik* Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word" (Hand. 9:17). Op sy eerste sendingreis is Paulus en sommige van die dissipels tydens 'n groot vervolging in Antiochíë weer met die Heilige Gees vervul: "En die dissipels is vervul met blydskap en met die Heilige Gees" (Hand. 13:52).

'n Besliste vereiste

Dit is vir elke Christen 'n noodsaaklike vereiste om met die Heilige Gees vervul te word. Indien dit so was dat elke Christen outomaties met die Heilige Gees vervul is, sou daar nie so iets soos kragtelose, moedelose, biddelose, vleeslike, onseker en onvolwasse Christene gewees het nie. Dit is juis omdat nie almal Geesvervuld is nie dat die Bybel so dikwels sê wié Geesvervuld is, en wat die kenmerke van 'n Geesvervulde Christen is:

- Ons lees oor Johannes die Doper se lewe: "Hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees" (Luk. 1:15; kyk ook Luk. 1:41 en 67 oor Johannes se ouers).
- Petrus was vervul met die Heilige Gees toe hy op Pinksterdag gepreek het (Hand. 4:8).
- Dit was 'n vereiste vir die eerste diakens om Geesvervulde Christene te wees, en hulle lewens moes ook daarvan getuig: "Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid" (Hand. 6:3).
- Stéfanus was 'n man "vol van geloof en van die Heilige Gees" (Hand. 6:5; kyk ook 7:55).
- Paulus bid die gemeente in Éfese toe om met krag versterk te word deur die Gees van God in die innerlike mens, sodat hulle "vervul kan word tot al die volheid van God" (Ef. 3:16, 19). Hulle word ook vermaan om nie wyndrinkers te wees wat losbandig leef nie, maar om met die Gees vervul te word (Ef. 5:18). Keuses moet gemaak word.

God beloof sy Gees aan elkeen wat daarom bid (Luk. 11:13). Hy wat die leer van heiligmaking verwerp, "verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het" (1 Thess. 4:8).

Krag uit die hoogte

Het jy jouself al afgesonder, verootmoedig en om die belofte van Geesvervulling in jóú lewe gebid? Die Here Jesus het vir die dissipels gesê dat hulle in Jerusalem moes bly totdat hulle toegerus sou wees met krag uit die hoogte (Luk. 24:49). Die uitvloeisel hiervan, naamlik toerusting vir diens, is duidelik aan hulle uitgespel: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). Daar is reeds daarop gewys dat die dissipels nie net een keer nie, maar meermale met die Heilige Gees vervul is.

Die herlewingsprediker, Charles Finney (1944:9-10), getuig nie net van 'n eerste vervulling met

die Heilige Gees nie, maar ook van verdere vervullings: “Tot eer van die Here wil ek iets van my eie ondervinding hier meedeel. Kort ná my bekering het ek oorweldigende vervullings met die Heilige Gees beleef. Ek het só ’n toerusting met krag ondervind dat slegs ’n paar woorde wat ek gespreek het, tot mense se onmiddellike bekering gelei het. My woorde het die skerpte van ’n swaard gehad en mense se harte soos pyle binnegedring. Dit het hulle weerstand afgebreek en talle het tot bekering gekom. Op ander tye was ek egter weer sonder hierdie krag, dan het my woorde geen indruk op mense gemaak wat tot hulle bekering gelei het nie. Ek het dan ’n dag vir vas en gebed afgesonder en angstig na redes vir die oënskynlike leegheid gesoek. Nadat ek myself verootmoedig en om hulp geroep het, het die krag van die Heilige Gees met ’n nuwe varsheid na my teruggekeer. Só het ek dit telkens in my lewe ondervind.”

Hierdie soort manne van God het geweet wanneer hulle geestelike lewe met die Here nie meer op standaard was nie, en daadwerklik iets daaraan gedoen. Die Here het hulle dan weer met ’n vars salwing ontmoet.

Waarom nuwe vervullings?

Die vraag word soms gevra waarom ons nuwe vervullings met die Heilige Gees nodig het? Dit is omdat ons verhouding met die Heilige Gees so geweldig sensitief is en ons Hom maklik kan bedroef. In Efésiërs 4:30 sê Paulus: “En bedroef nie die Heilige Gees van God nie.” Wanneer ons aan versoekings en swakhede toegee, bedroef ons die Heilige Gees. Wanneer ons ons stiltetye nalaat, traag is om die Here te dien, en ook versuim om Hom te raadpleeg en te ken in al ons weë, bedroef ons Hom ook. Al hierdie dinge kan na geleidelike veragtering in die genade lei, met die gevolg dat ons ons salwing kan verloor. Ons verloor nie hiermee die Heilige Gees nie, maar ons bedroef Hom deur sy invloed in ons lewe te beperk. Hy onttrek dan sy krag en blydskap van ons, asook die salwing wat ons gehad het.

By die eerste tekens dat dit besig is om te gebeur, moet ons dadelik ’n tyd van selfondersoek en verootmoediging inruim en die saak met die Here regstel. Dit moet gebeur vóórdat ons tot oneer van die Here begin leef, en ander mense duidelik bemerk dat ons besig is om geestelik af te koel. Dawid het in sy binnekamer gebid: “Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my ’n weg is van smart, en lei my op die ewige weg! (Ps. 139:23-24). Die Heilige Gees sal ons van ons sonde oortuig.

Indien kinders van die Here niks aan die proses van veragtering in die genade doen nie, val hulle terug in ’n vleeslike toestand. Aan hulle sal dan ook, soos aan die Galásiërs, gesê kan word: “o, Onverstandige Galásiërs … nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees” (Gal. 3:1-3). Dit is selfs moontlik om ook die Heilige Gees in jou lewe uit te blus soos wat ’n lamp uitgeblus word (1 Thess. 5:19). Dit is ’n uiterste vorm van veragtering hierdie, maar dit kan nogtans gebeur. Moedswillige sondes waarmee mense volhard, kan sulke gevolge in hulle lewe hê.

Iemand wat in sonde geval het, moet dadelik sy/haar sondes bely en daarmee breek. Bid om die reiniging van jou sondes deur die bloed van die Lam, en bid ook vir ’n nuwe vervulling met die Heilige Gees. Moenie met jou sonde voortgaan, afvallig en hard teenoor die Here word, en sodoende die Heilige Gees uitblus deur boosheid in jou hart toe te laat en te herberg nie (vgl. Heb. 3:12-13).

’n Teruggevalle Christen moet die gebed van Dawid bid nadat hy of sy in sonde geval het: “Was my, dat ek witter kan wees as sneeu … Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my oortredinge. Skep vir my ’n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ’n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil en ondersteun my deur ’n gewillige gees. Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer” (Ps. 51:9-15).

Buitengewone ervarings

Baie Christene huldig eensydige of verkeerde sienings en beland op dwaalweë omdat hulle met betrekking tot die vervulling met die Heilige Gees verwagtings koester oor ekstatiese tekens wat nie vir ons bedoel is nie. Die buitengewone tekens wat met die uitstorting van die Heilige Gees

gepaard gegaan het, was vir Israel, die nie-Joodse nasies en die vroeë Christelike kerk bedoel, en hierdie doel is in die eerste eeu bereik. Die klem in die Pinksterbelofte val op ’n spesiale toerusting met krag, ’n doop met die Gees, ’n vervulling met die Gees, ’n gawe van die Gees, ’n uitstorting van die Gees. Hierdie is almal Bybelse terme wat in die Nuwe Testament gebruik word. In Handelinge 2 lees ons verder:

“En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel ’n geluid soos van ’n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees” (Hand. 2:1-2).

Die dissipels is nie aangesê om te wag vir die geluid van ’n geweldige rukwind nie. Dit was ’n buitengewone wonderwerk en nie deel van die belofte wat aan hulle gemaak is nie. So ook was die tonge van vuur wat verdeel en op elkeen van hulle gaan sit het, nie aan hulle belowe nie. Die belangrike saak is dat hulle almal vervul is met die Heilige Gees. Die volheid, die doping, die krag, die gawe, die toerusting met die krag van die Heilige Gees, is wat aan hulle beloof is.

Dieselfde geld vir die gawe van tale. Niemand het die reg om ’n beginselsaak te maak van die feit dat die mense in verskeie tale met die omstanders gepraat het nie. Dit was ’n spesiale wonderwerk waardeur die Here aangetoon het dat die evangelie van Jesus Christus nie net vir sy volk Israel bedoel was nie, maar vir elke volk en taal en stam en nasie. Dit was ook ’n metode van bonatuurlike kommunikasie met vroeë Christene in ’n stadium toe daar nog nie een van die briewe van die Nuwe Testament beskikbaar was nie.

Die wyse van vervulling

Die volgende opmerkings oor die vervulling met die Heilige Gees is gemaak deur ’n Amerikaanse herlewingsprediker, John Rice (1945):

“Om met die Heilige Gees vervul te word, is ’n opdrag. Dit word nie aan jou eie oordeel oorgelaat of jy daaraan wil voldoen of nie. Elkeen wat nie met die Heilige Gees vervul is nie, is buite die wil van God. Só ’n persoon is ongehoorsaam en leef ’n onvrugbare lewe. Die rede waarom jy nie siele wen nie, is omdat jy ongehoorsaam is en nie daarna soek om die volheid van die Gees van God in jou lewe te hê nie.

“Dit is ’n aanklag teen die volk van God dat hulle nie Geesvervulde lewens lei nie. Julle verkeer in sondige ongehoorsaamheid solank as wat julle nie die krag van God in julle lewens het nie. Die skande en die sonde wat die duisende verloregaandes rondom julle na die verdoemenis laat voortspoed, is dat julle kerke het wat met alles vervul is behalwe die Heilige Gees. Dit is julle groot probleem.

“Julle kinders gaan verlore omdat julle nie met die Heilige Gees vervul is nie. Julle praat met mense en dit maak geen verskil nie omdat julle nie met die Heilige Gees vervul is nie. Jaar ná jaar het die Sondagskoolonderwysers ongeredde kinders in hulle klasse wat nie gered word nie. Waarom? Omdat die onderwyser nie met die Heilige Gees vervul is nie. Julle eie kinders groei op na hulle jare van aanspreeklikheid, en julle wen hulle nie vir Christus nie. Waarom nie? Omdat julle nie met die Heilige Gees vervul is nie.

“Mag die Here ook ons predikers vergewe. Ek is ten gunste van predikante en nie krities teenoor hulle nie, maar weet u wat is die probleem met ons predikante? Ons het omtrent alles in die lewe – ons het goeie opleiding, ons het universiteitsgrade, ons het goeie organisasies, ons het goeie toerusting, ons het goeie boeke en omtrent alles wat ons nodig het, behalwe één ding wat in ons lewens ontbreek: die krag van God!

“Om met die Heilige Gees vervul te word, sal jou iets kos. Jy moet sterwe aan jouself en bereid wees om as niks gereken te word. Jy moet ook bereid wees om bespotting te verduur. Daar moet ’n verlange en ’n dors in jou hart na die seëninge van die Here wees. Hy het beloof om die dorstige te verkwik: “Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge” (Jes. 44:3). Dors jou siel werklik na die Here en roep jy na Hom uit om jou te vervul? As jy nie ernstig hieroor is nie, sal jy nie die prys betaal nie. Jy sal nie lank genoeg bid nie. Jy sal ook nie bereid wees om die eer van mense te

versaak om die krag van God te verkry nie.

“Wil jy werklik met die Heilige Gees vervul wees? Indien wel, dan moet jy aan twee voorwaardes voldoen. Die een daarvan is *gehoorsaamheid*. Jy moet ’n getroue volgeling van Jesus wees en jouself vir die redding van siele gee. Petrus het gesê: “En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is” (Hand. 5:32). Jy moet so gehoorsaam soos die apostels word. Hulle was bereid om vir die saak van die Here te sterf. Is jy ook bereid om jouself op die altaar te lê en as dood vir die wêreld en die sonde te reken sodat jy die Here in alles kan behaag? Dan sal Hy jou met sy Gees vervul.

“Die tweede vereiste is om in gebed te wag op die Here. Jakobus sê: “Julle het nie, omdat julle nie bid nie” (Jak. 4:2). Volhardende gebed en smeking is nodig. Die dissipels het tien dae lank gebid, hulleself voor God ondersoek, hulle sondes bely, en op die belofte van die Heilige Gees gewag totdat hulle dit verkry het. Hulle het in die geloof op die vervulling van die Here se belofte gewag en is almal toegerus met krag uit die hoogte.

“Is jy vervul met die Heilige Gees? Ek wonder hoeveel mense is tevrede met die lewe wat hulle nou leef? Is jy tevrede om deur die lewe te gaan sonder om ooit ’n siel vir die Here Jesus te wen? Mag die Here genade betoon aan dié lidmate wat net die kerkbanke warm sit, hulle bydraes gee, in die kerkkoor sing, op die kerkraad dien en Sondagskool hou. Bestaan Christenskap net uit dié dinge? Beslis nie! Wat die Here van jou verwag is om ’n Geesvervulde sielewenner te wees met die krag van God wat op jou lewe rus.

“Al die mensgemaakte werke en organisasies is ’n gruwel vir die Here. Dit is strukture binne strukture en wiele wat draai en rammel soos klinkende metaal en luidende simbale. Wat gee die Here vir dié dinge om? Dit gaan Hom nie aan hoeveel organisasies en komitees jy in jou kerk het, hoeveel sustersbyeenkomste daar is, hoe groot die Sondagskool is of hoeveel geld daar per maand inkom nie. Dit is van geen belang vir Hom nie. As hierdie dinge nie ingestel is op één doel nie, naamlik om die krag van God te verkry sodat siele gered kan word, is die Here nie daaroor begaan nie.

“Baie Christene dink hulle verpligting vir evangelisasie is afgehandel as hulle ’n geldelike bydrae daarvoor gemaak het. Dink jy dit is al wat God van jou verwag? Geldelike bydraes moet sekerlik gemaak word, maar dit is net ’n voorbeeld, of teken, wat op jou liefde vir die saak van die Here dui. Dit is nie jou geld wat die Here wil hê nie, maar jou lewe – jou hart, jou hande en jou voete. … Hy wil hê dat jy jouself moet offer op die altaar. Hy wil jou hart en lewe verander, dit salf en toerus sodat jy ’n sielewenner kan word.”

Dood vir die sonde

Die Geesvervulde lewe is die opstandingslewe van Jesus Christus wat deur die Heilige Gees in ons siele uitgestort word. Voordat ons egter aan die Here Jesus se opstandingslewe gelykvormig kan word, moet ons eers aan sy dood gelykvormig word. “As ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding” (Rom. 6:5). Daar moet volkome identifikasie met die kruis van Christus in ons lewe wees sodat ons ons nuwe posisie as dood vir sonde, kan aanvaar (Rom. 6:11). Die Christen wat dit nie verstaan nie, dink altyd dat die sonde te sterk vir hom is, dat dit steeds mag oor hom het en dat hy dit soms moet gehoorsaam. Hy dink egter net so omdat hy nie weet dat hy, soos Christus, dood is vir die sonde nie.

Indien die gelowige steeds sondig, is dit omdat hy nie sy voorreg gebruik om te leef soos iemand wat dood is vir die sonde nie. As gevolg van onkunde, ’n gebrek aan waaksaamheid, of ongeloof, vergeet hy die betekenis en krag van sy gelykvormigheid aan Christus se dood, en sondig dan weer. Indien hy egter ’n vaste geloof het in dit wat sy deelname aan Christus se dood beteken, het hy deur die Heilige Gees die krag om sonde te oorkom. Hy verstaan baie goed dat daar nie gesê word “sonde is dood” nie. Nee, sonde is nie dood nie. Die sonde leef nog en werk deur die vlees; maar die gelowige self is dood vir die sonde en lewend vir God. Sonde kan dus nie vir ’n enkele oomblik sonder die kind van die Here se toestemming mag oor hom hê nie. Indien hy sondig, is dit omdat hy homself daaraan onderwerp en dit toelaat om oor hom te heers (Murray, 1981:168-174).

Ons moet die leer oor heiligmaking verstaan uit die oogpunt van die Christusgelykvormige lewe, waartoe almal van ons geroep is. Die lewe en sterwe van die Here Jesus was nie net ter wille van die versoening van ons sondes nie, maar ook as ’n voorbeeld waaraan ons deur die krag van die Heilige Gees gelykvormig moet word: “Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ’n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg” (1 Pet. 2:21).

Jesus Christus is nie net ons Verlossing nie, maar ook ons Voorbeeld en Heiligmaking, wie se lewe in ons gestalte moet verkry. Baie min Christene is besig met die nastreef van ’n lewe soos dié van die Here Jesus, en is daarom nie in die ware sin van die woord dissipels en navolgers van Hom nie. Ons moet deur die identifikasie met sy kruisdood vir die sonde sterf en ook met sy Heilige Gees vervul word sodat Hy ons met sy opstandingslewe kan beklee.

8. Volkome Heiligmaking

Volkome heiligmaking is een van die Bybelse terme vir ’n dieper genadewerk. Die volle betekenis daarvan blyk uit die feit dat die mens se gees, siel én liggaam deur die krag van die Heilige Gees teen die aanslae van die Bose beskerm word, en ook vir die diens van die Here bruikbaar gemaak word. Dit stel ons in staat om meer as oorwinnaars in die stryd van die lewe te wees.

“En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen” (1 Thess. 5:23-24).

Die drie basiese aspekte van die wese van die mens wat geheilig moet word, het betrekking op die volgende drie terreine van sy bestaan:

Gees: Geloof, hoop en liefde.
Siel: Intellek, wil en emosies.
Liggaam: Sintuie, fisiologie en ledemate.

Die begrip *volkome heiligmaking* staan in verband met reinheid, diensbaarheid en geestelike weerbaarheid. Sonder ’n noue en intieme wandel met die Here sal ’n Christen nie oorwinnend leef en vinnige vordering in sy/haar geestelike lewe maak nie. Daar moet nie probeer word om geestelike probleme net deur middel van sielkundige en ander metodes te oorwin nie. Die ware weg na oorwinning hang daarvan af of die Here deur die Heilige Gees volle beheer oor jou gees, siel en liggaam het. Wat van jou verwag word om die seën te verkry, is ’n volle oorgawe. Dit is die geheim vir krag en oorwinning. Om dit na te laat, lei gewis na geestelike neerlae en veragtering in die genade.

Paulus noem al drie terreine van die wese van die mens as ter sake vir die goddelike werk van heiligmaking en bewaring teen die Bose, naamlik sy *gees*, sy *siel* én sy *liggaam*:

DIE GEES

Die geestelike lewe van ’n Christen word deur geloof, hoop en liefde gekenmerk. ’n Ongeredde persoon is uit God se oogpunt geestelik dood. Hy het wel ’n gees, maar dit is dood as gevolg van sy oorgeërfde sondige natuur, en ook weens sy eie sondes en misdade. God se liefde is ook nog nie in sy hart uitgestort nie, daarom is hy sonder God en sonder hoop in die wêreld (Ef. 2:12).

Geloof

’n Kind van die Here is geestelik lewendig omdat daar ’n geloofsband tussen hom en die Here is. Dit vereis nie net ’n verstandelike aanvaarding van Christus nie, maar ook ’n geloofsaanvaarding van sy versoeningswerk aan die kruis. Dit gaan altyd met berou en sondebelydenis gepaard. Satan sal jou geloof in God met mening aanval, dit probeer verswak, en deur middel van twyfel en bygeloof aftakel. Jy moet hom met ’n standvastige geloof teëstaan, in die wete dat hy in Christus ’n oorwonne vyand is. Moet nooit in die Here en sy oorwinningskrag twyfel nie. Tree met ’n onwrikbare geloof tot sy genadetroon toe: “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ’n beloner is van die wat Hom soek” (Heb. 11:6).

Soos ander gawes van die Heilige Gees, is geloof dinamies. Jy kan dus minder of meer daarvan hê. Juis hierin is die uitdaging geleë om op te groei in die allerheiligste geloof en geestelik sterker te word. As ons voel dat ons geloof wankelend is, sal ons gebedslewe daaronder ly omdat ons nie meer dinge in die geloof sal vra nie. In só ’n situasie van twyfel moet ons saam met die dissipels vir die Here Jesus vra: “Gee ons meer geloof” (Luk. 17:5).

Die duiwel se aanslae is daarop gerig om jou geestelike groeiproses om te keer. Hy wil hê jou geloof moet minder word en verswak raak. Dit doen hy deur twyfel in jou hart te saai. Dinge gebeur met jou wat jou laat twyfel of die Here nog by en met jou is, of Hy jou nog werklik liefhet en vir jou omgee. Dit is ’n groot sonde om aan die Here se nabyheid en liefde te twyfel, want dan slaan die vyand ’n groot slag in jou lewe om jou geloof te ondermyn en jou uiteindelik in

wanhoop en depressie te laat verval.

Glo jy dat die Here jou nooit sal verlaat nie, selfs nie in die moeilikste omstandighede van jou lewe nie? Hy belowe aan al sy kinders: “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie” (Heb. 13:5). Hierdie vaste wete moet jou bemoedig om die geloofstryd voort te sit: “Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het” (1 Tim. 6:12).

Hoop

Paulus vermaan ons “om vas te hou aan die hoop wat voorlê, [want] ons het dit as ’n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel” (Heb. 6:18-19). Brand die vlam van hoop nog hoog in jou hart? Sien jy uit na die wederkoms van Jesus Christus en na die ewige lewe wat in die hemel vir jou voorlê? Is hierdie hoop ’n anker vir jou siel in die troebel en onstuimige waters waarop jou lewensbootjie vaar?

Jy moet vashou aan die hoop wat voorlê. Maak ’n studie van die wederkoms en ervaar hoedat jy bemoedig word deur die blye verwagting dat die Here Jesus ons kom haal. Die hoop op sy wederkoms sal jou ook standvastig maak en sterk motiveer op die pad van heiligmaking. Dit sal jou aanspoor om Hom nougeset na te volg en jou nie deur die sonde te laat besoedel nie. “Elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:3).

Satan sal probeer om jou wederkomsverwagting te laat verflou sodat dit nie meer ’n motiverende krag in jou lewe is nie. Hy wil nie hê dat jy heiligmaking en diensbaarheid moet nastreef in afwagting op die verskyning van die hemelse Bruidegom nie. Hy sal alles in sy vermoë doen om jou te laat glo in ’n vergeestelikte weergawe van die profesieë, waarin die belofte van die wederkoms tot ’n onbelangrike saak afgemaak word. Sodoende ondermyn hy jou profetiese perspektief.

Wanneer die hoop op die wederkoms van Jesus Christus vervaag, dan vervang die duiwel dit met sekulêre doelwitte soos die versameling van aardse skatte en die opbou van ’n wêreldse koninkryk. Baie mense wil net ryk en voorspoedig wees. Saam hiermee probeer hulle ook om hier en nou ’n Christelike koninkryk op aarde te vestig, en verwag nie meer die koms van die hemelse Vredevors en sy koninkryk nie.

Hoop is ’n baie tersaaklike aspek van ’n Christen se geestelike lewe. Dit is nie net op die ewige lewe gerig nie, maar ook op die Here se sorg en uitredding elke dag van jou aardse lewe. Veral in krisisse moet ons nie moedeloos word nie, maar ons hoop en vertroue volkome in die Here stel dat Hy aan ons uitkoms sal gee: “Die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is ... En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!” (Rom. 5:5; 15:13).

Liefde

As geredde mense is ons gewortel en gegrond in die liefde van Jesus Christus. Van geloof, hoop en liefde is dit die liefde wat die grootste is – God se *agape* liefde wat uitreik na ’n wêreld in sy nood. Menslike liefde is wesenlik verwronge en selfgerig omdat dit altyd net wil hê wat ander mense het, en alles wat die wêreld aanbied. Jy begeer alles wat jou oë sien, en wil dit vir jouself inpalm.

In die openbaring van God se liefde het Hy die eerste tree gegee deur na ons in ons sondige toestand neer te buig. Die Heilige Gees oortuig ons van ons sonde en verlorenheid, en maak ons ook van Jesus Christus se sondaarsliefde en reddende genade bewus. God het aan ons ’n vrye wil gegee en Hy stel ons voor ’n keuse om Christus aan te neem of te verwerp. Hy stel die gawe van geloof tot ons beskikking sodat ons gered kan word. Dit doen Hy om een rede: God is liefde.

Die liefde van God moet die grondslag van jou hele lewe word. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en met al jou kragte. Net so ook moet hierdie *agape* liefde van God wat na ander uitreik, die essensie van jou verhouding met jou medemens word. As jy die Nuwe-Testamentiese beginsel van die liefde nakom, dan het jy die wet vervul

(Matt. 22:37-40; Rom. 13:8-10). Die Here het jou eerste liefgehad, en jy beantwoord dit net.

“Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord” (Rom. 13:12). Het jy al hierdie wapens aangegord – die wapen van geloof, die wapen van hoop, en die wapen van die liefde? Oorwin jy die kwaad deur die goeie, of laat jy jou deur die kwaad oorwin? Satan loods geweldige aanslae op die belewenis en uitleef van God se liefde in jou lewe. Hy wil jou verbitterd en opstandig maak omdat jy nie jou sin kry nie. Hy wil jou ook liefdeloos en haatdraend teenoor mense laat optree wat vir jou probleme skep.

Liefdeloosheid, bitterheid en vrees is drie van die wapens wat die duiwel met groot sukses gebruik in die stryd waarin ons staan. Ons moet liefdeloos en onverdraagsaam teenoor sonde wees, maar nooit teenoor die sondaars nie. As die liefde van God in ons harte is, sal ons geen vrees vir die komende oordele hê nie. Ons sal ook die vermoë hê om in die liefdelose en siek wêreld waarin ons leef, bokant ons probleembelaaide omstandighede uit te styg. “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het” (1 Joh. 4:18-19).

SIEL

Die siel van die mens moet ook geheilig en aan die diens van God gewy word. Die drie aspekte hiervan is die intellek, wil en emosies:

Die intellek

Die verstand van die mens is ’n belangrike poort waardeur kennis van die waarheid én kennis van die leuen kan inkom tot in die dieptes van sy siel.

Deur sy verstand, in samewerking met die sintuie van sy oë en ore, neem hy kennis van die evangelie van vrede wat aan hom verkondig word, en kom tot geloof: “Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God” (Rom. 10:17).

Benewens die waarheid, is daar ook ’n groot aantal bose leringe wat die mens se verstand van buite af binnedring. Die Satan gebruik dit besonder intensief om sy verwarring en leuenpropaganda in mense se gedagtewêreld te vestig. Is jou verstand en gedagtes onder die beheer van Jesus Christus, of is dit ’n bewaarplek vir leuens, vuil gedagtes, materialistiese motiewe, dwaalleringe en halwe waarhede? Jy sal hierdie poort na jou hart met die geestelike wapens tot jou beskikking moet beskerm, anders sal die Bose dit gebruik om in te kom. Elke gedagte moet gevange geneem word tot gehoorsaamheid aan Christus.

Die vestings van vals leerstellings en ook vals godsdienste moet in mense (wat wil luister) se harte neergewerp word, deurdat kennis oor dwaallerings bekend gemaak word. Die planne en strategieë van die vyand, waardeur hy mense intellektueel én geestelik wil mislei, moet ontmasker word. Alle gedagtes en redenasies moet aan die waarheid van Christus en sy Woord onderwerp word. Indien dit nie gedoen word nie, mislei die vyand en sy leuenaars baie mense.

Die wil

Elke Christen moet ’n wilsbesluit neem om die Here van harte te dien en in elke opsig van sy lewe aan Hom gehoorsaam te wees. Die Nuwe Testament leer ons om net die wil van die Here te soek en te doen (Rom. 12:2). Bid die Vader om die verborgenheid van sy wil aan jou bekend te maak (Ef. 1:9), en in jou te “werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Fil. 2:13). Jy moet denkend na sy wil soek in die Bybel. “Julle [moet] nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is” (Ef. 5:17). Bid ook dat jy “vervul mag word met die kennis van sy wil” (Kol. 1:9), sodat jy “volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God” (Kol. 4:12).

Maak jy vordering op hierdie terrein, of slaag die duiwel nog daarin om jou “die wil van die vlees en van die sinne” te laat doen? (Ef. 2:3). Moenie by jou neerlae berus en gaan lê nie, maar vra die Here om jou op te rig en “vry te maak van die strik van die duiwel, nadat [jy] deur hom gevang was om sy wil te doen” (2 Tim. 2:26).

Emosies

Baie mense word in die geestelike oorlog waarin ons betrokke is, op emosionele gebied deur die vyand lamgelê en ontmoedig. In omstandighede van spanning en teleurstelling laat hulle toe dat emosionele depressie ontwikkel, waaruit negatiewe gedagtes soos moedeloosheid, verbittering en selfs algehele belangeloosheid in die lewe voortvloei.

Daar is aktiewe negatiewe suggesties waarmee die duiwel mense ook aanval, soos vergelding, haat, aggressie, naywer, jaloesie en onvergewensgesindheid. In al hierdie opsigte moet die kwaad deur die goeie oorwin word, want die liefde van Christus en die blydskap en vergewensgesindheid van die Here stel ons daartoe in staat. Selfs ook wanneer negatiewe emosies hulle sterk voordoen, moet ons nie daaraan uiting gee nie, maar deur die krag van die Heilige Gees die nodige selfbeheersing beoefen.

Die Christen se temperament en emosionele lewe moet volkome deur die Heilige Gees beheer en bepaal word, anders voer die onstuimige vleeslike temperament die botoon. In ’n oorgegewe lewe sal jy ontdek dat die blydskap van die Here alle negatiewe ervarings, gewaarwordings en gevoelens kan oorheers. Paulus kon onder die haglikste omstandighede in die tronk met oortuiging sê: “Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby” (Fil. 4:4-5).

Petrus sluit ook hierby aan, en sê dat ons ons met ’n onuitspreeklike en heerlike blydskap in die Here moet verbly (1 Pet. 1:8). Vervul die blydskap en vriendelikheid van die Heilige Gees jou lewe? Of het jy dalk nog ’n ongetemde temperament wat baie maklik deur die sielevyand tot onbeheerste uitbarstings opgesweep kan word?

LIGGAAM

Die mens se liggaam moet ook geheilig en aan die Here diensbaar gestel word. Juis hierom val die duiwel ook ons liggame aan en moet dit teen sy ondermyning beskerm word. Die volgende drie aspekte van die liggaam is in hierdie verband ter sake:

Sintuie

Die vyf sintuie van die liggaam is poorte waardeur ’n groot verskeidenheid invloede op jou kan inwerk. Die gehoor is die deur waardeur inligting oor die waarheid én die leuen tot die mens se verstand kan kom. Die oë is ewe belangrik vir die inneem van inligting in visuele vorm, insluitend al die begeerlikhede wat die wêreld aanbied. Die smaaksintuig staan in verband met dit wat jy eet en drink, en word soms deur die reuksintuig aangehelp. Die gevoelsintuig staan met ’n groot verskeidenheid liggaamlike ervarings in verband. Om klaarblyklike redes moet Christene wie se liggame ook aan die Here gewy en geheilig is, ’n groot mate van selfbeheersing beoefen om nie deur sintuiglike ervarings en gewaarwordings te sondig nie.

Fisiologie

Die gesonde funksionering van die mens se liggaam is ’n baie belangrike bate en ’n groot seën van die Here. Om gesond te wees en die volle potensiaal van jou liggaam te kan benut, is inderdaad ’n voorreg. Siektes, ongelukke en ander fisiese terugslae is bekende tegnieke van Satan om ons te benadeel en minder bruikbaar te maak in die diens van die Here. Daar is baie oorsake van siektes wat nie na die duiwel herlei kan word nie, maar daar is sekerlik ook gevalle waar ’n gees van krankheid, gepaard met ander tekens van vals persepsies en bose beïnvloeding, oor mense kom. Jou liggaam moet onbesmet en geheilig wees sodat dit as ’n welgevallige offer in die diens van God gestel kan word. Om hierdie rede moet ons van enige besmetting van die wêreld en die sonde af wegvlug.

Ledemate

Die ledemate is die vermoë van jou liggaam om dinge te doen – goed óf sleg. Jy kan werk, skryf, praat, dink en verskillende dinge met jou liggaam doen. Soos wat jy voor jou bekering sonde met jou liggaam gedoen het, moet jy nou die Here daarmee dien: “Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself

tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God” (Rom. 6:11-13).

Die duiwel sal jou aktief probeer verlei om sonde met jou liggaam te doen, maar jy moet hom weerstaan en hou by die feit dat jou liggaam nou aan God behoort: “Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens” (Rom. 12:1).

9. Die Wil van God

Heiligmaking staan ten nouste in verband met die wil van God. Die eerste stap in die doen van God se wil is om tot bekering te kom. Dit word aanvanklike heiligmaking genoem. Hierna volg die stap van volkome heiligmaking. Die oortuigingswerk om uitvoering aan God se wil te gee, word deur die Heilige Gees gedoen. Hy voltrek ook die werk van wederbaring en heiliging in ons lewens. Dit is nodig om te weet of ons lewens in ooreenstemming met die wil van God is. Dit is per slot van sake net diegene wat die wil van die Here doen wat vir Hom aanvaarbaar is en eendag hemel toe sal gaan: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is” (Matt. 7:21).

Dit is vir elke mens op aarde van die grootste belang om God se wil te ken en sy lewe daarvolgens in te rig. Die eerste tree op hierdie pad is om alle vorms van sonde en rebellie teen God te staak en tot bekering te kom. Daarna moet die geredde persoon sy hele lewenswandel in ooreenstemming met die wil van God bring. Daar is dus ’n toetreepunt met betrekking tot God se wil, maar ook ’n voortgaande vordering tot by die volheid daarvan:

“Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed sodat julle kan beproef wat die *goeie* en *welgevallige* en *volmaakte* wil van God is” (Rom. 12:2; my beklemtoning). In hierdie teks is daar sprake van drie vlakke van die wil van God, naamlik sy goeie, sy welgevallige, en sy volmaakte wil.

Sy goeie wil

Om God se goeie wil te doen, vereis dat ek vanuit ’n ongeredde lewe wat buite sy wil gelei is, deur bekering in sy wil sal inkom: “Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (1 Tim. 2:3-4). Hy wil nie hê dat sommige mense verlore moet gaan nie, maar dat almal tot bekering sal kom (2 Pet. 3:9).

Dit is dus God se uitdruklike wil dat jy gered moet word. In Handelinge 17:30 staan daar: “God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer.” Omdat jy ’n vrye wilsbesluit het om ooreenkomstig God se opdrag tot bekering te kom, kan jy dit weerstaan en verwerp as jy wil. Dan sal jy die gevolge daarvan moet dra. Die Here Jesus het vir die inwoners van Jerusalem gesê: “Hoe dikwels wou Ek [julle] bymekaarmaak net soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!” (Matt. 23:37-38).

Stéfanus het die ongeredde vormgodsdienstiges in Israel van dieselfde onbekeerlike gesindheid beskuldig: “Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees” (Hand. 7:51). Moenie die Heilige Gees weerstaan wat na jou toe kom met ’n vriendelike uitnodiging om jou sondes te bely en te laat staan, jou saak met die Here reg te maak en Hom te dien nie (Joh. 16:8; Matt. 21:28-32). Sonder sy oortuigingswerk kan jy nie gered word nie, en dit is ook net Hy wat jou kan wederbaar.

Sal jy die wil van die Here begin doen deur jouself aan Hom oor te gee? Die “Here Jesus Christus [het] Homself gegee vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader” (Gal. 1:3-4). “En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het ... in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander” (Ef. 2:1-3).

Die mensdom is verdeel in net twee families – die kinders van God en die kinders van die duiwel. As ons die goeie wil van God doen, dan noem die Here Jesus ons sy familie (Mark. 3:31-35) en ook seuns en dogters van ons hemelse Vader (2 Kor. 6:17-18). Die wêreldlinge en ongeredde vormgodsdienstiges word kinders van die duiwel genoem (Joh. 8:44; Hand. 13:10). Doen God se wil en word sodoende ’n lid van sy familie! Dit is sy versoek, begeerte én opdrag aan ons.

Sy welgevallige wil

’n Persoon wat gered is, het die Bybelse opdrag om ’n heilige, diensbare en Godwelgevallige

lewe te lei. Dit is ’n wesenlike kenmerk van ons godsdiens, en die Here is met niks minder as dit tevrede nie (vgl. Rom. 12:1). ’n Marginale Christelike lewe van vleeslikheid en onvrugbaarheid word as inkonsekwent beskou en is nie vir die Here aanvaarbaar nie. Sulke mense sal eendag met leë hande voor Hom staan, gered asof deur vuur heen (1 Kor. 3:1-3, 9-17). Doen jy as ’n bekeerde persoon die Here se wil met betrekking tot heiligmaking en diensbaarheid?

’n Geheiligde lewe - gees, siel én liggaam - is nodig ten einde insig in verdere aspekte van God se wil te hê en ’n lewe te lei wat vir Hom welgevallig is. Is jou hart en lewe gereinig en dra jy vrugte vir die ewige lewe, of bedroef jy die Heilige Gees in hierdie opsig deur jouself nie diensbaar te stel nie? Onderwerp jou dan aan God se wil wat dié saak betref, en weet dat Hy behae daarin sal hê om jou vir diens toe te rus: “Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery … Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie ’n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het” (1 Thess. 4:3, 7-8).

Ek moet van alle onreinheid gereinig word en in my hele lewenswandel heilig word (1 Pet. 1:15). Die beklemtoning van hoerery hierbo bevestig maar net die feit van die algemene voorkoms daarvan. Die vleeslike hartstogte en begeerlikhede van die mens word deur Satan uitgebuit, en seksuele versoekings kom een of ander tyd oor feitlik alle mense se pad. Die hele wêreld is in die greep van wellus vasgevang, en die vervaardigers en uitgewers van pornografiese films en geskrifte (asook diegene wat pornografiese webwerwe het) word skatryk.

Nog ’n algemene struikelblok in die weg van ’n heilige, Geesvervulde lewe, is drankgebruik. Mense wat drank misbruik tree op in stryd met God se wil: “Julle [moet] nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is. Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul” (Ef. 5:17-18).

Tabak, dwelms en baie ander dinge besoedel jou, “want waar ’n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook ’n slaaf geword” (2 Pet. 2:19). Die oplossing vir verslawing aan alle sonde is duidelik: As die Seun jou vrygemaak het, sal jy waarlik vry wees (Joh. 8:36).

Moenie met hierdie besoedelings saamleef nie, maar doen daarvan afstand en stel jou liggaam as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer in sy diens. As jy dit nie doen nie, dan doen jy nie sy welgevallige wil nie en sal jy ook nie die seën van ’n Geesvervulde lewe geniet nie. ’n Lewe van val en opstaan is nie tot die Here se eer nie.

Sy volmaakte wil

’n Persoon wat in ’n volle oorgawe die stap van heiligmaking gedoen en in die kennis en genade van Christus begin groei het, sal noodwendig na die volmaakte wil van die Here vir sy of haar lewe begin soek. Dit behels onder meer sekerheid oor jou roeping, asook die beste wyse waarop dit uitgeleef kan word. Paulus sê: “Ek vermaan julle dan … om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is” (Ef. 4:1). Stel vas hoe en waar jy die Here die beste kan dien.

Ons moenie die Here net nou en dan behaag en slegs met tussenposes onsself aan Hom toewy nie. Ons moet ook nie met min vrug tevrede wees as ons veel meer vir die Here kan bereik nie. Daar moet na die volmaakte wil van die Here vir ons lewe gesoek word, sodat ons ons roeping as Christene volkome kan vervul. Paulus se gebed vir die Kolossense was: “dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei” (Kol. 1:9-10).

Die doel van hierdie gebed vir die Kolossense is: “dat julle volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God” (Kol. 4:12). Hulle moes daarna streef om ook God se volmaakte wil te ken en te doen – nie net sy goeie en welgevallige wil nie.

Het jy al die Here se volmaakte plan vir jou lewe ontdek? Die Bybel sê dat jy onder die leiding van God se Gees verligte oë van die verstand moet hê sodat jy jou geestelike roeping en erfdeel onder die heiliges kan verstaan (Ef. 1:18). Jy moet ook bid dat die Heilige Gees jou met krag sal versterk in die innerlike mens, sodat jy in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte, lengte, diepte en die hoogte van Christus se liefde is wat die kennis

oortref, sodat jy daarin gewortel en gegrond kan word en vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:16-19).

Verval uit God se wil

Dit is nie vanselfsprekend so dat as jy die welgevallige en volmaakte wil van God doen, jy dit altyd sal aanhou doen nie. Soos nooit tevore nie sal jy in jou lewe baie teëstand en stryd ervaar. Die duiwel sal jou op allerlei wyses aanval en probeer ontmoedig om met die Here se werk voort te gaan. Hy sal jou versoek om sonde te doen, en jou ook aktief deur middel van leerstellige dwalings probeer mislei.

Dit sal van jou standvastigheid, eerlikheid, gehoorsaamheid en toewyding aan die Here afhang of jy in sy volmaakte wil sal bly. Predikers in die herlewingstyd het dit nodig gevind om hulleself gemiddeld elke drie weke deeglik te ondersoek en opnuut aan die Here toe te wy. Hoeveel te meer het ek en jy dit nie nodig om gereeld die suurdeeg van sonde uit ons lewens te suiwer, met vars olie gesalf te word en ’n hertoewyding aan die Here te doen nie? Hoe sal ons die regte besluite kan neem as ons die stem en leiding van die Here nie meer helder kan onderskei nie?

Net soos wat ons geestelik vooruit kan gaan en volmaak en volkome in die ganse wil van God kan staan, kan ons ook agteruitgaan en in ons geestelike lewe veld verloor. Dit is moontlik om uit God se volmaakte wil te beweeg sonder om radikaal van jou roeping af weg te breek. Jy sal dan minder vrug dra, nie meer honderd- en sestigvoudig nie, maar nog altyd die Here dien en dinge doen wat vir Hom welgevallig is. Jy sal egter weet dat alles in jou lewe nie meer behoorlik in orde is nie.

Deur selfondersoek en ’n hertoewyding kan jy weer volkome herstel word. Jy kan egter ook heeltemal onbetrokke raak by die werk van die Here, maar nog steeds aan jou getuienis as ’n Christen vashou – jy bly dan nog steeds ’n Christen maar doen nie in alle opsigte God se wil nie. Petrus en die dissipels het in ’n stadium besluit om hulle roeping te laat vaar en weer te gaan visvang. Hulle het egter nie sukses hiermee gehad nie, en die Here Jesus het hulle besoek om hulle geestelike roeping as vissers van mense te herbevestig (Joh. 21:3-17).

Die Galásiërs het ook van God se welgevallige wil af wegbeweeg toe hulle geestelik veragter het. Paulus was verbaas dat dit so maklik kon gebeur, en het daarop gewys dat hulle mislei was: “Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na ’n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai” (Gal. 1:6-7).

Kyk na die Here Jesus

Ons moet in verband met die wil van God, asook die absolute bereidwilligheid om net dit te doen, na die volmaakte voorbeeld van die Here Jesus kyk. Hy het gesê dat Hy nie sy wil soek nie, maar die wil van die Vader wat Hom gestuur het (Joh. 5:30). In die krisisuur in Getsémané het Hy sy wil uitdruklik ondergeskik gestel aan die wil van sy Vader (Matt. 26:39). Dit het behels dat Hy Homself moes oorlewer om gekruisig te word sodat Hy sy Vader se wil kon doen: “Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ’n liggaam berei … Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe – om u wil te doen, o God … Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal” (Heb. 10:5, 7, 10).

Ons moet die wil van God doen deur hierdie offer te aanvaar, en ook ons wil in alle opsigte volkome aan sy wil te onderwerp. Dan sal ons die verdorwenheid van hierdie verganklike wêreld ontvlug en deelgenote van die ewige hemelse koninkryk van die Vader wees: “Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie … Die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig” (1 Joh. 2:15, 17).

As ons deur die vervulling met die Heilige Gees verander en vernuwe word in ons gemoed, sal ons weet wat die goeie, die welgevallige en die volmaakte wil van God is omdat Hy die verborgenheid van sy wil aan ons bekend sal maak (Rom. 12:2; Ef. 1:9). In die lig van die kennis van sy wil sal ons ons lewens heilig, volkome aan die Here toewy, en ook ooreenkomstig sy wil

gebede bid wat verhoor sal word: “En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil” (1 Joh. 5:14).

Ons moet die Here ten alle tye behaag, “nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen” (Ef. 6:6).

Die besonderhede van sy wil

Binne die breë raamwerk van God se wil moet die fyner besonderhede daarvan steeds op ’n gereelde basis bepaal en uitgeleef word. Hoe moet ek die besluite neem waardeur ek uitvoering aan my roeping gee, en wat moet ek doen as ek voor ’n kruispad of ’n toe deur te staan kom? Vir hierdie en vele ander sake moet daar ook ooreenkomstig God se wil uitsluitsel verkry word. Soms is die antwoord eenvoudig en voor die hand liggend, maar ander kere twyfel ’n mens of jy die regte besluit geneem het. Die volgende riglyne word aan die hand gedoen om God se wil in spesifieke situasies te bepaal:

Die Bybel. Die Here praat met ons deur sy Woord en gee dikwels kenbare opdragte wat ons kan volg. Soms kry ons net breë beginsels en riglyne waaraan ons op die beste moontlike manier uitvoering moet gee. Ons moet egter ook bereid wees om nee vir ’n antwoord te aanvaar en nie ons eie vooropgestelde antwoorde in die Bybel te bly soek nie. Begin net om te doen wat jou hand vind om te doen – die Here sal jou lei en bevestiging uit sy Woord gee.

Gebed. Die Here sê dat ons Hom moet raadpleeg en ken in al ons weë (Spr. 3:6). Moet dus nie eensydige besluite neem voordat jy gebid en die Here in ’n saak geken het nie. Hy belowe dat as jy soek, sal jy vind (Matt. 7:7). Dit geld ook die nodige wysheid om besluite ooreenkomstig sy wil te kan neem: “As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid … en dit sal aan hom gegee word” (Jak. 1:5).

Die Heilige Gees. Die Heilige Gees is “die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die Here” (Jes. 11:2). Hy sal jou in die hele waarheid lei (Joh. 16:13) sodat jy telkens die waarheid van God se wil van alle gevaarlike vorms van misleiding sal kan onderskei. Ook in hierdie opsig is standhoudende gebed en verootmoediging nodig om by die regte besluit of standpunt te kan uitkom.

Omstandighede. Die Here lei jou ook deur omstandighede. Hy sê: “Kyk, Ek het voor jou ’n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie” (Op. 3:8). Hou jou oë op geleenthede wat oop deure is. Let egter ook op omstandighede en geleenthede wat strydig met die wil van die Here is, en vermy dit. Moenie ’n toe deur probeer oopforseer en jou eie wil op ’n situasie afdwing nie.

Vrede in jou hart. “En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus” (Fil. 4:7). ’n Mens kry vrede in jou gemoed as jy God se wil doen. Die mens wat nie hierdie vrede in sy hart het nie, sal ’n onrustigheid en selfs ’n innerlike stryd ervaar. Hy sal dan weet dat dit wat hy beplan of doen, nie in die wil van God is nie. Laat vrede altyd jou skeidsregter wees en moenie daarsonder met ’n saak voortgaan nie (Kol. 3:15).

Gesonde verstand. Jou verstand word geheilig en op die Woord van God ingestel as jy die Here met jou hele hart, jou hele verstand en al jou krag liefhet. Deur die Heilige Gees gee die Here aan ons verligte oë van die verstand sodat ons sy wil kan verstaan en na die beste van ons oordeel uitvoering daaraan kan gee. Hy leer ons om ons gesonde verstand in sy diens te gebruik (Tit. 2:11-12; 1 Pet. 1:13).

Die begeertes van jou hart. Die Heilige Gees wek goeie begeertes in jou hart op wat tot eer van die Here is, “want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Fil. 2:13). “Verlustig jou in die Here, dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart” (Ps. 37:4). ’n Aanduiding van God se wil kan begeertes wees wat Hy self in jou hart gewerk het (Kol. 3:1). Jy moet die dinge van die Here begeer en bedink. As dit sy wil is, sal Hy aan jou ’n oop deur van geleenthede gee om dit te kan doen. Vermy egter wêreldse begeertes.

Die regte tyd. Moenie impulsiewe, oorhaastige besluite neem nie. Die Here antwoord nie altyd dadelik nie. Wag die tyd af: “Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb.

4:16). Wees geduldig - en wag op die Here.

Iets wat ’n mens beslis nie moet doen wanneer jy na die wil van die Here soek nie, is om blindelings ander mense se advies te volg, veral mense wat beweer dat die Here vir hulle iets gesê het wat Hy nie vir jou gesê het nie. Daar is vandag baie selfaangestelde profete wat mense se lewens met twyfelagtige motiewe in ’n bepaalde rigting wil stuur. Waarom sou die Here so duidelik met hulle oor jou toekomsplanne praat en nie met jouself nie? Ons het nie, soos in die Ou Testament, middelaars nodig om vas te stel wat die Here se wil vir ons lewe is nie. Welmenende vriende se advies kan sekerlik ter harte geneem word, maar dit kan nooit die finale aanduiding wees oor wat jy moet doen nie.

Geloofstoetse

Wanneer ’n mens ’n bepaalde roeping het en jou voorgeneem het om onvoorwaardelik die wil van die Here te doen, moet jy vir seker geloofstoetse op jou pad verwag. Benewens die aanslae van die Bose wat jou van jou roeping wil laat afsien, gaan die Here jou waarskynlik aan een of meer toetse onderwerp voordat Hy jou beproef sal verklaar. Jou vasberadenheid gaan te midde van teëstand en verdrukking getoets word. Jy gaan die les leer dat jy sonder Hom niks kan doen nie, en die beginsel sal ook by jou ingeskerp word dat jy die Here altyd moet raadpleeg en nooit op jou eie insig moet steun nie.

Verskeie Christene druip hierdie geloofstoetse, stel die Here baie teleur, dryf hulleself tot moedeloosheid en verloor hulle visie. Die Here gee ’n mens egter die geleentheid om jou reg te ruk, uit jou foute te leer en die volgende geloofstoets met groter krag en vertroue tegemoet te gaan. Abraham het in die land Kanaän ’n geloofstoets gefaal toe hy tydens ’n droogte en hongersnood nie die Here se hulp gevra het nie, maar na Egipte afgetrek het om in die ‘wêreld’ ’n heenkome te gaan soek. Groot benoudheid het daar oor hom gekom, en hy moes maar net terugkom na die plek van waar hy aanvanklik uit die Land van Belofte weggetrek het (Gen. 12:8–13:3). Later in sy lewe, toe Abraham voor ’n veel groter toets te staan gekom het om sy enigste seun aan die Here te offer, het hy onwrikbaar in die geloof voortgegaan en streng volgens die voorskrifte van die Here opgetree (Gen. 22). Dit het aan hom ’n beproefde en gelouterde geloof verleen wat nooit weer daarná gewankel het nie.

Baie mense begaan weens hulle impulsiwiteit, of as gevolg van die verkeerde advies wat hulle by onverantwoordelike beraders of ‘profete’ gekry het, ernstige oordeelsfoute wanneer hulle besluite oor hulle lewe of toekoms neem. Dan is daar ook baie ander wat, soos die verlore seun, as gevolg van hulle sonde en wêreldgesindheid uit die wil van die Here beweeg. Daar is sekere stappe van herstel wat jy sal moet doen indien jy aan die wil van die Here ongehoorsaam was:

- Beoordeel jou omstandighede in die lig van die aanduidings van God se wil en kyk waar jy verkeerd gegaan het.
- Besef dat jou ongehoorsaamheid, impulsiwiteit en eiesinnigheid sonde is waardeur jy van die wil van die Here afgewyk het.
- Bely en laat staan alle bewuste sondes wat jy teen die Here gedoen het (1 Joh. 1:9), en draai vir altyd jou rug daarop.
- Wyk onmiddellik en geheel en al af van die verkeerde pad waarop jy is, en begin sistematies om verkeerde dinge reg te stel.
- Buig voor die kruis neer, gee jouself oor om te sterf vir sonde en vleeslikheid, en word sodoende volkome aan die dood van Christus gelykvormig (Rom. 6:11).
- Onderwerp jou lewe opnuut aan God se wil en vra Hom om vir jou ’n rein hart en eerbare motiewe te gee (Ps. 51:12).
- Herstel jou stiltetye en persoonlike toewyding aan die Here Jesus en steun net op Hom (Ps. 5:4; 71:12).
- Vertrou die Here dan vir ’n nuwe toerusting met krag uit die hoogte, sodat jy met vrymoedigheid sy lof kan verkondig (Luk. 24:49).

- Bid die Here om jou roeping te bevestig en jou kragtig in sy diens te gebruik (Ps. 51:14-15).

Ons is baie naby aan die einde van die bedeling van die kerk, en meer as ooit tevore word mense mislei om heeltemal verkeerde sienings te huldig oor wat die wil van die Here vir hulle lewe is. Leerstellige dwalings, morele verval en vals tekens en wonders is besig om soos ’n vloedgolf deur baie kerke te stroom en lidmate op die pad van verval mee te sleur.

Die toenemende aantal profete en profetesse wat op ’n aanmatigende wyse namens die Here aan mense opdragte gee oor wat sy wil vir hulle lewe is, is ook ’n sigbare tendens van die tyd waarin ons leef. Ons het die volle raad van God deur middel van die Bybel ontvang, en moet geen erkenning aan die selfaangestelde profete gee wat op buite-Bybelse openbarings van God se wil aanspraak maak nie. Hulle sê maklik: “Die Here het vir my gesê …” sonder om Skrif aan te haal en te verduidelik hoe hulle God se “stem” gehoor het.

Wanneer hulle twyfelagtige bediening ook nog deur tekens en wonders gerugsteun word, word sulke ‘profete’ gewoonlik kultusleiers wat blindelings deur mense nagevolg word. Uit hulle geledere sal die vals profete van die eindtyd kom (Matt. 24:11, 24). Doen jy net nougeset die geopenbaarde wil van God en moenie ’n navolger van mense word deur hulle wil te doen en blindelings hulle opdragte uit te voer nie. Die Here is jou Leidsman – soek sy wil alleen, sonder die bemiddeling van ander mense. Ons leef nie in die Ou-Testamentiese bedeling waarin ’n priester of profeet aan die mense gesê het wat God se wil vir hulle was nie. Ons moet self die Bybel lees en op die nuwe en lewende weg toetree tot die Here se genadetroon (Heb. 10:19-22).

10. Vervul met God se Liefde

Die belangrikste vrug van die Heilige Gees is liefde – liefde vir God, liefde vir die broeders en liefde vir ’n verloregaande wêreld. Wanneer ons met die Heilige Gees vervul word, word ons ook met hierdie *agape* liefde van God vervul. Paulus sê: “Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is” (Rom. 5:5). Johannes sê ons moet volmaak word in die liefde (1 Joh. 2:5; 4:12), want liefde is by uitstek die kenmerk van ’n heilige lewe.

Ons moet harte hê wat vol van die liefde van die Here Jesus is. Het ons sulke harte? Dit is glad nie maklik om hierdie vraag eerlik te beantwoord nie, want dikwels is daar in ons harte ’n mengsel van teenstrydige gedagtes en emosies. In baie mense se harte is daar ’n stryd tussen die vlees en die Gees (Gal. 5:17). Die vlees is op liefde vir jouself en vir die wêreld ingestel, terwyl die Gees die liefde van God verteenwoordig.

Ons moet in God se liefde gewortel en gegrond wees, en toesien dat ons nie deur wêreldgesindheid in ons liefde verkoel nie. Mense wat in hulle liefde verkoel het en daarby berus, loop gevaar om later hulle eerste liefde te verlaat (Op. 2:4). As dit die geval is, moet ons dringend die saak regstel en die Here vertrou om ons harte opnuut met sy liefde te vul.

Omdat die liefde van God as ’n Christelike lewensbeginsel so belangrik is, moet ons bewus wees van die volgende vyf wesenlike kenmerke daarvan:

1. Dit is ’n ewige en onveranderlike liefde

God se liefde bestaan van ewigheid tot ewigheid. Dit is nie tydelik en verbygaande van aard nie. Ons leef in ’n sondige, gevalle wêreld waarin alle dinge aan die verganklikheid onderworpe is. Niks hier het ewigheidswaarde nie, daarom kan hierdie wêreld geen blywende geluk aan jou bied nie. Die meeste mense is weens hulle vleeslikheid en sondige natuur onbetroubaar en veranderlik. Goedgesindheid gaan dikwels oor in antagonisme, aanvaarding in verwerping, toegeneentheid in afsydigheid, en liefde in liefdeloosheid, veragting of selfs haat. God se liefde is egter ewig en onveranderlik. Dit gee aan jou iets om voor te lewe waarop jy altyd kan peil trek en wat niemand van jou kan wegneem nie – selfs nie die dood nie. Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie (Rom. 8:35-39). Dit maak die lewe oor en oor die moeite werd omdat dit ’n saak is wat jou oor die grense van tyd en ruimte aan die ewige lewe van God self verbind.

Die mees verhewe en sinvolle gedagtes wat die mens kán bedink is oor die liefde van God. ’n Verslaggewer het by geleentheid aan ’n professor in Afrikaanse letterkunde gevra wat die mooiste en mees betekenisvolle woorde is wat sy ooit gelees het. Hierdie gelowige en goed belese dame het sonder huiwering net die eerste paar woorde van 1 Korinthiërs 13:8 aangehaal: “Die liefde vergaan nooit nie.” Wat ’n aangrypende gedagte is dit nie – God se liefde is onverganklik! Dit is ’n onvervreembare geskenk. Dit bied aan jou oneindig meer as wat dit van jou vra. Al wat dit van jou vra, is die bereidwilligheid om deur hierdie liefde herskep te word. Jy moet uit jou lewe van sondigheid, kortsigtigheid en materialisme opstaan, jou tot die lewende God bekeer deur in Hom te glo, en ’n lewe te lei waarin jy Hom deur die Here Jesus sal liefhê en jou hoop vir tyd en ewigheid in Hom alleen sal stel.

2. Dit is ’n liefde wat gee

God se liefde het ’n uitwaartse gerigtheid deurdat dit na ’n wêreld in sy nood uitreik. Dit is waarom Hy die kosbaarste van alle geskenke vir die wêreld kon gee, naamlik sy eniggebore Seun wat Homself vir ons sondes geoffer het. “Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee” (Joh. 15:13). Hy is die goeie Herder wat sy lewe vir die skape afgelê het, en al wat van ons verwag word, is om dit in die geloof aan te neem.

Hierdie eienskap van God se liefde is presies die teenoorgestelde as dié van die sondige mens wie se sinne deur Satan verblind is. Die gevalle mens het ’n verwronge, hebsugtige en selfgerigte liefde. Hy is opgeblase, vervuld van homself, en praat graag groot. Hy het homself ten koste van ander lief. Dit wat hy sien, begeer hy en wil dit vir homself inpalm. Hy wil nie homself verloën en gee nie, want hy het geen ware meegevoel nie en gee nie regtig om as die onheile ander tref nie. Hy het net diegene lief uit wie hy iets kan kry, en vir wie hy kan gebruik en

ook kan misbruik. Hy word verbitterd as hy nie sy sin kry nie, en is sterk ingestel op vergelding teen opponente en kritici.

Hoe anders is die rein, suiwer, herskeppende en onselfsugtige liefde van God nie! Dit is só groot en opreg dat dit alle sondaars insluit. “God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8). Hy het alle mense liefgehad en na hulle neergebuig om hulle uit die kuil van vernietiging op te trek. Hy dra almal se ewige belange op die hart, en wil nie hê dat een verlore moet gaan nie, maar dat almal gered moet word (2 Pet. 3:9).

3. Dit is ’n liefde wat kan vergewe en vergeet

God se liefde vergewe ten volle en volkome – só volkome dat Hy nooit weer een keer na die sonde wat vergewe is, verwys nie. Hy werp dit in die see van vergetelheid en dink nie weer daaraan nie. Hy reken die kwaad nie toe nie en verwyt mense nie vir sondes wat bely en laat staan is nie. Selfs al sondig sy kinders by herhaling, raak Hy nie teen hulle verbitterd nie, en vergewe maar weer. Jesaja 55:7 sê Hy vergeef menigvuldiglik.

Mense wat teruggeval het, soos bv. die verlore seun in die gelykenis, moet net bereid wees om na hulle Vader terug te keer en hulle saak met Hom reg te maak. Hulle sal in Hom ’n liefdevolle en vergewensgesinde Vader vind wat opnuut vir hulle ’n feesmaal in sy koninkryk sal berei. Hy sal hulle nie donker aankyk as hulle met berou na Hom terugkeer nie (Jer. 3:12).

Hoe anders tree die mens nie op nie, hoe onopreg is sy liefde nie, en hoe traag is hy nie om volkome te vergewe en ’n saak vir altyd te begrawe nie. Salomo sê: “Wie ’n oortreding bedek, soek liefde; maar hy wat ’n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar” (Spr. 17:9).

Nie net vriende skei as gevolg van liefdelose beskuldigings nie, maar ook huweliksgenote. Mense wat nie met die liefde en vergewensgesindheid van God vervul is nie, raak maklik verbitterd teenoor mekaar, grawe ou koeie uit die sloot, en beskuldig mekaar opnuut oor en weer. Waar is die gesindheid van Christus om dinge wat reggemaak is, nooit weer op te haal nie?

Ons het die volgende, baie verstaanbare opdrag oor vergewensgesindheid: “Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ’n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar” (Kol. 3:13-15).

4. Dit is ’n Nuwe-Testamentiese beginsel

Die geheim van ’n lewe van volkome geestelike vervulling is om in die liefde van God gewortel en gegrond te wees. Dit is waarom ons in die Nuwe Testament net een wet of grondbeginsel het, en dit is die gebod van die liefde. As jy die Here liefhet met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en met al jou kragte, dan sal jy aan Hom getrou bly en nooit die knie voor ander gode buig nie.

As jy jou naaste liefhet soos jouself, dan vervul jy al die ander wette wat die verhouding met jou medemens reël: “Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet” (Rom. 13:10).

Goddelike liefde bepaal die aard en koers van ons lewe, daarom is ons nie onder die Ou-Testamentiese wet nie en kan ons vrye uitdrukking aan Christus se liefde gee. Ons is aan die verhewe beginsel van Goddelike liefde gebonde, en om dié rede moet liefde die hoofkenmerk van ’n Christen se lewe wees. In sy hoëpriesterlike gebed het die Here Jesus aan die Vader gesê: “Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle” (Joh. 17:26). Aan die dissipels het Christus gesê: “’n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal die wêreld weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Joh. 13:34-35).

5. Dit is grensloos

Ons kan geen grense stel of beperkings plaas op die liefde van Jesus nie. Ons moet bewus

daarvan wees dat dit elke aspek van ons bestaan insluit. Paulus sê in sy gebed vir die Efésiërs: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus … dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens … julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God” (Ef. 3:14-19).

Hoewel ons van die rykdom van God se liefde bewus kan wees, beteken dit nie dat ons dit ten volle kan deurgrond nie. God se liefde in Christus Jesus is onpeilbaar en grensloos. Dit is breër as die wêreld, dieper as die diepste see en hoër as die hoogste hemel. Ons staan in verwondering voor die onnaspeurlikheid van die Here Jesus se liefde en reddende genade. In Hom is alle skatte van wysheid en kennis verborge. Sy almag en liefde ken geen perke nie. Hy kan in elke behoefte van ons voorsien na die rykdom van sy genade. Hy sal ook nie tugtiging weerhou as ons dit nodig het nie.

Hierdie liefdevolle Verlosser trek vir jou en my na Hom toe met koorde van liefde. Hy wil ons nie net red en die ewige lewe aan ons skenk nie, maar ons volmaak en volkome in sy liefde bevestig. Deur die Heilige Gees stort Hy sy liefde in ons harte uit. Hy maak van ons skynende ligte in ’n donker en liefdelose wêreld waarin ons sy getuies moet wees.

Is jou lewe volkome onder die beheer van God se herskeppende, onveranderlike en ewige liefde? Dan sal daar by jou ’n groot verlange wees dat ander dit ook deelagtig moet word. Jou grootste verlange sal egter wees na die koms van die hemelse Bruidegom wat spoedig sy bruid na ’n hemelse ivoorpaleis sal wegvoer om vir ewig by Hom te woon (Ps. 45:9-10).

Die skoonheid van die bruid

In die boek Hooglied word daar baie gesê oor die skoonheid van die bruid, wat ’n tipe is van die bruid van Christus. Hieruit moet dit vir ons duidelik wees dat ons met die skoonheid en reinheid van Christus beklee moet wees.

In Hooglied 1:8 sê die Bruidegom dat sy bruid die mooiste onder die vroue is. Sy het ’n hemelse skoonheid wat ander vroue onder die mensekinders nie het nie. Sy is geroepe om onberispelik te wees in heiligheid. Die wêreld moet kan sien dat sy deur die liefde en skoonheid van die Bruidegom omstraal word.

“My nardus het sy geur gegee” (Hoogl. 1:12). In die tyd van Salomo, en ook lank daarna, is nardussalf en -olie as een van die kosbaarste parfuums gereken. Die bruid word deur die lieflike geur van nardus omring. Sy is hiermee gesalf, en dit dra ’n onmiskenbare getuienis uit na almal wat naby aan haar is. Ons moet deur Christus ’n lieflike geur wees (Ef. 5:2).

“My beminde is vir my ’n tros hennablomme in die wingerde van Éngedi” (Hoogl. 1:14). Die hennastruik met sy lang trosse wit blomme staan ook as die bruidsblom bekend. Dit versprei ’n besonder aangename geur. Die trosse blomme word soms deur vroue om hulle nekke gedra. Hoe paslik is dit nie om ’n bruid met haar vlekkelose wit kleed en pragtige voorkoms met hennablomme in die wingerde van Éngedi te vergelyk nie!

“Soos ’n lelie tussen die dorings, so is my vriendin onder die dogters” (Hoogl. 2:2). Die bruid het ’n hemelse skoonheid en reinheid wat die ongereddes rondom haar nie het nie. Haar geestelike skoonheid en morele reinheid is in skrille kontras met die verdorwe karaktertrekke van ’n ongeredde mensdom wat deur die sonde oorheers en ontsier word.

“Word wakker, noordewind, en kom, suidewind, deurwaai my tuin, laat sy balsemgeure uitvloei! Laat my beminde in sy tuin kom en van sy kostelike vrugte eet” (Hoogl. 4:16). Die lewe van die bruid moet die lieflike geur van die genade en liefde van haar Bruidegom oral versprei. Die noordewind en die suidewind moet die geure uitdra. Benewens die bloeisels moet daar ook vrugte in die bruid se tuin wees. Haar lewe moet soos ’n tuin wees waarin die Bruidegom die kostelike vrug van sy eie handewerk kan sien en geniet. Sy moet soos ’n boom wees wat geplant is by waterstrome.

“(My susterbruid) is ’n fontein van die tuine, ’n put met lewende water wat van die Líbanon

afvloei" (Hoogl. 4:15). Die bruid moet 'n fontein van lewende water hê wat uit haar binneste opborrel. Dit moet 'n bron van verkwikking vir ander mense wees. Hierdie water kom van haar Bruidegom wat self die water van die lewe is, en wat dit deur die Heilige Gees aan sy beminde skenk.

"My duif in die rotsklowe, in die skuilplek by die krans ... laat my u stem hoor" (Hoogl. 2:14). Sy skuil in die veilige beskutting van 'n rotsvesting, hoog in die berge. Van hier af moet sy haar roepstem in die klowe daaronder laat hoor, omdat sy 'n duidelike boodskap aan die wêreld het. Ook wil die Bruidegom haar stem hoor wanneer sy lofliedere tot eer van sy Naam sing en Hom ook in die gebed aanroep. Sy moet nooit tot stilswye gedwing word en ophou om die lof van haar Verlosser te verkondig nie.

"Alles is mooi aan u, my vriendin, en daar is geen gebrek aan u nie" (Hoogl. 4:7). Hierdie skoonheid is deur die Bruidegom aan haar verleen. Deur 'n verbintenis met Hom het die ou dinge verbygegaan; kyk, dit het alles nuut geword (2 Kor. 5:17). Hierdie vernuwende aanraking vind noue aansluiting by wat Paulus in Efésiërs 5:25-27 van die hemelse Bruidegom sê: "Christus het ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het ... sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees." Het jy al geestelik só verander geraak deur die vernuwing van jou gemoed, dat die skoonheid van die Here Jesus waarneembaar in jou lewe gestalte verkry het? Ons is hiertoe geroep.

Die liefde van God het nie net tot die soendood van sy Seun gelei om die straf vir ons sonde te betaal nie, maar dit word ook ryklik deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort om ons hele lewe te verander en te heilig. Ons word van gedaante verander om aan die beeld van Christus gelykvormig te word. Die vraag is of ons onsself aan hierdie vormende werk van die Heilige Gees oorgegee het? Paulus was in groot benoudheid oor die Galásiërs, en sou raadop bly oor hulle, "totdat Christus in julle gestalte verkry" (Gal. 4:19). Hulle was so traag om aan Hom gelykvormig te word, en sy liefde is so min in hulle lewens gesien.

Wat is die posisie met jou en my? Besef ons saam met al die heiliges wat die breedte, lengte en diepte van Christus se liefde is, en wandel ons daagliks daarin? Die Gees van God het gekom om hierdie liefde in ons harte uit te stort. Ons moet op só 'n manier wandel dat ander dit kan sien.

11. Gawes en Vrug van die Gees

Die Heilige Gees skenk aan Christene gawes om die Here en hulle medemens daarmee te dien. Hierdie gawes moet ontwikkel word. Ook bring die Gees in die vorm van goddelike gesindhede en lewensbeginsels vrug in gelowiges se lewens voort wat die aard van hulle persoonlikheid en karakter bepaal, asook hulle reaksies in verskillende situasies. Deur gehoorsaamheid aan die Heilige Gees moet hierdie geestelike gesindhede bevorder en nie deur ’n vleeslike ingesteldheid geblokkeer word nie.

Gawes van die Gees

Die Heilige Gees wil elke Christen bekwaam maak om die Here tot sy maksimum potensiaal te kan dien. Hy beskik oor die krag en gawes om ons hiervoor toe te rus. Wanneer ons onsself aan God diensbaar stel, moet ons liggaam, siel én gees geheilig word. Die Here reinig ons van geestelike en vleeslike besoedeling en maak ons ook bekwaam om op ’n waardige wyse vir Hom te kan werk. As ’n lid van die liggaam van Christus moet ek saam met ander lede werk om die liggaam – dit is sy kerk op aarde – doeltreffend te laat funksioneer. Dit beteken dat wat ek doen, ondersteunend en aanvullend moet wees tot dit wat ander lede doen, sodat die Here se verhewe doel met sy kerk op aarde bereik kan word. Paulus sê:

“Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie ’n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid … Wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here” (Rom. 12:4-8, 11).

Die Bybel verklaar dat daar ’n verskeidenheid gawes is, en dat die Heilige Gees dit afsonderlik aan elke gelowige uitdeel soos Hy wil (1 Kor. 12:11). Ons het dus geen opdrag om vir ’n bepaalde gawe te bid, of om dit verpligtend vir alle Christene te maak nie. Ons moet onsself net onvoorwaardelik tot die beskikking van die Here stel, en Hy sal ons deur die Heilige Gees vir ’n taak of take van sy keuse roep en toerus. Moet dus nie ander mense naboots en presies soos hulle probeer wees nie. Paulus sê hieroor: “Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk” (1 Kor. 12:4-6).

Soms is ’n gawe ’n talent of vermoë wat iemand van geboorte af het, maar wat geheilig, ontwikkel en aan die Here gewy moet word in sy diens. Dit kan ’n sangtalent wees, ’n skrywerstalent, welsprekendheid, die vermoë om in een of ander aktiwiteit te presteer, of dit kan kennis oor ’n verskeidenheid dinge wees wat mense deur hulle opleiding of ervaring verkry het. Daar is so ’n groot behoefte aan ’n breë spektrum kundighede in die werk van die Here, dat daar bykans geen perke aan die verskeidenheid werke of bedienings is waartoe Hy mense kan roep nie. Het jy al jou gawes ontdek en saam met jou talente en vermoëns aan die Here gewy en ook verder ontwikkel? Baie mense benut nie hulle talente nie of gebruik dit net vir eie gewin.

Dit is belangrik dat alle talente, vermoëns en kundighede aan die Here gewy en geheilig moet word. Ons kan die Here nie in die krag van die vlees dien nie, omdat menslike werke niks in sy koninkryk kan vermag nie. Die Heilige Gees moet aan ons suiwer motiewe en verligte oë van die verstand gee, en ook sy salwing en krag, sodat ons God se wil kan ken en dit van harte onder die leiding van sy Gees sal doen.

Jy kan ook gawes ontvang buiten dié wat die Skepper as ’n latente of sluimerende vermoë in jou geplaas het. Dit is iets nuuts wat aan jou geskenk word. Hiervan sal jy bewus word nadat die Here jou vir ’n bepaalde taak geroep het. Moet jou dus nie blind staar teen jou beperkings of swakhede as die Here jou vir iets roep nie, want Hy sal jou ongetwyfeld in staat stel om dit waarvoor Hy jou roep, te kán doen. Toe Moses as leier van Israel geroep is, en baie onderhoude en gesprekke met mense moes voer, ook met Farao, het hy agter sy spraakgebrek geskuil en so

sy roeping probeer vermy. Toe hy hiermee volgehou het, het die Here vir hom sy broer gegee om namens hom te praat. Mettertyd het hy egter geleer om die Here vir elke situasie en probleem te vertrou, en het hy ’n kragtige en dinamiese spreker geword wat nie meer deur ’n segsman met die volk gepraat het nie. God het hom bekwaam gemaak om sy roeping doeltreffend te kon vervul.

Dien jy ook die Here deur die instaatstellende krag en gawes van die Gees, en ontwikkel jy deur oefening die genadegawe wat in jou is? Hierdie gawes moet gebruik word: “Namate elkeen ’n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God” (1 Pet. 4:10).

Onthou altyd dat liefde die oorkoepelende gawe is waarbinne al die ander gawes funksioneer. Dit moet die wese en einddoel van enige bediening wees om die liefde van God in Christus Jesus te vertoon en aan ’n geestelik sterwende wêreld te verkondig. Dit is die hoogste roeping wat daar is. Al sou ek allerhande tale kon praat, die gawes van profesie, kennis en geloof hê, en al sou ek al my goed uitdeel en ek het nie die liefde nie, sou dit my niks baat nie (1 Kor. 13:1-3).

Daar moet ’n begeerte en bereidwilligheid by ons wees om die Here met ons hele hart lief te hê en ook altyd heilig te leef, want dán sal ons liefdesdiens verrig. Lou en teruggevalle Christene het nie hierdie ingesteldheid nie. Vir hulle sê die Here: “Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie” (Op. 2:4-5).

Dien jy die Here met suiwer motiewe en ’n rein hart wat deur sy liefde vervul is, of is daar ander dinge wat vir jou belangriker is?

Talespreek

Mense wat die gawes van die Gees najaag, moet versigtig wees om hulle nie by die talespreek-beweging te laat intrek nie. Die Pinksterbelofte in die Bybel het glad nie talespreek ingesluit nie. Die Here Jesus het net gesê dat die dissipels krag sou ontvang wanneer hulle met die Heilige Gees vervul word, sodat hulle sy getuies kon wees (Hand. 1:8). Hy het nie gesê dat die dissipels van alle tye in tale sou spreek of dat tonge van vuur op hulle sou neerdaal wanneer hulle met die Gees van God vervul word nie.

Tóg het hierdie buitengewone tekens plaasgevind. Waarom? Daardeur het die Heilige Gees duidelik te kenne gegee dat die Woord van die Here, wat tot in daardie stadium net in Hebreeus en ook net aan die Jode verkondig is, nou aan alle volke en tale in die wêreld verkondig moes word. Om hierdie rede is daar in ander bestaande tale gespreek, wat dan vertaal of verklaar moes word sodat al die aanwesiges kon verstaan wat gesê is. Daar is nie in ’n onbekende brabbeltaal gepraat, soos wat vandag die algemene gebruik is nie.

Die Jode, en selfs ook dissipels soos Petrus, kon nie regtig glo dat die evangelie vir alle volke en tale bedoel is nie. Vir die heidene was dit ook ’n vreemde idee, daarom het die Here hulle ongeloof en skeptisisme deur middel van hierdie wonderwerk uit die weg geruim: “Die tale is dus ’n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges” (1 Kor. 14:22). Daar is geen rede om hierdie teken voort te sit nie, want ons weet nou al vir byna 2 000 jaar lank dat die evangelie vir alle volke en tale op aarde bestem is. Ons vertaal (of tolk) nog die evangelie vir veeltalige gehore, maar dit geskied nie meer met behulp van ’n bonatuurlike gawe nie.

Verder moet in gedagte gehou word dat die boeke van die Nuwe Testament eers laat in die eerste eeu tot die beskikking van gemeentes gekom het. In die eerste paar dekades ná Pinksterdag is daar op persoonlike getuienisse en hoorsê staatgemaak oor wat Christenskap alles behels. Hierdie boodskappe het dikwels in ’n ander taal as dié van die hoorders gekom, en dan het die Here aan ’n ander persoon die gawe gegee om die betrokke taal te kon vertaal.

Soos wat die boeke van die Nuwe Testament egter beskikbaar geraak en onder gemeentes gesirkuleer is, is die gebruik van talespreek en tale uitlê mettertyd deur Skriflesing en Skrifuitleg (prediking) vervang. Paulus het vir die Thessalonicense gesê: “Ek besweer julle by die Here dat hierdie brief aan al die heilige broeders voorgelees word” (1 Thess. 5:27). Aan die Kolossense

het hy gesê: “En wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van die Laodicénse gelees word en dat julle ook dié uit Laodicéa lees” (Kol. 4:16). Die brief aan Laodicéa verwys na die brief aan die Efésiërs wat in dieselfde tyd geskryf en na gemeentes in daardie omgewing gestuur is.

Vir baie lank reeds het ons die volle raad van God wat in ons eie taal in sy Woord opgeteken is (Hand. 20:27). Ons versoek die Here as ons na buite-Bybelse openbarings van sy wil deur tale, drome en visioene soek. Só kan daar net ernstige misleiding insluip.

Die vrug van die Gees

’n Opdrag wat alle Christene het, is om die vrug van die Gees in hulle lewens te dra. Dit is basiese gesindhede wat ten grondslag van ’n Geesvervulde persoon se lewe lê. Dit kan net gebeur wanneer die vlees gekruisig is en die Heilige Gees volle beheer oor jou hele lewe het. Indien die vlees nie gekruisig is nie, kan ’n Christen nie die goeie bedoelings uitvoer wat die Gees op sy hart lê nie, “want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17).

Wanneer die vlees egter aan die kruis van selfverloëning hang, dan kan die Gees onbelemmerd jou gesindhede bepaal en ook jou voetstappe in die diens van die Here rig: “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16). Alle weergebore Christene wat reeds deur die Gees lewend gemaak is, moet daarna streef om daagliks deur die Gees te wandel.

Sommige Christene laat na om ’n volle oorgawe te maak en deur die Gees te wandel, en bied sodoende aan die vlees die geleentheid om sy arrogante en selfgesentreerde doel met hulle te bereik en vir ander aanstoot te gee. Die vrug van die Gees kom nie in sulke persone se lewens na vore nie, omdat dit deur die vlees weerstaan word.

Die Bybel sê presies wat die vrug van die Gees is, want dit is wat die Here in ons almal se lewens wil sien: “Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing” (Gal. 5:22).

Hierdie gesindhede bepaal die diepste begeertes van ’n persoon se hart, dit vorm sy karakter en beïnvloed sy hele lewenswandel asook die aard van sy optrede na buite. Die nege vrugte van die Gees is in drie groepe verdeelbaar, wat ’n uitbeelding van die mens se gesindhede en verhoudingslewe op drie vlakke is. Die eerste drie beskryf die gesindhede wat jou verhouding met God kenmerk, die volgende drie bepaal die aard van jou verhouding met jou medemens, en die laaste drie is ’n beskrywing van jou persoonlike karaktertrekke.

Die eerste drie vrugte is liefde, blydskap en vrede. God is *liefde.* Tydens en ná jou wedergeboorte word sy liefde deur die Heilige Gees in jou hart uitgestort. Jy word daarin gewortel en gegrond en dit word deel van jou hele lewe. Jy het die Here innig lief omdat Hy jou siel gered en jou sy kind gemaak het. Jy is nie meer in rebellie teen Hom weens jou sonde nie, want jy minag, belaster en vermy Hom nie meer nie. Inteendeel – jy soek sy teenwoordigheid, besing sy lof, eer Hom en roep sy Naam aan. Daar is ’n groot *blydskap* in jou hart oor wat Hy reeds vir jou gedoen het, en in die lewe hierná nog vir jou gaan doen. Onder alle omstandighede, selfs in tye van droefheid en beproewing, verbly jy jou in die Here en strek jou uit na ’n wonderlike nuwe toekoms. In jou hart is daar ’n *vrede* wat alle verstand te bowe gaan, want die Here Jesus is jou vrede. Hy het gesê: “My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie” (Joh. 14:27). Sy vrede is ’n diep, innerlike wete dat jou sonde vergewe is omdat jy met God versoen is. Jy hoef niks te vrees nie omdat jy nie in die oordeel van sondaars gaan kom nie. Jy weet ook dat geen vyandige magte, benoudheid, vervolging of enige probleme en aanslae jou ooit sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie.

Hierdie eerste drie vrugte, naamlik liefde, blydskap en vrede teenoor God, moet ook in aksie gestel word in jou verhouding met ander mense. Dit is presies wat gebeur, want die tweede groep, die mens-tot-mens gesindhede, is lankmoedigheid, vriendelikheid en goedheid. Jy is nie meer haatdraend en veroordelend nie, maar *lankmoedig* teenoor mense. Jy kry hulle jammer en bid vir hulle, selfs jare lank, sonder om moedeloos te word en hulle af te skryf. Jy is ook ’n

vriendelike en gasvrye mens wat nie net vir jouself lewe nie, maar tyd vir ander het en ook na hulle uitreik. Jy *doen goed* aan hulle en gee wat jy kan om in ander se nood en behoefte te voorsien. Paulus sê: “Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof” (Gal. 6:10).

Die derde groep vrugte, naamlik getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing, is persoonlike karaktertrekke wat jy met die Heilige Gees se hulp en deur selfdissipline ontwikkel. Jy is *getrou* in al jou verantwoordelikhede, bowe-al in jou stiltetye, en nie ’n agtelosige en gedisorganiseerde mens wat jou pligte versuim nie. Jy is ook *sagmoedig,* wat beteken dat jy ’n teerhartige gemoed het. Jy is nie ongenadig en ongenaakbaar nie, maar ’n welwillende mens wat vol deernis is vir ander in hulle nood en probleme. Sagmoedigheid beteken ook dat jy nie ’n harde hart het wat hom teen die Here se Woord verhard nie. Jy het ’n leerbare gees en laat jou deur die Woord van die Here én deur ander mense vermaan. Laastens beskik jy deur die Here se genade ook oor *selfbeheersing.* Dit beteken dat jy nie impulsiewe dinge doen of sê waaroor jy later verskoning moet vra nie. Jy sê nie in ’n oomblik van drif lelike dinge wat uit ’n ongekruisigde vlees na vore kom nie, want dít is beslis nie die vrug van die Gees nie. Hoe ken mense jou in die alledaagse lewe? Salomo sê: “Die lankmoedige is beter as ’n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat ’n stad inneem … Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm van gees is, is ’n man van verstand” (Spr. 16:32; 17:27). In die Nuwe Testament word hierdie kosbare gesindheid, saam met die ander wat genoem is, as die vrug van die Heilige Gees beskryf. Jy het die Here se genade nodig om so te kan wees, omdat dit ’n uitdrukking van die Goddelike natuur is.

Is dit ook ’n beskrywing van jou lewe as Christen? Indien nie, bely die feit dat jy die Heilige Gees so dikwels deur jou gedagtes, begeertes, gesindhede, woorde en dade bedroef het. Maak die saak met die Here reg en onderwerp jou volkome aan die gesag van die inwonende Gees van God. Hy sal jou in die weë van geregtigheid lei.

Die stryd van die lewe

Sommige mense meen dit is te veel gevra om die vrugte van die Gees te dra in ’n harde, ongenaakbare wêreld. Almal van ons is betrokke by ’n hewige stryd in die gebroke en sondebelaaide wêreld. Is dit moontlik om altyd bly te wees? Die lewe is vol teleurstellings, skokke, droefheid en trane. Die psalmis sê dat die uitnemendste van ons ervarings moeite en verdriet is (Ps. 90:10). Dank die Here dat daar iets oneindig beters is as ’n sinnelose, probleembelaaide lewe. In Christus Jesus kan die ou dinge verbygaan, en alles nuut word. Deur sy genade en die krag van die Heilige Gees is dit moontlik om ons teëspoede en probleme te oorkom, ’n sinvolle bestaan te voer en steeds die vrug van die Gees te dra. Sonder probleme, toetse, aanslae en versoekings sal ons in hierdie lewe nie wees nie, maar daar ís ’n weg van oorwinning!

Baie mense se gesindhede word nie deur hulle geloof bepaal nie, maar deur wisselende emosies en uiterlike omstandighede. Sommige mense het soveel probleme dat hulle slagoffers van die sorge van die lewe word. Die Here Jesus het gesê: “Laat julle harte nie beswaar word deur die sorge van die lewe nie” (Luk. 21:34). Hy sê nie dat mense nie sorge of probleme sal hê nie, maar dat hulle nie moet toelaat dat dit hulle geestelik aftrek nie. Hulle moet hulle nie so daarteen blind staar dat hulle nie meer die oog op Jesus gevestig hou nie. In daardie nag toe die dissipels angsbevange op die stormsee rondgedobber het, was Hy die Een wat in die storm na hulle gekom en dit stil gemaak het.

Daar is baie mense wat in hierdie tyd vreesagtig rondkyk en nie weet waar hulle hulp vandaan sal kom nie. Hulle harte is ontsteld, en dit ondermyn hulle geloofsvertroue in die Here. Hulle behoort te ervaar dat die liefde van God alle vrees na buite dryf, en dat die Heilige Gees hulle wil help om weer die vrugte van die Gees te dra.

Is jy daarop ingestel om ander mense in hulle smarte te vertroos en hulle te help om weer ware geluk, blydskap en vrede te ervaar? As jy dit nie doen nie, kan hulle dalk in wanhoop verval of ontvlugting in die dinge van die wêreld soek, en dit het verwoestende gevolge in ’n mens se geestelike lewe. Diep in hulle harte leef sulke mense weens hulle omstandighede in smarte. Sommige mense probeer hierdie droefheid agter ligsinnige gesprekke wegsteek, maar slaag nie

altyd daarin nie. Hulle het dringend geestelike hulp en bemoediging nodig.

Koning Dawid het die smarte geken van iemand wat ’n ernstige soeker na ware geluk en geestelike vervulling in die lewe is. Hy het besef dat net die Here die donker gedagtes en diep ongelukkigheid in sy hart ken en dit kan verander (Ps. 139:23-24). Die Here het Dawid se smarte so volkome weggeneem en met vreugdeliedere vervang dat hy geskryf het: “U het my roukleed losgemaak en my met vreugde omgord” (Ps. 30:12). “U omring my met vrolike gesange van bevryding” (Ps. 32: 7). Daar was ’n loflied op sy lippe!

Baie mense se selfbeeld is só afgetakel dat hulle vir hulleself en vir ander sê dat hulle niks beteken nie en ook niks kan doen nie. Die gevolg is dat hulle ’n onvergenoegde en onvrugbare lewe lei. Dit is goed om aan die einde van jouself te kom en te besef dat daar in jou niks goeds woon nie. Moet egter nie by daardie doodloopstraat vertoef en dit as ’n lewenswyse aanvaar nie. Onthou ook dat ’n Christen nie sielkundige metodes moet gebruik om sy swak selfbeeld te verbeter nie. Hy moet van sy ou, vleeslike selfbeeld verlos word wat óf na arrogansie óf na wanhoop lei. In die plek daarvan moet hy ’n nuwe, Christelike selfbeeld kry. Hy moet sy ou natuur aflê en hom met die nuwe lewe beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:22-24). Dan is daar ’n wonderlike doel om voor te lewe, want dan soek ons nie ons eie belange nie, maar die eer van die Here.

Die mens is nie bedoel om ’n sinnelose en ongelukkige bestaan te voer waarin die dae soos eenderse bakstene opmekaar gestapel word nie: “Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou tot ’n geestelike huis, ’n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus” (1 Pet. 2:4-5). Ons hoef nie net nostalgiese gedagtes oor ’n beter lewe te koester nie, maar kan dit daadwerklik beleef: “Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen” (Ps. 23:1-3).

Wanneer ons geestelik lewend gemaak is, sal ons nie soos bome in die winterkoue wees wat hulle blare verloor het en waarvan die kaal takke soos met lang, krom vingers na ’n troostelose lug gryp nie. Die regverdige “sal wees soos ’n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit” (Ps. 1:3). Selfs in die onaangename werklikheid waarin die kind van die Here homself hier op aarde bevind, het hy ’n vrede wat die wêreld nie ken nie. Hy kan ten spyte van moeilike omstandighede ’n gelukkige en sinvolle lewe lei en ook ander help en bemoedig: “Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie se vertroue die Here is. Want hy sal wees soos ’n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in ’n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie” (Jer. 17:7-8).

Die vrugte van die Gees moet onder alle omstandighede in jou lewe gedy – nie net in die helder sonskyndae nie, maar ook in die skadu’s van beproewing, lyding, vervolging en eensaamheid.

Oorwinning in die stryd

Dit is ’n onbetwisbare feit dat die Here Jesus deur die bloed van die kruis en die krag van die Heilige Gees van al sy dissipels meer as oorwinnaars wil maak. Selfs ten spyte van die grootste teëspoed, droefheid of aanslae teen ons, moet ons altyd geestelik bo ons omstandighede kan uitstyg en ons in die Here verbly. Kan jy van hierdie oorwinning getuig en steeds die vrugte van die Gees dra, of word jy dalk deur die sorge van die lewe afgetrek en ontmoedig?

As jy volhard en nie aan die vyand se aanslae en negatiewe suggesties toegee nie, sal die Here die beproewings vir jou in ’n seën verander. Hy sal aan jou soveel blydskap en krag tot oorwinning gee dat ’n algehele negatiewe ervaring vir jou in ’n bron van ryke seën en geestelike opbouing omskep sal word. In dié verband haal ek graag die ervaring aan van ’n sendeling en sy vrou, wat jare lank onder baie moeilike omstandighede op ’n afgeleë sendingstasie vir die Here gewerk het.

Hulle het sewe kinders gehad, waarvan die derde een, Christo, as ’n baba breinvliesontsteking

gekry het. Die siekte is te laat gediagnoseer en sy brein is permanent beskadig. Dit het nie ontwikkel nie en het mettertyd verder verswak. Later kon Christo selfs nie eers meer die paar woorde uitspreek wat hy vroeër geken het nie, en het nooit weer gepraat nie. Dit was baie moeilik om hom te versorg, omdat hy soms weggeloop het en daar oral na hom gesoek moes word. Hy het ook een aand sy beddegoed met ’n kers aan die brand gesteek terwyl die sendeling en sy vrou op besoek was, en ernstige brandwonde opgedoen. Sy ouers was verplig om hom na ’n inrigting in Howick te stuur. Daar het hy op 21-jarige ouderdom aan ’n maagaandoening gesterf.

Vir baie mense sou ’n ervaring van hierdie aard miskien na algehele moedeloosheid of verbittering gelei het. Geesvervulde kinders van die Here is egter deur sy krag en genade in staat om uit hulle beproewings te leer en sterker uit die stryd te tree. In ’n huldeblyk ná Christo se dood het die sendeling en sy vrou soos volg oor hierdie hartseer ondervinding in hulle lewe geskryf:

“Sy naam was Christo, maar in sy kindertaal het hy homself Koetoe genoem. Van die mens se kant gesien, was sy lewe ’n tragedie. Op tien maande ouderdom het hy die verwoestende siekte ensefalitis ten prooi geval en is sy brein permanent beskadig. Na die uiterlik gesproke was sy lewe leeg en het dit misluk. Die pragtige vaas het geval en gebreek en ons het die skerwe oorgehou. Tog was sy lewe, van God se kant gesien, nie tevergeefs nie omdat dit andere geestelik opgebou het. Dit het tot ons as familie gespreek in ’n taal wat diep in ons siele weerklank gevind het. Loutering deur lyding was nog altyd die weg van God met die mens. In hierdie geval was dit sy lyding vir ons loutering.

“Die Here het vir Christo leeg gemaak sodat ons by die aanskouing daarvan kan besef dat ons bekers altyd moet oorloop. Hy was ’n gebreekte kruik sodat ons die waarde kan besef van in een soliede blok gegiet te wees. Hy was arm sodat ons kan leer om in ons rykdom van gees en materiële besit steeds die beste aan God te wy. Woorde het op sy lippe weggesterf sodat ons nie moet swyg om die lof van die Here te verkondig nie.

“Nie deur sy arbeid en lewe nie, maar deur sy lyding en sterwe in eensaamheid, het Christo vir ons ’n boodskap nagelaat wat nie in woorde vervat is nie, maar in ’n stille wete. ’n Vuur is in ons huis geslinger sodat ons soos gelouterde goud daar kan uitkom. In Christo se weerlose liggaam het ons die afskuwelike aanval van Satan gesien, sodat ons God kan verheerlik vir ’n regverdige oordeel oor die duiwel en sy engele.

“Christo het ons uitgedryf tot gebed. Ons as familie weet wat nagte van trane en gebed is. Ons weet ook van groepe vriende uit alle oorde wat vir hom gebid het. Ons kan getuig van swart Christene wat by God vir hom ingetree het. Ons glo aan ’n God wat alles weer gelyk maak en aan sy kinders oorvloedig vergoeding skenk vir elke traan en elke verlies ter wille van sy Naam. … Saam met Job kan ons sê: “Maar ek, ek weet my Verlosser leef en Hy sal as laaste oor die stof opstaan” (Job. 19:25). Die Naam van die Here wat gegee en geneem het, sy ewiglik geprys!”

Dit is die vrugte van die Gees in die praktyk – daar waar die vuur van vervolging hoog brand, waar die smeltkroes dreig om jou te verteer, en waar droefheid en verslaenheid byna daarin slaag om die oorhand oor jou te kry. Wanneer mense nie meer kan help nie, leer jy om in jou smarte jou toevlug na die Here te neem en by Hom berusting en hulp te vind. In daardie oomblikke ervaar jy dat Hy aan jou krag gee om jou kruis te dra, want “as hulp in benoudhede is Hy in ’n hoë mate beproef” (Ps. 46:2). “Wees maar net stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting” (Ps. 62:6).

Onderwerp jouself aan die vormende hand van die hemelse Pottebakker sodat Hy van jou ’n voorwerp tot eer kan maak. Selfs wanneer Hy ons tugtig, is sy einddoel daarmee “sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie ’n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter ’n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is” (Heb. 12:10-11).

Ons moet deur ’n leerskool van beproewings gaan sodat ons in die praktyk kan leer om ons volle vertroue in die Here alleen te stel. Ons moet ook in die louterings wat oor ons kom, van die

oorheersing deur die vlees bevry word sodat die vrug van die Gees onbelemmerd in ons lewe kan uitspruit.

Ek kan die krag van Christus se opstanding eers waarlik leer ken en ervaar wanneer ek gemeenskap met sy lyde het en aan sy dood gelykvormig word (Fil. 3:10). Dit is slegs met die aflegging en kruisiging van die ou lewe dat ek vinnig kan vorder op die pad van die nuwe lewe waarheen Christus my roep.

12. Bedieninge van die Heilige Gees

Die Heilige Gees speel ’n baie belangrike rol in die vestiging, instandhouding en uitbreiding van God se koninkryk op aarde. Die Gees doen hierdie werk in sy eenheidsverband met die Vader en die Seun, en dit neem die vorm aan van ’n verskeidenheid bedieninge. Dit is nodig dat die werk van die Heilige Gees ten volle erken sal word, dat Hy nie gesmaad, bedroef, weerstaan of uitgeblus sal word nie, maar geëer en gehoorsaam sal word.

Deur die Heilige Gees handhaaf God sy alomteenwoordigheid, red mense se siele, vestig sy kerk op aarde, openbaar Homself aan sy kinders, lei en versterk hulle, en oortuig die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel.

Die begrip van heiligmaking is daarin vervat dat dit die Gees is wat die bedienaar van die veelvuldige genade van die Vader en die Seun is. Hy red, heilig en lei ons in die hele waarheid op grond van die soenverdienste van die Here Jesus. Deur aan Hom gehoorsaam te wees, word ons gereinig en afgesonder vir die diens van die Here. Deur Hom in ons lewe te weerstaan, te bedroef of uit te blus, kom in mindere of meerdere mate neer op die verwerping van een of meer van sy bedieninge. Ons moet van sy werk kennis neem en dit aanvaar en bevorder.

Die twaalf belangrikste bedieninge van die Heilige Gees is die volgende:

1. Die Gees wat die Seun en die Vader verteenwoordig en verheerlik

Die Here Jesus het gesê: “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor sal Hy spreek … Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig” (Joh. 16:13-15).

Die Heilige Gees verteenwoordig en verheerlik die Seun en die Vader. Hy spreek nie uit Homself nie, maar verkondig die woorde van die Here Jesus en die Vader. Dit is waarom ons so ’n sterk bewussyn van die Seun en die Vader se teenwoordigheid kry wanneer die Gees tot ons spreek. Dit mag selfs wees dat ons glad nie van die Heilige Gees se inwerking bewus is nie. Die ander uiterste is dat mense nét die Heilige Gees aanspreek en eer, en Jesus op die agtergrond skuif. Dit is heeltemal onvanpas, omdat die Heilige Gees juis die Here Jesus in ons midde verheerlik, ons aan sy woorde herinner, en sy genadewerk aan ons verkondig en bedien.

Die Heilige Gees kom nie in sy eie Naam na ons toe nie, maar in Jesus se Naam; daarom het die Here Jesus gepraat van “… die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (Joh. 14:26). Die Here Jesus les ook deur middel van die Heilige Gees die geestelike dors wat almal van ons het: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo” (Joh. 7:37-39).

Geloof word dus in Christus gestel, maar die Heilige Gees is die bedienaar van sy genade.

2. Die Gees van liefde

Die Heilige Gees het ’n bepaalde bediening om die liefde van God wat daar in Christus Jesus is, te verkondig en aan ons te skenk. Paulus sê: “… en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is” (Rom. 5:5). Hierdie *agape* liefde is uitwaarts gerig en daarop ingestel om in die diepste behoeftes van ’n wêreld in sy geestelike nood en liefdeloosheid te voorsien: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Joh. 3:16).

Nadat ons gered is, moet ons in hierdie liefde gewortel en gegrond word en ook volmaak word in die liefde. Dit gebeur namate ons met die Gees van die liefde vervul word.

3. Die Gees van die waarheid

God is waarheid, sy woord is die waarheid, die Here Jesus is die weg, die waarheid en die lewe,

en die Heilige Gees is ook die Gees van die waarheid wat ons in die hele waarheid lei (Joh. 14:6; 16:13; 17:17). Jesus het gesê: “En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh. 8:32). Die waarheid van die evangelie van verlossing het ’n vrymakende krag, en hierdie waarheid word deur die Heilige Gees aan ons oorgedra en in ons harte bevestig. Dit verskaf aan ons ’n vaste riglyn vir ons lewe.

Die verkondiging van die waarheid vind egter nie in ’n onbelemmerde omgewing plaas nie. Ons leef in ’n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19), en van hom af gaan daar ’n gees van dwaling uit om mense te mislei en hulle oë vir die waarheid te verblind. Ons word ernstig hierteen gewaarsku:

“Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is … Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling” (1 Joh. 4:1-6).

Die Heilige Gees wat in Christene se harte woon, is groter en ook sterker as die Antichris se gees van dwaling. Jy hoef dus nie die slagoffer van misleiding te wees nie, en nooit die knie voor ’n afgod te buig nie. Die Heilige Gees gee aan jou deur die Bybel die kennis, maar verder ook die moed en krag, om vir die waarheid op te staan.

4. Die Gees wat oortuig van sonde en geregtigheid en oordeel

Die Here Jesus het oor die Heilige Gees se oortuigingswerk gesê: “… en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel” (Joh. 16:8).

Alle ongeredde mense moet innerlik van hulle sonde oortuig word, asook van die feit dat hulle as gevolg daarvan in ’n toestand van rebellie teen God verkeer. Die Heilige Gees gebruik die geskrewe en gesproke woord om dit te doen. Hy vestig diep oortuigings van sonde en verlorenheid in sondaars se harte. Wanneer Hy dit gedoen het, gaan Hy voort om die oplossing van die sondeprobleem by die ongereddes tuis te bring. Dit bestaan daarin dat sonde vergewe en Jesus Christus se geregtigheid aan sondaars geskenk word. Hiervoor is daar ’n uitdruklike voorwaarde: hulle moet eers hulle sonde bely en laat staan (1 Joh. 1:9; Spr. 28:13) om genade te kan vind.

’n Derde aspek van sy oortuigingswerk het op die komende oordele betrekking. Sondaars moet goed besef dat as hulle nie van die Here Jesus se genade-aanbod gebruik maak nie, hulle saam met die duiwel en sy gevalle engele tot die ewige vuur van die hel verdoem sal word. In werklikheid is hulle reeds onder daardie oordeel – dit moet nog net voltrek word (Joh. 3:18). Dit is in alle sondaars se eie belang om nie die oortuigingswerk van die Heilige Gees te weerstaan nie, omdat dit op hulle behoud ingestel is. Elkeen wat in die Here Jesus glo en gered word, kry die versekering dat hy nie in die oordeel sal kom nie: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe” (Joh. 5:24).

5. Die Gees wat wederbaar en doop

Die belangrike saak van die redding van siele word deur die Heilige Gees op grond van die versoeningswerk van die Here Jesus gedoen. “Niemand kan sê [bely] dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees” (1 Kor. 12:3). Dit is die Heilige Gees wat die Here Jesus as Verlosser aan ons bekend stel, en ook die nuwe lewe deur ’n geestelike wedergeboorte aan ons skenk. Hy is die lewendmakende Gees van God wat ná die wedergeboorte ook in ons kom woon: “En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon” (Rom. 8:11).

Die Heilige Gees is “die Gees van aanneming tot kinders … Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is” (Rom. 8:15-16).

Die wedergebore kind van God word ’n tempel van die Heilige Gees genoem omdat die Gees in hom woning maak. Baie Christene besef nie dat hulle deur die Here Jesus gekoop is, aan Hom behoort, deur sy Gees tot ’n tempel van God omskep is, en dat hulle voortaan heilig moet lewe en God verheerlik nie. Aan die vleeslike Korinthiërs wat vervuld was van hulleself, vra Paulus: “Weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (1 Kor. 6:19-20).

Wedergebore Christene vorm ook saam die liggaam, of kerk van Christus. Daar is net een liggaam, en dus ook net een ware Christelike kerk op aarde – dit is die geredde mense wat hulle in verskillende denominasies bevind, of dalk in geen denominasie nie. Daar word ook gesamentlik na die ware Christendom (dit sluit ongeredde naamchristene uit) as die tempel van die Heilige Gees verwys: “Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My ’n volk wees” (1 Kor. 6:16).

Wanneer ’n persoon wederbaar word, word hy deur die Gees in die liggaam van Christus ingedoop: “Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge” (1 Kor. 12:13). Die Heilige Gees se bediening van doop staan met wedergeboorte in verband – dit is die oomblik wanneer die bekeerling ’n lid van die liggaam van Christus word. Dit verwys nie na die salwing of verdere vervullings met die Heilige Gees nie.

Hierdie doop is ’n suiwer geestelike ondervinding wat nie met die waterdoop verwar moet word nie. Johannes die Doper het gesê dat Jesus ons nie met water sal doop nie, maar met die Heilige Gees (Matt. 3:11). Die waterdoop, wat ook deur die Here Jesus beveel is (Mark. 16:16), is net ’n simbool en getuienis van die innerlike, geestelike doop wat tydens wedergeboorte ontvang is. Die vraag aan Israel was nie of hulle aan hulle vlees besny was nie, maar of hulle harte besny was (Deut. 30:6). Die vraag aan ons is ook nie in die eerste plek of ons met water gedoop is nie, maar of ons nuwe mense is wat deur die Heilige Gees gedoop is (Gal. 6:15; Rom. 6:3).

6. Die Gees wat vervul en heilig

Dit is ’n kenbare Nuwe-Testamentiese leerstelling dat mense wat reeds wederbaar is en die Heilige Gees ontvang het, ook met die Gees van God vervul moet word. Dit behels ’n volle oorgawe waarin alle struikelblokke van sonde en vleeslikheid deur belydenis, selfverloëning en selfkruisiging verwyder word sodat die Heilige Gees jou kan vervul en volle beheer oor jou lewe verkry. Nie almal doen dit egter nie. Reeds in die vroeë Christelike kerk was dit duidelik dat net sommige mense Geesvervuld was, en dat ampsdraers vir die gemeentes slegs uit hulle geledere gekies kon word: “Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees” (Hand. 6:3).

Die gemeente in Éfese word deur Paulus toegebid dat hulle met krag versterk sal word deur die Gees van God in die innerlike mens (Ef. 3:16). Die Thessalonicense word onder die leiding van die Heilige Gees tot ’n lewe van morele reinheid en volkome heiligmaking geroep (1 Thess. 4:7-8; 5:23-24). Johannes sê dat die Gees van die waarheid in en deur die kinders van God werk om die antichristelike gees van dwaling teë te staan (1 Joh. 4:1-6).

Die Heilige Gees wil ons met ’n oorwinnende, goddelike natuur beklee sodat ons onder alle omstandighede waardig kan wandel.

7. Die Gees wat toerus met krag en gawes

Die belofte van Jesus aan sy dissipels was dat hulle Goddelike krag sou ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom, en dat dit hulle in staat sou stel om oral op aarde sy getuies te wees (Hand. 1:8). Dit was ’n verdere aanraking met krag uit die hoogte vir reeds geredde mense. Op grond van hierdie belofte het die dissipels die Heilige Gees in sy pinkstervolheid ontvang. Vóór hierdie geleentheid het Jesus al oor sy dissipels geblaas en gesê: “Ontvang die Heilige Gees” (Joh. 20:22). Nogtans moes hulle daarná vervul word met die Heilige Gees sodat hulle krag en vrymoedigheid kon hê om die evangelie te verkondig. Omdat Paulus oor hierdie krag beskik het,

kon hy sê dat sy prediking nie in oorredende woorde van menslike wysheid was nie, maar in die betoning van gees en krag (1 Kor. 2:4).

Benewens sy krag, verleen die Heilige Gees ook ’n verskeidenheid gawes aan kinders van die Here om hulle vir bepaalde aspekte van Christelike dienswerk toe te rus: “… aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is” (1 Kor. 12:7).

8. Die Gees van gebed en smeking

Niemand kan waarlik bid voordat die Heilige Gees hom nie van sy sonde en nood oortuig en ook die begeerte by hom opgewek het om in gebed daarmee na die genadetroon te gaan nie. Ons kan net in en deur die Heilige Gees bid, en op grond van die versoening en middelaarsposisie van Jesus tot die genadetroon van die Vader nader. Wanneer ons nie mooi weet wat om te sê as ons bid nie, dan help die Heilige Gees ons om ons diepste nood en behoefte aan die Here bekend te maak: “… so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge” (Rom. 8:26).

Gebed moet ’n volgehoue kenmerk van ons lewe wees. Paulus sê dat ons “met alle gebed en smeking by elke geleentheid moet bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges” (Ef. 6:18). Ons moet hierin volhard.

Daar sal onder die leiding van die Heilige Gees hartroerende gebede en geween wees wanneer die oorblyfsel van Israel met die Messias versoen word as Hy weer kom: “Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het … In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem” (Sag. 12:10-11).

Ons moet gehoorsaam wees wanneer die Heilige Gees ons tot meer gebed wil aanspoor. Sonder voortdurende gebed sal ons die Gees bedroef en kragteloos word in ons geestelike lewe. Paulus verwys ook na die krag van die Heilige Gees wanneer hy sê: “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11). Hierdie stryd word in gebed gewen.

Dit is ’n baie belangrike bediening van die Heilige Gees om mense tot volhardende, gelowige gebed aan te spoor. Ons moet uitvoering hieraan gee en ook daagliks genoeg tyd daarvoor inruim.

9. Die Gees wat lei, inspireer en salf

Die Heilige Gees is aan ons gegee om ons in die hele waarheid te lei (Joh. 16:13). Hy gee aan ons insig sodat ons die verborgenhede van God se raadsplan vir die mens kan verstaan. Hy stel ons ook in staat om ’n breë geestelike perspektief te hê sodat ons die ontsaglike liefde van Christus ten volle kan begryp en met God se absolute volkomenheid vervul kan word (vgl. Ef. 3:18-19).

Daar is verskillende vorms van goddelike inspirasie wat gegee word aan mense wat besondere take moet verrig. Dit kan ook as salwings beskryf word. In Bybelse tye is sekere mense geroep en gesalf om die woord van God op só ’n volmaakte wyse te skryf dat dit foutloos was: “… want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Pet. 1:21; vgl. 2 Tim. 3:16-17).

Die Heilige Gees wil ons Leidsman wees in alle sake, en tot in die kleinste besonderheid, maar dan moet ons daarom bid en sensitief wees vir sy leiding. Hy kan maklik bedroef word as ons Hom nie gehoorsaam nie. Effektief bid ons om die Vader se wil in die naam van Jesus Christus, maar Hy lei ons deur sy Heilige Gees wat in ons woon. Die Here het behae daarin as ons Hom raadpleeg en ken in al ons weë, want dan aanvaar ons sy gesag en op grond daarvan sal sy wil in ons lewens geskied.

10. Die Gees wat ons deur sy teenwoordigheid vertroos

Jesus Christus het die Heilige Gees se rol van vertroosting in die lewe van gelowiges só verduidelik: “Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ’n ander Trooster gee om by julle te bly tot in

ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom *weer* na julle toe" (Joh. 14:16-18).

Christus het gesê dat die Vader die Trooster, die Heilige Gees, in sy Naam sou stuur. Dit sou 'n baie groot verandering in die dissipels se lewens tot gevolg hê. Die droefheid en ontsteltenis omdat Jesus hulle sou verlaat en na sy Vader in die hemel teruggaan, sou deur die koms van die Trooster heeltemal uit die weg geruim word. Dit sou selfs vir hulle baie beter wees, want Jesus sou voortaan deur sy Heilige Gees in elkeen van hulle se harte woon. As gevolg hiervan kon hulle op 'n geestelike vlak sy teenwoordigheid onafgebroke ervaar. Dit was vir hulle oneindig meer voordelig, want 'n liggaamlike Jesus kan nie ten alle tye by al sy dissipels teenwoordig wees nie.

Omdat die Heilige Gees een met die Vader en die Seun is, verteenwoordig Hy hulle ten alle tye. Dit is dus die drie-enige God wat deur die Gees sy intrek by alle Christene neem. Ons ontvang nie net die *ander Trooster* nie, maar ook die Vader en die Seun. Hoe groot is die verpligting op ons nie om waardig te wandel, die Here lief te hê en sy Woord te bewaar nie! Jesus het gesê: "As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak" (Joh. 14:23).

11. Die Gees van wysheid en kennis

"Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid" (Ps. 111:10). Alle skatte van wysheid en kennis is in Hom verborge (Kol. 2:3). Dit is 'n bediening van die Heilige Gees om hierdie goddelike kennis en wysheid aan ons te openbaar. Paulus het ernstig vir die Efésiërs gebid "dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee" (Ef. 1:17).

Put jy gereeld uit die bron van geestelike wysheid en is dit die grondslag van jou hele lewe, ook in die sekulêre wêreld waarin jy jou bevind? Paulus sê: "Die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God" (1 Kor. 2:10). Alle sake moet in die lig van goddelike wysheid beoordeel word. Dit gee aan die Geesvervulde Christene 'n baie groot voorsprong bo die wêreld:

"Ons het … nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer … Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word" (1 Kor. 2:12-14).

Kom jy wysheid kort? Bid die Vader om sy wysheid deur die Heilige Gees aan jou te skenk, en Hy sal dit doen (Jak. 1:5).

12. Die Gees van profesie

Volgens Johannes 16:13 is dit ook 'n bediening van die Heilige Gees om die toekomstige dinge aan ons te verkondig. Nadat die geweldigste oordele wat in die groot verdrukking oor die aarde gaan kom in die boek Openbaring beskryf is, word daar in hoofstuk 19 gesê: "Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie" (Op. 19:10).

Die oordele van God is bedoel vir dié mense wat nie sy genade-aanbod deur die Here Jesus wou aanvaar nie. Dit is die rede waarom die Heilige Gees ook oordele en strafgerigte aankondig. 'n Wêreld wat die liefde en reddende genade van God asook sy Heilige Gees wat hulle daarvan wil oortuig smaad, moet noodwendig die boodskap van God se toorn oor die sondaars hoor. Hy sal nie die sonde ongestraf laat bly nie. As mense weier om hulle sondes voor die genadetroon te bely en te laat staan, sal hulle self die straf daarvoor moet betaal. Hulle sal dan uitvind dat dit vreeslik is om te val in die hande van die lewende God (Heb. 10:31). Ondenkbare oordele wag op hulle.

Wat die Christene betref, gee die Heilige Gees aan ons 'n vaste toekomsverwagting vir die wederkoms van Jesus Christus. Dit is die Heilige Gees wat die bruidsgemeente roep, toerus en heilig. 'n Kenmerk van 'n Geesvervulde Christen is dat hy uitsien na die koms van die Here Jesus en na sy woning in die hemel. Hy beywer hom daarvoor om op dié dag vlekkeloos en

onberispelik in heiligheid bevind te word.

Die Heilige Gees, onder wie se direkte inspirasie alle Bybelse profesieë geskryf is, het ’n bediening om daardie profesieë aan ons te verkondig. Petrus sê: “Ons het die profetiese woord, wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn” (2 Pet. 1:19). Dit sal jou help om jou donker tydsomstandighede beter te verstaan, en ook onwrikbaar te glo dat daar vir alle Christene ’n salige hoop voorlê wanneer hulle met die hemelse Bruidegom verenig sal word (Tit. 2:13).

Wanneer God se basuin blaas, sal die gestorwe heiliges uit die dood opgewek word en onverganklike opstandingsliggame kry. Dié wat nog in die lewe is, sal in ’n oomblik, in ’n oogwink, met verheerlikte liggame beklee word en saam sal almal van hulle weggevoer word, die Here Jesus tegemoet in die lug (1 Kor. 15:51-52; 1 Thess. 4:16-17). Ons moet egter nou reeds onder die leiding van die Heilige Gees aan die bruilofskleed werk wat ons daardie dag sal aanhê, want die weefstof daarvan is die skering en inslag van “die regverdige dade van die heiliges” (Op. 19:7-8). ’n Heilige lewe is onontbeerlik, want sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie (Heb. 12:14).

Omdat die twee sake van heiligmaking en ’n wederkomsverwagting met mekaar in verband staan, sê Paulus: “Blus die Gees nie uit nie. Verag die profesieë nie” (1 Thess. 5:19-20). Moenie een van die Heilige Gees se bedienings in jou lewe geringskat en verwaarloos nie, want dan sal jy geestelik arm en onvolledig toegerus wees vir dit wat vorentoe op jou wag. Jy sal ook nie geestelik bekwaam wees vir dit wat die Here deur jou wil doen nie. Stel jouself onvoorwaardelik tot die Here se beskikking as ’n kanaal waardeur sy Gees kan werk.

13. Die Pelgrimsreis van God se Volk

Ons is almal op ’n reis na die ewigheid. ’n Voorbeeld van hierdie pelgrimsreis is Israel se uittog uit Egipte. Hulle het vertrek op ’n reis wat by die slag van die paaslam begin het, en wat hulle uiteindelik tot binne-in die Beloofde Land gebring het. Slegs ’n klein groepie van hulle het die geestelike lesse van heiligmaking en toewyding wat die Here hulle op hierdie reis geleer het ter harte geneem. Die groot meerderheid van die volk het ’n mislukte geestelike lewe van val en opstaan gelei wat in baie gevalle ongeloof tot gevolg gehad het.

Israel se bevryding uit Egipte en hulle uittog uit die gebied van hulle sondige verlede om die Here te gaan dien, is ’n tipe van die Nuwe-Testamentiese redding van sondaars en die daaropvolgende afsondering van Christene om die Here te dien sonder enige kompromie met die wêreld. Die reis wat Israel van Egipte af na Kanaän moes onderneem, is ’n tipe van die Nuwe-Testamentiese weg van heiligmaking. Die geestelike hardheid van Israel en hulle herhaalde weiering om hulle aan die vormende hand van die Here te onderwerp, is ’n tipe van die Nuwe-Testamentiese Christene wat met hulle vleeslikheid en liefde vir die wêreld volhard, en daardeur nalaat om die heiligmaking in die vrees van die Here te volbring. Paulus sê die volgende oor Israel se tipologiese rol tydens hulle bevryding uit Egipte en reis deur die woestyn:

“Ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ’n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie … Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde [tipes] en is opgeskrywe as ’n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het” (1 Kor. 10:1-6, 11).

Ons moet hierdie waarskuwings dringend ter harte neem, veral in die lig daarvan dat so min Christene met volharding en oorgawe die weg van heiligmaking bewandel. Kom ons kyk met nuwe erns na die reis wat Israel onderneem het, en pas dit ook op onsself toe.

In Númeri 33:1-18 word daar 15 plekke genoem in Israel se reis tot aan die grens van die Heilige Land. Volgens die betekenisse van hierdie plekke se name verteenwoordig hulle almal belangrike stadiums in die geestelike pelgrimsreis wat God se volk moet volg.

Raämses (*Donderslag* of *Losmaak van boosheid*)

Die reis het by Raämses, binne-in Egipte begin. Hier waar Israel slawe van Farao was, het die Here hulle verlos. Die teken van die volk se verlossing was die slag van die paaslam en die bestryking van hulle deurposte met die bloed van die lam. Die Here het gesê: “As Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan” (Ex. 12:13). In die nag van Israel se bevryding het die doodsengel deur die hele Egipteland getrek om die eersgeborenes te tref. Net die huise wat bloed aan die deurposte gehad het, is oorgeslaan en dus vrygespreek.

God se verlossingsplan begin by die slag van ’n lam. Die paaslam wat in Egipte geslag is, is ’n heenwysing na die Here Jesus as die vlekkelose Lam van God wat vir die sondes van die hele wêreld geslag sou word. Johannes die Doper het na Jesus gewys en gesê: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29). Paulus het gesê: “… ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Kor. 5:7). “In hom het ons die verlossing deur sy bloed” (Ef. 1:7). Petrus het gesê: “Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19). Die verheerlikte kerk sal die Here Jesus rondom die troon toesing: “U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie” (Op. 5:9).

Die slag van die Lam van God dui daarop dat Hy die doodstraf vir ons sondes moes uitdien. Jesaja sê: “Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom” (Jes. 53:5). Die betekenis van Raämses kom juis in hierdie opsig ter sprake: *Donderslag* is ’n aanduiding van straf of oordeel,

en *Losmaak van boosheid* dui op die verlossingswerk van die Lam. Hy maak ons bande los en bevry ons van die slawerny van die sonde waaruit ons nie self kan vrykom nie.

Verlos uit Farao se mag, het Israel daardie nag uit Egipte weggetrek na ’n nuwe bestemming. Dieselfde beginsel kan op Nuwe-Testamentiese Christene toegepas word. Nadat ons uit die mag van Satan bevry en uit die duisternis oorgekom het tot die lig, begin ons met ’n reis waarin die lig van die Here in ons lewe al hoe helderder word tot die volle dag toe (Spr. 4:18). Dit is die pad van toenemende heiligmaking waarin ons voortdurend voor nuwe uitdagings te staan kom en sterker word in die Here. Ons verlossing is dus net die begin van ’n lang reis van geestelike groei waartydens ons moet volhard totdat al die wonderlike beloftes van die Here in ons lewe in vervulling gegaan en ons ons finale bestemming veilig bereik het.

Sukkot (*Tente*)

Die eerste plek waar Israel laer opgeslaan het, was by Sukkot. Dit beteken *Tente.* Hulle was nou pelgrims en tentbewoners op pad na hulle nuwe tuiste. Ná ons redding word ons ook van hierdie wêreld losgemaak om vreemdelinge en bywoners te word wat na ons ewige tuiste in die Godstad op pad is (1 Pet. 2:11). Ons is net tydelik in die wêreld, soos tentbewoners, want ons burgerskap is in die hemel. Soos Abraham moet ons nou reeds ’n vergesig hê van die stad wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is (Heb. 11:9-10). Omdat ons net reisigers en verbygangers is, moet ons ons nie in hierdie wêreld ingrawe asof ons vir altyd hier gaan bly nie. Ons moet ook nie skatte hier bymekaarmaak nie, maar eerder dáár waarheen ons op pad is.

Etam (*Hulle eie krag*)

By Etam het Israel van die reguit roete na Kanaän afgedraai en na die Rooi See koers gekies. Hulle het volgens eie insig opgetree en gedink dat hulle die regte ding doen. Dit was egter die begin van ’n groot krisis op hulle reis. Jong Christene steun ook soms op hulle eie insig en probeer om die Here in die krag van die vlees te dien, en begaan dan groot oordeelsfoute en ondervind mislukkings. Hulle beland dan as gevolg hiervan in ’n ernstige geestelike krisis.

Pi-Hágirot (*Stem van uitredding*)

Aan die rand van die Rooi See het die volk in groot benoudheid gekom. Hulle was nog nie uit Egipte nie, en Farao se leërs het hulle agtervolg om hulle te vang en weer slawe van hulle te maak. Agter hulle kon hulle reeds die strydwaens sien aankom. Aan beide kante was die woestyn, en voor hulle die Rooi See wat die weg versper het. Groot angs het Israel in hierdie woeste en verlate plek oorval, en hulle het met *’n stem van uitredding* tot die Here geroep. Hy het hulle hulpgeroep gehoor en die Rooi See oopgekloof sodat die volk veilig kon deurtrek. Toe Farao se leërs ook probeer deurtrek het, het die water teruggevloei en het hulle almal gesterf.

Dit is duidelik dat die meeste van die Israeliete nie regtig die simboliek van die slag van die paaslam verstaan het nie, en in hulle harte nie van die ou lewe verlos was nie. Dit is waarom die Here hulle laat begaan het toe hulle by Etam van koers af gedwaal het. Dit was nodig dat hulle in groot benoudheid moes kom, sodat hulle ernstig om uitredding tot Hom sou roep. Eers daarna sou hulle deur ’n wonderwerk van God Egipte finaal kon verlaat.

In die Nuwe Testament bestaan daar ook ’n soortgelyke situasie. Baie mense het net ’n nominale kennis van die Lam van God wat vir ons sonde geslag is. Hulle bely dit met hulle lippe, maar hulle harte is onaangeraak daardeur (Mark. 7:6). Hulle is ongeredde vormgodsdienstiges wat hulle in die kerk tussen ander gelowiges bevind, maar in werklikheid is hulle nog in geestelike duisternis vasgevang. Sulke mense kom op een of ander wyse in groot benoudheid, sodat hulle ernstig om redding na die Here kan roep. Wanneer dit gebeur, doen Hy vir hulle die wonderwerk van wedergeboorte en uitredding uit die ou lewe.

Het jy al onder sondeoortuiging gekom en besef dat jy ten spyte van jou uiterlike vertoon en vormgodsdiens op pad is hel toe? Jy moet by ’n plek in jou lewe kom waar daar menslik gesproke geen uitkoms vir jou is nie. In hierdie doodloopstraat moet jy desperaat om hulp roep en sê: “Dit is verby met my! As die Here my nie nou red nie, stuur ek op gewisse verderf en verlorenheid af.” Dan sal die Here sy reddende regterhand na jou toe uitstrek, jou uit die kuil van

vernietiging optrek en jou voete op ’n rots stel. Hy sal jou gange vasmaak en ’n nuwe lied in jou mond gee (vgl. Ps. 40:3-4). Wanneer dit gebeur, sal jy weet dat die Here jou siel gered het en sal jy ’n onomstootlike getuienis van verlossing hê.

Mara (*Bitterheid*)

Nadat hulle deur die Rooi See was, het Israel drie dagreise ver die woestyn in getrek en by Mara laer opgeslaan. Hier was ’n fontein met bitter water. Die volk het baie hieroor gemurmureer omdat hulle nie die bitter water kon drink nie. Die Here het vir Moses ’n stuk hout gewys om in die water te gooi, waarna dit soet geword het. Hier het Moses ook aan die volk gesê dat as hulle getrou aan die Here bly, na sy stem luister en doen wat reg is in sy oë, die Here hulle gesond sou maak en geeneen van die siektes van Egipte op hulle sou lê nie.

Alle Christene gaan op die pad van die Here by Mara verby. Dit is die leerskool van geloofstoetse en beproewings. Dit is nie in rykdom en voorspoed dat jy aan die einde van jouself kom en leer om net op die Here te vertrou nie, maar by die bitter waters van Mara. Hier word jou karakter gevorm en jou geloof gelouter terwyl jy vir uitkoms en genesing op die Here wag. Petrus praat van die beproefdheid van ons geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat deur vuur gelouter word (1 Pet. 1:7). Wanneer alle ander dinge jou faal, word jy geleer om net in die geloof vorentoe te gaan. Só word jou geloof getoets, opgebou en versterk. Hoe sal jy weet of jy ’n sterk geloof het voordat dit aan ’n strawwe toets onderwerp is?

Baie mense druip hierdie geloofstoetse en gee hulleself aan verbittering oor. Israel het by Mara hulle geestelike bankrotskap en gebrek aan insig getoon deur sommer gou teen God en ook teen Moses te murmureer. In die Nuwe Testament lees ons van mense wat op ’n soortgelyke wyse in die genade van God veragter, terwyl daar ’n wortel van bitterheid in hulle harte opskiet (Heb. 12:15). Hulle raak nie net teen omstandighede en teen ander mense verbitterd nie, maar ook teen die Here self. As gevolg hiervan verbeur hulle sy seën, val terug, en beland in ’n geestelike woestyn.

Die oplossing vir Mara se bitter water was ’n stuk hout wat in opdrag van die Here daarin gegooi moes word. Ons bitter ondervindings en probleme moet ook na die kruishout geneem word, waar daar in die Naam van die Here Jesus herstel en genesing is.

Elim (*Boord* of *Paradys*)

Elim was ’n oase met 12 fonteine en 70 palmbome – ’n ware paradys en rusplek. Die water was soet en die omstandighede aangenaam. Elim was maar drie ure se reis van Mara af. Wanneer die Here jou donker omstandighede beëindig, breek die lig soms skielik deur. Die storm bedaar en jy vaar rustige waters binne. In die geloofstryd en beproewings wat ons ervaar, gee die Here dikwels vir ons so ’n aangename tyd van verposing, rus en herstel. Maak ten volle daarvan gebruik voordat jy weer verder op jou reis vertrek om die stryd van die geloof in ’n bose wêreld voort te sit.

Die Skelfsee (*Weer die Rooi See*)

Die Here laat sy volk na die Skelfsee teruggaan – dit is die Rooi See waardeur hulle kort tevore getrek het. Hulle moes weer aan die hopelose situasie dink waaruit die Here hulle gered het, en Hom opnuut vir die groot dade van sy verlossingswerk dank. Ons moet ook meermale na die kruis toe teruggaan en opnuut die Here dank dat Hy ons siele uit genade gered het. Ons moet terugdink aan daardie troebel waters waaruit Hy ons verlos het, en aan die ou lewe wat op ’n gewisse dood afgestuur het. Dank die Here dat Hy jou verlos en jou naam in die boek van die lewe geskryf het (Luk. 10:20).

Sin (*Drek*)

In die woestyn Sin, waar Israel vervolgens laer opgeslaan het, het die manna vir die eerste keer geval. Dit was vir hulle ’n belangrike leerskool van geloof. In ’n woestyn waar daar geen kos was nie, moes hulle leer om die Here vir al hulle behoeftes te vertrou. Hulle moes ook leer dat dit ’n daaglikse lewe van vertroue was omdat hulle elke dag, in die môre, vir daardie dag manna moes optel. Net op die sesde dag moes hulle ’n dubbele porsie versamel om ook vir die Sabbat genoeg te hê.

Ons moet deur dieselfde geestelike leerskool gaan en die wêreld as drek beskou om Christus as wins te verkry. Ons is van Hom alleen afhanklik en Hy voorsien in elke behoefte van ons na die rykdom van sy genade. Die reën wat ons nodig het en die werk wat ons moet hê, is alles sake waarvoor ons Hom moet vertrou. Moenie sekulêr ingestel raak en alles wat jy kry as vanselfsprekend aanvaar nie. Bo alles moet ons begryp dat ons nie van brood alleen kan lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van die Here gaan. Dit is die brood van die lewe wat as hemelse manna ryklik aan ons geskenk word. Ons moet onsself elke dag hiermee versadig en ons geloofsband met die Gewer van alle goeie gawes versterk. As ons dit doen, sal ons vind dat die Here in die woestyn van hierdie wêreld talle seëninge oor ons uitstort en ons sal help om die droë laagte waardeur ons trek in 'n fonteinland te omskep (vgl. Ps. 84:7). Wat ons van die Here ontvang, moet ons met ander deel.

Dofka (*Aanklop* of *Uitdryf van boosheid*)

Op hulle reis in die rigting van Dofka het Israel vinnige vordering gemaak. In die woestyn Sin is hulle geloof versterk, en hulle het geleer om die Here vir hulle behoeftes te vertrou. By Dofka het die volk in gebed aan die hemelse deur geklop, ervaar hoedat die Here gebede beantwoord, en ook oorwinning oor hulle probleme behaal. Wanneer ons as Christene die krag van volhardende gebed ontdek, maak ons vinnige vordering in ons geestelike lewe, en behaal oorwinning oor boosheid en sonde.

Alus (*Lêplek van die leeus*)

By Alus het die volk van God terdeë ontdek dat hulle in 'n stryd met God se vyande gewikkel is, en ten alle tye paraat moes wees vir moontlike aanvalle. Dit is die leerskool van geestelike oorlogvoering. Agter die vyandelike aanvalle was die duiwel wat soos 'n brullende leeu rondloop. In hierdie geval het hy die magte van Ámalek gebruik om Israel aan te val en mense dood te maak. Ámalek se ruiters het die persone wat stadig gevorder en agter geraak het, ingehaal en om die lewe gebring. Hulle het dus binne-in die laer ingekom en die agterstes, wat vir hulle die maklikste teiken was, aangeval.

Ámalek is 'n tipe van die duiwel wat God se volk van binne af aanval, daarom is hy 'n voorstelling van die inwonende sondige natuur wat oorwin moet word. Farao is 'n tipe van die duiwel wat ons van buite af aanval, wil oorheers, verslaaf en doodmaak. Nadat die Here vir Israel van Farao verlos en sy mag oor hulle gebreek het, moes hulle ook oorwinning behaal oor hulle ander vyand, Ámalek.

In die Nuwe Testament is ons as gelowiges in dieselfde situasie. Nadat 'n persoon van Satansmag bevry en gered is, het die duiwel nog steeds 'n bondgenoot in sy lewe, naamlik sy ou, sondige natuur. Die duiwel werk dus van binne af deur die vlees om jou geestelik aan te val, lam te lê en onvrugbaar te maak. Ons moet ook teen hierdie vyand van binne oorwinning verkry as ons geestelik wil vorder.

Ráfidim (*Rusplek*)

Israel het by Ráfidim gekom waar die water uit die rots gevloei het. Hier is hulle innerlik verkwik, het oorwinning oor Ámalek behaal, en het rus verkry ná die vyandelike aanvalle.

Ráfidim is 'n belangrike leerskool van oorwinning oor die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede. Hierdie oorwinning begin by die rots. Paulus sê in 1 Korinthiërs 10:4 dat die gekliefde rots op Christus dui. Die stroom water dui op die uitstorting van die Heilige Gees nadat die Here Jesus se liggaam aan die kruis "geklief" (verbreek) is en Hy daarná uit die dood opgestaan het. Hy nooi almal van ons om uit hierdie stroom te drink en geestelik verkwik te word: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo" (Joh. 7:37-39).

God het vir sy volk 'n rots geklief en 'n stroom water voorsien waaruit hulle kon drink. Hierna het daar 'n groot wending in hulle stryd teen die vyand gekom en het hulle 'n klinkende oorwinning behaal.

Die stryd teen Ámalek was besonder hewig. Wanneer Moses sy hande seënend omhoog gehou

het, het Josua en sy manskappe vir Ámalek teruggedryf. Wanneer Moses sy hande laat sak het, is Josua weer deur Ámalek teruggedryf. Dit is ’n tipiese situasie van val en opstaan. As ’n oplossing hiervoor het Aäron en Hur Moses se hande omhoog gehou en is Ámalek deur die skerpte van die swaard ’n neerlaag toegedien. Aäron, die priester, is die verpersoonliking van gebed, terwyl die naam Hur die betekenis het van witheid, reinheid, of heiligheid. Die stryd teen die vlees kan nie sonder voortdurende gebed en ’n oorgawe tot heiligheid gewen word nie.

Deur die kruisdood van die Here Jesus en die vervulling met die Heilige Gees, kan ons oorwinning oor ons inwonende, sondige natuur behaal. Dit moet met aanhoudende gebed en ’n heilige lewenswandel gepaard gaan. Hou aan totdat Ámalek beslissend verslaan is. Hierna kan jy ook rus in die Here en in sy sterkte omdat die tweestryd tussen die Gees en die vlees verby is. Ámalek sal weer probeer terugkom om die vlees te laat herleef, maar as jou verhouding met die Here reg is, sal hy nooit weer beheer oor jou kan verkry nie. Volhard net op die pad van gebed en heiligmaking.

Sinai (*Wet van die Here*)

Israel het op die 50ste dag ná hulle uittog uit Egipte by Sinai aangekom en omtrent ’n jaar lank daar vertoef. ’n Totaal nuwe lewe het as volk van God op hulle gewag, en hiervoor moes nuwe lewensbeginsels by hulle ingeskerp word. Hulle moes die wet van die Here deeglik leer ken en nougeset daarvolgens lewe. Indien hulle al die geestelike lesse van geloof, gebed, oorwinning oor die mag van Satan en heiligmaking ter harte geneem het, sou Sinai vir hulle ’n heerlike ondervinding gewees het. Met slegs geringe uitsonderings is die teendeel ongelukkig waar. Die meeste van hulle was vormgodsdienstige meelopers wie se harte nog by die vleispotte van Egipte was.

Toe Moses te lank na die volk se sin op die berg gebly het om die wet van die Here te kry, het hulle ’n goue kalf gemaak en voor die beeld rondgedans. Aan hierdie gedrog het hulle eer gebring en gesê dat hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Dit is heeltemal ondenkbaar, maar dit het nogtans gebeur. Dit is waarom die Here sê dat hierdie dinge opgeteken is as ’n waarskuwing aan ons, op wie die eindes van die eeue gekom het. As ons in vormgodsdiens verval en die Here deur ons optrede smaad, sal sy toorn oor ons ontvlam. Ons kan nie voor afgode soos Mammon neerbuig en dink dat die Here daarmee tevrede sal wees nie.

Die geestelike betekenis van Sinai is dat die woord van die Here nie met ink nie, maar deur sy Gees op die tafels van ons harte geskryf moet word (2 Kor. 3:3). Ons moet in genade en kennis toeneem, sodat ons ’n werkende kennis van die Woord van God het. In dié studie moet ons onsself verdiep nadat ons ’n volle oorgawe gemaak het om met die Heilige Gees vervul te word (die Ráfidim-ondervinding). Dit maak nie saak of ons ’n formele studie van die Bybel onderneem deur vir een of ander kursus in te skryf, en of ons dit informeel deur selfstudie doen nie. Die feit is net dat ons ’n sistematiese studie van die Woord van God moet maak; dan kan die Here ons ook gebruik. Het jy al die Woord van die Here bestudeer en dit in jou hart gebêre dat jy nie teen Hom sal sondig nie? Verkondig dit dan, sodat ander ook die weg na ware verlossing en heiligmaking kan vind.

Kibrot-Hattaäwa (*Die graf van begeerlikhede*)

Van Sinai af is daar net drie kampeerplekke tot aan die grens van Kanaän. Die eerste een daarvan is Kibrot-Hattaäwa. Indien die volk die geestelike vorming sou ondergaan het wat die Here vir hulle bedoel het, sou hulle teen dié tyd verlos gewees het van die begeerlikhede van die ou lewe. Omdat dit weens hulle vormgodsdiens nie die geval was nie, het hulle vleeslike begeerlikhede nog steeds hoogty gevier. By hierdie plek het hulle oor die manna gekla en gesê dat hulle vleis wou hê om te eet. Hulle het hulle só vergryp aan die kwartels wat die Here gestuur het, dat die vleis nog tussen hulle tande was toe die oordele van God hulle getref het.

Vir diegene wat die weg van verlossing en heiligmaking reg bewandel, kom daar ’n tyd wanneer die ou lewe wat hulle soos ’n skaduwee agtervolg het, dood en begrawe is. Jy is dood vir die begeerlikhede van die vlees omdat jy dit afgesterf het. Jy het die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede van die ou lewe ontvlug en jou met ’n nuwe lewe van heiligheid en godsvrug beklee.

Háserot (*Voorhof*)

Háserot is die voorhoflewe. Bevry van die wêreld en sy begeerlikhede, die sonde en die vlees, het jy net een begeerte en dit is om die Here elke dag te dien. Dan sal jy kan sê dat ’n dag in die Here se voorhowe beter is as ’n duisend dae in die wêreld (Ps. 84:11). Dawid het gesê: “Een ding het ek van die Here begeer, en dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die lieflikheid van die Here te aanskou en te ondersoek in sy tempel” (Ps. 27:4). Só ’n persoon het van die wêreld afskeid geneem en hou hom net met die dinge van die Here besig. Dit is die belangrikste saak in sy lewe.

Kades (*Heiligheid*)

Die laaste laer was Kades (Num. 13:26), wat ook Ritma genoem word. Hier behoort die volk ná hulle 18 maande lange pelgrimsreis en die geestelike leerskool wat daarmee gepaard gegaan het, heilig verklaar te kon word en dus waardig te kon wees om die Beloofde Land in besit te neem. Hulle hardheid van hart, ongeloof en gebrek aan belangstelling in die dinge van die Here het hulle egter onbevoeg gemaak om hulle geestelike erfenis in besit te neem. Tien van die twaalf verspieders in Kanaän het dieselfde ongeloof geopenbaar en wou nie die uitdaging om oor te trek, aanvaar nie. Josua en Kaleb se minderheidsverslag is verwerp, en die hele volk is terug woestyn toe waar 38 jaar se sinnelose swerftogte op hulle gewag het - totdat die ongelowige geslag wat God mishaag het, in hulle omswerwinge gesterf het (vgl. Num. 32:13).

Hoe sien jou geestelike lewe tans daar uit? Het jy ’n gelouterde geloof, lei jy ’n lewe van gebed, het jy oorwinning oor die sonde en begeerlikhede van die vlees behaal, is jy met die Heilige Gees vervul, het jy ’n werkende kennis van die Woord van die Here, is jou behae in die dinge van die Here, en dien jy Hom van harte al die dae van jou lewe? Dan sal jy deur Hom waardig verklaar word om jou geestelike erfenis in besit te neem en kragtig in sy diens gebruik te word. Jy sal nie te lig bevind word op die Here se weegskaal nie.

As jy jouself onder die vormgodsdienstiges, die wêreldgesindes, die vreesagtiges en die teruggevallenes bevind, dan het jy dringend ’n saak om met die Here uit te maak. Hy het geen behae gehad in die Israeliete wat in hierdie kategorie geval het nie – al was hulle ook uiterlik besnyde verbondskinders – maar het hulle neergeslaan in die woestyn. Alleenlik ’n veranderde hart waarin sy Gees woon, is vir die Here aanneemlik. Vertrou Hom vandag nog hiervoor.

Die eindtydse Christendom

Die waarskuwings wat uit Israel se rampspoedige geestelike doodsheid en hulle vormgodsdienstige verhouding met die Here voortspruit, word pertinent ook gerig aan die adres van die eindtydse Christendom – ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Dit is van die uiterste belang dat ons hierop sal ag slaan en onsself geestelik sal ondersoek of ons in die geloof is (2 Kor. 13:5). Indien ons nie die geloofstoets slaag nie, is ons ten spyte van ons doop, aanneming en kerkverband, nog steeds verlore sondaars wat op pad is hel toe.

Die uiterlike kriteria van Israel se volkslidmaatskap, naamlik afkoms, besnydenis en die bywoning van godsdienstige byeenkomste waar God se woord verkondig is, was nie genoeg om ook geestelik gesproke van hulle lede van God se volk te maak nie. Hulle moes gelowige harte hê, want sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Heb. 11:6). Ons word duidelik en ernstig in die lig van Israel se ongeloof en vormgodsdienstigheid gewaarsku dat ons gaan agterbly as ons saak met die Here nie reg is nie:

“Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle: maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie” (Heb. 4:1-2).

Moet dus nie allerlei oorhaastige en twyfelagtige gevolgtrekkings maak dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het, en dat dit jou in ’n ewige verbondsverhouding met die Here plaas nie. God se norm vir geredde mense is nie verbondstekens nie, maar geloof in sy Seun, Jesus Christus, wat na ’n nuwe lewe lei: “Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid [die teenwoordigheid of afwesigheid van verbondstekens] enige krag, maar ’n

nuwe skepsel [wedergeboorte]. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!" (Gal. 6:15-16).

Die Israel van God het gelowige harte waarin Hy woon, en is dus in hulle harte besny. Daar is wel plek vir uiterlike verbondstekens, solank dit net 'n simbool van 'n innerlike, geestelike werklikheid is. Die Here moet deur die wedergeboorte van jou 'n nuwe mens maak, soos wat Hy aan 'n Israelse skrifgeleerde verduidelik het (Joh. 3:1-21). Nikodémus se verbondsteken sonder wedergeboorte sou hom nie help om in die hemel te kom nie. Net so min as wat die Here behae gehad het in die geestelik ongeredde Israelse verbondskinders, net so min het Hy behae in die ongeredde kerklidmate van ons tyd. Hulle sal nie in sy rus ingaan nie, maar in die 'woestyn' van hierdie verdorwe wêreld omkom.

Geloof is nie net 'n verstandelike aanname van die feite oor Jesus Christus se genadewerk vir sondaars nie. Kopbekerings lei nie na 'n nuwe lewe nie. Die geloofsaanvaarding van die Here Jesus as jou Verlosser vind op 'n geestelike vlak plaas. Dit gaan onder die leiding van die Heilige Gees met 'n sterk besef van jou sondigheid en verlorenheid gepaard. Na aanleiding hiervan bely en laat staan jy jou sondes en aanvaar die vergifnis en vryspraak van Jesus Christus in die geloof (1 Joh. 1:8-9; Rom. 3:23-25).

Gereinig deur die bloed van die Lam en verlos uit die slawerny van sonde, begin jy met 'n geestelike pelgrimsreis waarin jy as 'n verloste opgroei in die allerheiligste geloof. Jou geloof moet voortdurend sterker word sodat dit nie in die krisisuur van beproewings sal wankel nie. Die Here Jesus moes dikwels na sy dissipels as kleingelowiges of selfs ongelowiges verwys (Matt. 14:31; 16:8; Mark. 4:40). Dit was 'n baie ernstige aanklag teen hulle. Moenie stagneer nie. Ontgroei die babaskoene van jou geloofslewe, en groei op tot die volwasse man of vrou in Christus (Ef. 4:13-14). Word geestelik sterk en maak vordering op die pad van heiligmaking.

Israel het as gevolg van hulle gebrek aan geloofsvertroue in die Here beskaamd gestaan. Op die grens van die Beloofde Land moes hulle weens ongeloof omdraai omdat hulle geestelik nie waardig was om hulle erfdeel in besit te neem nie. Waar staan jy in jou geloofslewe? Het jy jou basiese opleiding en geloofsvorming suksesvol ondergaan en kan die Here jou gebruik om siele te wen en stryd teen die magte van die duisternis te voer? Indien nie, dan moet jy as 'n saak van erns seker maak dat jou lewe op die Rots Jesus Christus gebou is. Daarna moet jy "kragtig word in die Here en in die krag van sy sterkte" sodat jy staande kan bly teen die liste van die duiwel (Ef. 6:10-11).

Sonder die krag van die Heilige Gees sal jy nie na geestelike volwassenheid kan opgroei nie en ook nie die goeie stryd van die geloof met sukses kan stry nie (1 Tim. 6:12).

14. Volharding van die Heiliges

Ons moet op die pad van heiligmaking volhard. Nie almal doen dit nie, en beperk daardeur hulle geestelike groei, of kanselleer dit selfs. Die Here Jesus sê: “Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand” (Joh. 15:4-6).

Ons redding is ’n gawe wat deur die geloof ontvang word, en kan nie deur werke van enige aard verdien word nie. Paulus sê: “Uit genade is julle gered, deur die geloof ... nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie” (Ef. 2:8-9). In die volgende vers word werke egter beveel as ’n integrale deel van ons lewe ná bekering: “Want ons is geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.” Ons moet aan ons heiligmaking werk, omdat ons as geredde mense medewerkers is van God deur Christus Jesus (1 Kor. 3:9). Die Here rus ons deur sy Heilige Gees toe om heilig te kan leef, maar ons moet aktief en doelgerig deur die Gees wandel en werke van toewyding doen sodat ons vrugte kan dra wat by die bekering pas (Matt. 3:8).

Wat behels volharding in heiligmaking alles?

Voordat ek in heiligmaking kan volhard, moet ek dit eers deelagtig word. Ek moet my van alle ondeug en boosheid bekeer en die ou, sondige natuur oorlewer om gekruisig te word. Ek moet die Here vertrou om my hart en lewe deur die bloed van die Lam te reinig en my met sy Heilige Gees te vervul. Hierna begin ’n lewenslange proses van groei in heiligheid, waarin ek met volharding vrugte vir die koninkryk van God moet dra. In die gelykenis van die saaier sê die Here Jesus: “En [die saad] wat in die goeie grond val – dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in ’n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra” (Luk. 8:15).

Wanneer jou hart gereinig is en ook deur die Heilige Gees met die liefde van Christus gevul is, kan jy die Here aktief begin dien. Hy waarsku jou egter dat dit nie maklik sal wees nie, omdat jy Hom onder moeilike en veeleisende omstandighede sal moet dien. Dit sal beslis volharding van jou verg.

Die Here Jesus het gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg” (Luk. 9:23). Dit is ’n daaglikse proses van toewyding en hertoewyding aan die Here. Waarom moet die kruis van selfverloëning voortdurend opgeneem word? Die vlees moet gekruisig bly, want hy soek geleentheid om van die kruis af te kom, te herleef en weer beheer oor jou lewe te verkry. Indien jy aan hom hierdie geleentheid bied, sal hy die Gees se werking in jou lewe teëstaan en jou weer na die wêreld begin terugtrek. Die Galásiërs het hulle hieraan skuldig gemaak (Gal. 3:1-3). Ongehoorsaamheid aan die Here se Woord het onder hulle ingetree, omdat hulle geluister het na vals profete wat leuens verkondig.

Behalwe die mens se eie neiging tot ongehoorsaamheid, is daar ook verskeie eksterne faktore wat jou van die pad van heiligmaking en toewyding aan die Here kan aftrek. Verkeerde vriende wat nie vaste beginsels en Skrifgetroue oortuigings het nie, is een van die belangrike redes waarom sekere Christene weer begin wankel en die pad byster raak. Petrus sê: “Geliefdes, julle moet op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie” (2 Pet. 3:17). Die oplossing hiervoor, sê Petrus, is om in die genade en kennis van Christus toe te neem en vas te staan in die geloof (2 Pet. 3:18).

Moet nooit toelaat dat verkeerde vriende of vals profete wat leuens verkondig, jou Christelike getuienis vernietig nie. Paulus sê vir die Kolossense: “Julle [moet] gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie” (Kol. 1:23). Volharding is op die pad van die Here nodig. Paulus sê vir die Hebreërs: “Ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou” (Heb. 3:14; vgl. 3:6). Ons moet onsself hiertoe verbind.

Timótheüs kry ook die opdrag tot volharding. Paulus sê hy moet “aan die geloof en ’n goeie

gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely" (1 Tim. 1:19). Paulus noem een van hierdie geestelike skipbreukelinge se naam, nl. Himenéüs, en sê van sulke mense: "Hulle woord sal voortwoeker soos 'n kanker ... [Hulle] het van die waarheid afgedwaal omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het, en hulle keer die geloof van sommige om" (2 Tim. 2:17-18). Daar is ook vandag baie teoloë wat dwalings oor die opstanding van Christus én die regverdiges verkondig en sodoende die geloof van baie mense omkeer. Nie almal volhard tot die einde toe op die regte pad nie!

In Lukas 15 word die hele hoofstuk daaraan gewy om ons plig ten opsigte van afgedwaalde gelowiges deur middel van drie gelykenisse te beklemtoon: die verlore skaap, die verlore penning, en die verlore seun. Al drie moet gesoek en teruggebring word waar hulle hoort. Die verlore seun is oorkom deur liefde vir die wêreld, soos ook die geval was met Paulus se vriend, Demas (2 Tim. 4:10). Die verlore seun het die rug op sy vader gedraai en die verhouding tussen hulle verbreek. Hy het egter op sy dwaalweë tot besinning gekom toe dit in 'n stadium baie sleg met hom gegaan het. Toe hy teruggekom het huis toe en die ouer broer ontsteld was omdat sy vader so 'n ophef van sy jonger broer se herstel gemaak het, het die vader gesê: "Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind" (Luk. 15:32).

Tydens sy afdwalinge was die jonger broer dood in sy sonde en misdade, maar hy het weer lewendig geword, soos wat hy aan die begin was. Hy het deur sy eie toedoen verlore geraak, maar is geestelik ten volle herstel. Volgens Lukas 15 moet daar 'n bediening onder teruggevallenes wees. Hulle moenie maar net aan hulle eie lot oorgelaat en deur die gemeente afgeskryf word nie. Dit is vir die Here só belangrik dat alles in werking gestel moet word om daardie een verlore skaap op te spoor en weer by die kudde te voeg.

Wat doen jy met mense wat geestelik struikel? Verwerp en beskuldig jy hulle? Paulus se opdrag is dat hulle in 'n gees van sagmoedigheid reggehelp moet word (Gal. 6:1). Afvalliges moet met liefde, maar ook op 'n baie reguit en ernstige manier, vermaan word. Sonde het die vermoë om die geloof in mense se harte aan te val en te verswak. As hierdie proses nie gekeer word nie, kan hulle dalk in ongeloof verval en geestelik heeltemal verhard raak.

Ek was by geleentheid in Estland in die voormalige Sowjet-Unie waar ek onder andere in 'n evangeliese kerkie in Rakvere in die noorde van die land gepreek het. Die leraar het twee groepe gemeentelede gehad, die een Estniessprekend en die ander Russiessprekend. Dié betrokke oggend was daar ook 'n besoekende Sweedse sakeman in die kerk. Ná die oggenddiens was daar 'n gemeente-ete en hy het langs my kom sit. Hy kon goed Engels praat en het aan my vertel dat hy en sy gewese vrou lank in Kanada gebly het. Hulle was aktiewe Christene en lidmate van 'n gemeente in hulle tuisdorp.

Ná 'n tyd het daar 'n derde persoon in hulle huwelik gekom, hulle is geskei en sy vrou is saam met die ander man weg. As gevolg hiervan het hulle altwee geestelik verval en heeltemal van die Here, die kerk en die Christelike gemeenskap vervreem geraak. Hulle is terug in die wêreld en hy was baie verbitterd en ongelukkig, ook teenoor ander Christene wat openlik die rug op hom gekeer het. Ná 'n tyd het hy na 'n kasset geluister oor hoe die Here die teruggevallenes (*backsliders*) kan en wil herstel. Hy het soos die verlore seun na die Here teruggekom. Daarna het hy ook die kasset aan sy gewese vrou gestuur, maar sy het nie belanggestel nie en haarself heeltemal teen godsdiens verhard.

Hierdie man het toe aan my vertel hoedat die Here aan hom 'n bediening onder *backsliders* gegee het, soos hy dit gestel het. Op sy sakereise ontmoet hy baie sulke mense, en in die meeste gevalle steur ander gelowiges hulle nie aan die afvalliges nie. Hy sê Christene moet begrip daarvoor hê dat hierdie mense gewoonlik deur ernstige skokke, teleurstellings en trauma gegaan het, en dikwels selfs die Here daarvoor blameer. Daar moet weer hoop op herstel aan hulle gebied word. Volgens Hebreërs 12:14-15 het hulle veragter in die genade en het daar 'n wortel van bitterheid in hulle harte opgeskiet.

Die duiwel val hierdie teruggevallenes dikwels aan deur aan hulle te sê dat hulle onvergeeflike sondes gedoen het en nie weer deur die Here vergewe en aanvaar sal word nie. Dit is egter 'n

leuen, want verreweg die meeste teruggevallenes het nie die Heilige Gees belaster en die bloed van Christus geminag deur dit doelbewus te vertrap en te verwerp, soos wat in die gevalle van Hebreërs 6 en 10 beskryf word nie. Hulle is, soos die verlore seun, deur versoekings en ongetemde emosies oorkom, of deur teleurstellings platgeslaan. Ons moet dit in ’n vroeë stadium raaksien as iemand begin dwaal en weer sonde doen – miskien wêreldse partytjies begin bywoon waar daar gedrink en oneerbare gesprekke gevoer word. Hulle moet ernstig vermaan word, omdat ’n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak.

Die Hebreërs word só vermaan: “Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ’n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Heb. 3:12-13). Ons gaan óf vooruit in ons geestelike lewe, óf ons stagneer en gaan weer agteruit. As ons nie geestelike groei na volwassenheid toon nie, kan ons ná ’n tyd selfs ons geloofsekerheid verloor en sal dan weer van voor af tot bekering moet kom. Die Hebreërs het hulle hieraan skuldig gemaak, daarom moes die fondament van bekering uit dooie werke opnuut in hulle lewens gelê word (Heb. 5:12–6:1).

Ons moet in ons geloofslewe groei en ten alle tye volhard in heiligheid. Ons moet veral seker maak dat ons nooit onbetrokke raak by die werk van die Here nie, want dan sal ons liefde teenoor Hom definitief afkoel. Ons almal het die opdrag om sy getuies te wees, en op een of ander manier moet ons daaraan uitvoering gee. ’n Boom word aan sy vrugte geken. As daar nie godsvrug in ons lewe is nie, voldoen ons glad nie aan ons roeping nie. Dit is om hierdie rede dat Paulus sê: “Ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie” (1 Kor. 9:27). Hy sê vir Timótheüs dat hy homself moet oefen in die godsaligheid” (1 Tim. 4:7). Vir die Galásiërs sê hy: “Laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie” (Gal. 6:9). Die duiwel wil hê ons moet die stryd gewonne gee.

Die dra van oorvloedige vrug sal net gebeur as ons waarlik in Christus bly, daagliks deur Hom gereinig word en deur sy Gees vervul word. In Engels word dit “the abiding life” genoem – ’n lewe wat voortdurend in Christus is. Die loot wat in Christus bly, word skoongemaak en gesnoei sodat dit baie vrug kan dra. Die loot wat nie in Hom bly nie, raak onvrugbaar en verdroog uiteindelik heeltemal. Sy voorland is die vuur. Johannes maak ’n groot saak van hierdie lewe in Christus. In sy sendbriewe noem hy dit dikwels, en wys op ons verpligting om ’n Christusgelykvormige lewe te lei: “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook te wandel soos Hy gewandel het” (1 Joh. 2:6). As ons in Christus bly en sy gebod van die liefde bewaar, kan ons ook met vertroue na sy wederkoms uitsien: “En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie” (1 Joh. 2:28).

In Openbaring noem Johannes die Christene wat op die weg van heiligmaking volhard, die oorwinnaars. Die Here Jesus sê vir hulle:

- “Aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal ek mag oor die nasies gee” (Op. 2:26). Die volharding van die heiliges is nodig om die Here se werke tot die einde toe te kan bewaar.
- “Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie” (Op. 3:5). Daar sal ongelukkig ook diegene wees wat nie oorwin het nie, maar die Woord van die Here tot hulle eie ondergang verander en verdraai het. Hulle sal volgens Openbaring 22:19 nie die Here se koninkryk beërf nie.
- “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon” (Op. 3:21). Hulle sal saam met Christus in sy vrederyk regeer.
- “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ’n God wees, en hy sal vir my ’n seun wees” (Op. 21:7). Dit is belangrik hoe ons die wedloop begin, maar ook net so belangrik hoe ons dit klaarmaak.

“Daarom dan, terwyl ons so ’n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom

voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so ’n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie” (Heb. 12:1-4).

Laat ons op die pad van die Here volhard en nie alleen die sonde aflê wat ons so maklik omring nie, maar ook die laste wat nie in sigself sonde is nie – dié dinge wat ons tyd, geld en energie so in beslag neem dat ons nie heelhartig by die diens van die Here betrokke kan wees nie. Moenie deur teëstand afgeskrik word nie, want in hierdie bedeling volg ons die Christus wat deur die wêreld verwerp word. As ons egter saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom verheerlik word (Rom. 8:17). Paulus sê vir Timótheüs: “As ons verdra, sal ons saam met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën” (2 Tim. 2:12). Die Here Jesus sê sy skape luister na sy stem en volg Hom (Joh. 10:27). Hulle sal nooit beskaamd staan nie, want hulle bly op die regte pad – in mooiweersdae, maar ook tydens beproewings en aanslae. Vertrou die Here om jou enduit van die Bose te bewaar.

15. Heiligmaking en die Wederkoms

Heiligmaking bepaal nie net die aard van ons verhouding met die Here hier op aarde nie, maar dit moet ook pertinent met die oog op die wederkoms van Jesus Christus beoefen word. Heiligmaking en die wederkoms word dikwels saam genoem en moet in hulle noue assosiasie met mekaar verstaan word. Die rede hiervoor is omdat die ware kerk die bruid van die Here Jesus is, wat by sy wederkoms sonder vlek of rimpel of iets dergeliks voor Hom gestel moet word (Ef. 5:27). Ons moet deur ’n proses van heiligmaking op die ontmoeting en vereniging met die hemelse Bruidegom voorberei word.

Dit is belangrik dat die kerk van Christus ’n duidelike roepingsbewustheid én ook ’n duidelike bestemmingsbewustheid moet hê. Paulus sê dat ons ’n hoë roeping van God in Christus Jesus het (Fil. 3:14). In die huidige bedeling is ons geroep om getuies van Jesus te wees in ’n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19). Ons is dus ambassadeurs vir Christus in ’n vreemde koninkryk. As geroepe heiliges moet ons waardige verteenwoordigers van die koninkryk van die hemel wees “sodat [ons] onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van ’n krom en verdraaide geslag onder wie [ons] skyn soos ligte in die wêreld” (Fil. 2:15).

Regdeur ons aardse lewe en die taak wat ons het om hier uit te voer, moet ons as burgers van ’n hemelse koninkryk deur die vooruitsig op ons bestemming in die hemel tot heiligmaking gemotiveer word. Dit moet aan ons moed en deursettingsvermoë gee terwyl ons as vreemdelinge ons opdrag in hierdie goddelose wêreld uitvoer: “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam” (Fil. 3:20-21).

’n Reinigende hoop

Ons moet onsself reinig in voorbereiding daarop om in die hemel in ’n noue verbondenheid met die Here Jesus te leef. Ons sal net so ’n onverganklike opstandingsliggaam soos Hy hê en in sy volmaakte, heilige teenwoordigheid verkeer: “Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:2-3).

In die lig daarvan dat ons vir altyd in die Here Jesus se heilige teenwoordigheid gaan wees, moet ons nou reeds leer om geestelik in sy teenwoordigheid te leef, Hom innig lief te hê soos ’n bruid wat na haar bruidegom verlang, en niks te doen wat sy Heilige Gees sal bedroef nie. Die hoop dat ons Hom sal sien en by Hom sal wees, is ’n reinigende hoop. Ons moet nou daarop voorberei word om aan sy sy gestel te word. Ons sal nie in status aan Jesus Christus gelyk wees nie, omdat Hy die Hoof van die gemeente bly, maar ons sal as sy bruid dieselfde verheerlikte liggaam hê en ten nouste aan Hom verbonde wees.

Die proses van reiniging veronderstel morele én leerstellige reinheid. Ons moet moreel rein en heilig leef, en teen alle vorms van besoedeling van ons liggaam waak (vgl. 2 Kor. 7:1; Rom. 12:1). Ons moet egter ook leerstellig getrou aan Christus bly deurdat ons teen al die geestelike dwalings en misleiding van Satan sal waak. Paulus verwys hierna as hy aan die gemeente sê:

“Ek is jaloers oor julle met ’n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as ’n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en ’n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ’n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ’n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Kor. 11:2-4).

Sommige predikers verkondig met verdigte fabels ’n *ander Jesus* deurdat hulle ’n vervalste of eensydige voorstelling van Jesus gee deur bv. die kruisboodskap of sy Godheid te verswyg en net op sy wonderwerke te konsentreer. Dit word gedoen in samewerking met ’n *ander gees* wat van die duiwel af uitgaan en daarop gerig is om mense deur ekstatiese tekens en vreemde

manifestasies op ’n dwaalspoor te plaas. Die vals leraars verkondig ook ’n *ander evangelie* waarin die eis van wedergeboorte nie beklemtoon word nie. Het jy dalk hierdeur in Satan se strikke van misleiding beland? Vlug dan na die ware Here Jesus vir vergifnis, verlossing en reiniging deur sy bloed (2 Tim. 2:26). Sy Gees sal jou van hierdie sondes oortuig.

Waaksaamheid

Wat moet ons in die donker en goddelose wêreld doen om in afwagting op die koms van die Meester rein en heilig te lewe? Ons moet geestelik wakker bly en nie in passiwiteit verval nie, met toewyding die werk doen wat die Here aan ons gegee het, en voortdurend teen die vyand van ons siele waak omdat hy ons geestelik wil beroof en ontrou aan die Here wil maak. Die duiwel is ’n meester in die kuns van misleiding en weet hoe om mense op ’n dwaalspoor te bring. Jesus het gesê:

“Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie. Dit is soos ’n man wat op reis is, wat sy huis agterlaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak. Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!” (Mark. 13:33-37; vgl. Matt. 25:13).

In hierdie kort gelykenis word van ’n huisheer vertel wat op reis gegaan het. Dit dui op die hemelvaart van Jesus Christus. Voordat Hy vertrek het, het Hy aan sy diensknegte hulle werk gegee en ook die opdrag om te waak. Ons het dus werk om tydens die afwesigheid van die Here te doen – die hele wêreld moet geëvangeliseer word. Ook moet ons voortdurend waak teen die vyand wat wil insluip om te steel en te slag en te verwoes (Joh. 10:10). Die werk van die Here moet goed gedoen word en alles moet in orde wees, want enige oomblik kan Hy terugkom en van sy diensknegte rekenskap eis. Wat sal Hy doen as Hy hulle aan die slaap kry – nie besig om te werk nie en ook nie besig om te waak nie? Hy sal hulle as slegte diensknegte uitwerp en al hulle loon wegneem!

Die begrip “waak” beteken dat iemand wakker moet wees. Sy oë moet oop wees en hy moet aktief met iets besig wees. Hierdie begrip het twee toepassings: eerstens beteken dit dat ons geestelike oë oop moet wees, met ander woorde ons moet bepaalde geestelike perspektiewe hê. Die Bybel noem drie hiervan.

Ons moet ’n *opwaartse* perspektief hê deurdat ons ons oë gevestig hou op Jesus wat die Leidsman en Voleinder van ons geloof is (Heb. 12:2). Ons uitsig op Hom moet nie vertroebel raak nie, en ons moet enige tyd sy wederkoms verwag sodat ons geloof kan oorgaan in aanskoue.

Hierbenewens moet ons ’n *inwaartse* perspektief hê deurdat ons onsself gedurig sal ondersoek of daar nie suurdeeg van sonde in ons lewe is nie. Ons moet die Here vra om ons harte en gedagtes te toets en te kyk of daar nie by ons ’n weg van smarte is nie (Ps. 139:23-24). ’n Weg van smarte is ’n weg van sonde – dalk heimlike sondes waarvan ander mense nie eers weet nie.

Verder moet ons ’n *uitwaartse* perspektief hê om te kan sien dat die oeslande wit is en die arbeiders min (Matt. 9:37). Ons moet dus mense se geestelike behoeftes kan raaksien en iets daaraan doen.

’n Perspektief wat ons as Christene nie mag hê nie, is ’n *terugwaartse* een. Ons moet die dinge wat agter ons is, vergeet en ons uitstrek na wat voor is (Fil. 3:14). Ons moet nie terugkyk en altyd ou griewe en probleme uit die verlede opdiep en weer bepeins en bespreek nie. Dinge wat vergewe is, moet ook vergeet word.

’n Tweede betekenis van die opdrag om te waak, is dat ons teen die vyand en sy listige aanvalle moet waak. Die deurwagter moet op die uitkyk wees vir onwelkome besoekers en nie sommer die deur vir enigiemand oopmaak nie (Mark. 13:34). Bewaar en bewaak jy jou hart teen bose suggesties en onrein gedagtes wat van die duiwel af kom?

Die Here Jesus wil hê dat ons waaksaam en biddend sal wees in voorbereiding op sy skielike koms vir sy bruidsgemeente: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word

om al hierdie dinge wat kom [dit is die verdrukking onder die bewind van die Antichris] te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Luk. 21:36). Hy waarsku ernstig dat ons harte nie deur swelgery, dronkenskap en die sorge van die lewe beswaar moet word nie (Luk. 21:34). Die ongereddes se harte sal beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat in die groot verdrukking oor die wêreld gaan kom (Luk. 21:25-26), maar ware Christene se geloof en toekomsverwagting behoort sterk te wees sodat dit hulle van sulke paniekreaksies sal vrywaar (Luk. 21:28).

Mense wat nie in afwagting op die wederkoms heilig leef nie, begin weer met wêreldse genietinge en laat hulle ook deur die sorge van die lewe geestelik aftrek. Hulle koester nie meer die salige hoop op die wederkoms nie (Tit. 2:13). Die Here Jesus waarsku ons ernstig teen hierdie gevaarlike tendens van afvalligheid wat voortvloei uit die idee dat Hy dalk nie gou gaan kom nie:

"Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind. Voorwaar, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel. Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom – en hy sy mededienskneg te begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink, dan sal die heer van dié dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom pynig en hom 'n deelgenoot van die geveinsdes maak. Daar sal geween wees en gekners van die tande" (Matt. 24:45-51).

Uit hierdie gedeelte word dit gesien dat die slegte, onheilige dienskneg se probleme begin het toe hy gesê het: "My heer talm om te kom." Hy het sy wederkomsverwagting verloor, en daarmee saam sy motivering om heilig te leef en sy sake in orde te hou. Hy het 'n permissiewe, wêreldse lewe begin lei, partytjies bygewoon waar drank gebruik word, en lustig daaraan meegedoen. Ook het hy sy mededienskneg te begin slaan. In plaas daarvan dat hy aan hulle geestelike voedsel voorgesit en hulle tot diensbaarheid en heiligheid aangemoedig het, het hy broedertwiste aangevuur.

Die gruwelikste dinge word soms deur só 'n vleeslike Christen oor ander Christene gesê wat nie doen en glo presies soos wat hy aan hulle voorskryf nie. Hy verhef sy eie opinie tot die enigste norm van die waarheid en tree arrogant en veroordelend op teenoor ander. In die proses doen hy vernietigingswerk in die koninkryk van God, en leef glad nie in die lig van die naderende wederkoms nie. Hy kan ernstige probleme verwag wanneer die Here kom.

Die getroue dienskneg wat weet dat sy Heer enige tyd kan kom en van hom rekenskap sal eis oor wat hy gedoen het, vrees die Here, hy is nederig in sy lewenshouding, hy werk hard en gee aan sy medegelowiges hulle voedsel op tyd. Hy sal lof van die Here ontvang.

Onberispelik in heiligheid

Paulus lê sterk klem op die feit dat ons by die wederkoms van Jesus Christus onberispelik in heiligheid moet wees, en dat die uitleef van God se heiligheid in ons liggaam, gees én siel gesien moet word (1 Thess. 5:22-24). In die lig hiervan moet ons waardig wandel voor God wat ons tot sy koninkryk en heerlikheid roep (1 Thess. 2:12).

Paulus benadruk die feit dat heiligmaking 'n werk is wat die Here vir ons doen, maar ons moet onsself hieraan onderwerp en saamwerk deur die heiligmaking in die vrees van God te volbring. Die Here Jesus is ons Heiligmaking en ons moet Hom hiervoor vertrou: "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem" (1 Kor. 1:30-31).

Die Here Jesus het ons nie net van ons sonde gered nie, maar Hy wil ons ook heilig sodat ons in heerlikheid sonder vlek of rimpel voor Hom gestel kan word. Dit is alleenlik Hy wat ons só heilig en waardig kan maak dat ons sonder gebrek voor Hom bevind kan word. Dit sal egter nie gebeur as ons passief daarvoor sit en wag nie. Ons moet waak en bid sodat ons waardig geag kan word om in heerlikheid voor Hom te verskyn. Wanneer ons bid, leer die Heilige Gees ons om nou reeds van alle ondeug en boosheid in ons lewe afstand te doen. In die lig van die

verganklike wêreld waarin ons is, moet ons altyd heiligmaking en godvrugtigheid nastreef:

“Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas … Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede” (2 Petrus 3:11-12, 14).

Kenneth Gangel (1983:877) sê die volgende oor hierdie verse uit Petrus se tweede sendbrief: “Petrus sien al hierdie dinge [die verganklikheid van die wêreld] as ’n sterk motiverende verwagting wat na ’n heilige lewe moet lei. Die vraag oor hoedanig ons lewe behoort te wees, is retories. Vir geval sommige mense dalk nie sy stelling sou verstaan nie, het Petrus bygevoeg: ‘Julle lewens moet deur heilige wandel en godsvrug gekenmerk word.’ ... Die woord ‘lewe’ is in die teenwoordige tyd en dui aan dat hierdie kenmerke in die lig van die Here se wederkoms deurgaans teenwoordig moet wees. Die spotters wat die Here se wederkoms en daaropvolgende oordele oor hulle bevraagteken, lei onheilige lewens (2 Pet. 2:7; 3:3-4). In teenstelling hiermee moet Jesus se volgelinge wat sy wederkoms verwag, heilig leef (2 Pet. 2:14; vgl. Tit. 2:12-14; 1 Joh. 3:3).”

Sorg dat jy voortdurend deur die bloed van die Lam gereinig word en in ’n rein toestand bly. Bely onmiddellik enige sonde wat jy gedoen het, sodat daar nie oor tyd heen ’n skeidsmuur van sonde tussen jou en die Here Jesus opgebou word nie. Wandel in die lig en bied ten bloede toe weerstand teen die sonde (1 Joh. 1:7).

Vertrou die Here om jou staande te hou, terwyl jy as ’n medewerker van God ook jou volle samewerking gee. Jesus sê: “Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie” (Joh. 15:4). In sy sendbrief sê Johannes: “En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie” (1 Joh. 2:28).

Ons kan, soos die verlore seun, ons gemeenskap met die Vader eensydig verbreek. Moet dit nie doen en jouself met baie smarte deurboor nie! Jy kán weer herstel word, maar jy sal jou sondes en ontrouheid met ’n gebroke hart moet bely. Bly liewer ten alle tye in die Here en gaan voort om baie vrug te dra. Onderwerp jou aan die hand van die hemelse Landbouer wat jou wil snoei en skoonmaak sodat jy meer vrug kan dra. Hy vermaan en tugtig jou om jou sy heiligheid deelagtig te maak. As jy getrou aan Hom bly, sal daar nie diep binne-in jou ’n knaende vrees wees dat jy dalk onwaardig sal wees om in sy heilige teenwoordigheid gestel te word nie. Doen jou plig, en die Here sal sy deel getrou nakom:

“Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag … Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid” (Jud. 1:20-21, 24-25).

Maak soos die wyse maagde seker dat jou lamp vol van die olie van die Heilige Gees is (Matt. 25:1-13). Dit is ’n uitbeelding van die Geesvervulde lewe. ’n Rein lewe en die salwing met die Heilige Gees is God se standaard van waardigheid: “Laat jou klere altyd wit wees, en laat olie op jou hoof nie ontbreek nie” (Pred. 9:8).

Die bruilofskleed

Die bruidsgemeente van Christus gaan tydens haar ontmoeting met die hemelse Bruidegom met feesklere beklee wees. Daar is ’n definitiewe beskrywing van ’n bruilofskleed in die Bybel: “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges” (Op. 19:7-8).

Dit is duidelik dat die bruilofskleed nie die kleed van geregtigheid is nie. By bekering word ons besoedelde kleed van sonde weggeneem en word die Here Jesus se kleed van geregtigheid aan ons gegee. Dit is toegerekende geregtigheid. Ons ontvang dit in die geloof, en werke het

niks daarmee te doen nie. Dit staan ook as die onderpand van die geloof bekend (Ef. 1:13-14).

Die bruilofskleed waarna in Openbaring 19 verwys word, lê egter op die vlak van meewerkende geregtigheid. Hierby is werke duidelik ter sprake, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Die heiliges is dié Christene wat onder die krag en leiding van die Heilige Gees werke doen wat by die bekering pas. Dit is die goud, silwer en kosbare stene waarmee gelowiges volgens 1 Korinthiërs 3:10-12 op die fondament Jesus Christus moet bou.

Die bruilofskleed is dus soos ’n huweliksverhouding – ons moet daaraan werk. Hierdie kleed moet nie met sonde bevlek word nie, en dit moet ook nie kreukels hê omdat dit opgevou en iewers weggebêre is nie. Onthou net dat die werk wat jy daaraan doen slegs deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees kan geskied. Dit is met ander woorde nie dit wat jy vír die Here doen wat tel nie, maar dit wat Hy déúr jou doen. Dit is waarom dit aan die vrou van die Lam “gegee” is om bekleed te wees met rein en blink fyn linne. Soos die diensknegte wat die ponde ontvang het, is die bruid nie ’n passiewe ontvanger van die krag en genade wat sy gekry het nie. Sy moet dit gebruik deur haarself aktief aan die Here diensbaar te stel.

’n Mens kan meer of minder heilig wees, net soos wat jy ook meer of minder vrug in die koninkryk kan dra. Sommige dra dertigvoudig vrug, ander sestigvoudig en ander honderdvoudig. Die een verdien tien ponde wins met sy pond, die ander een vyf en ’n derde een niks nie. Die vraag is: waar staan jy met betrekking tot heiligmaking? Is die eie-ek gekruisig en het die Heilige Gees volle beheer oor jou lewe? Indien wel, sal jy baie vrug dra en sal jou bruilofskleed ook tot eer van die Here ryklik met gouddraad geborduur wees. Maak baie seker dat jy ’n lid is van die verheerlikte bruidsgemeente wat spoedig aan die Here Jesus se sy sal staan (Ps. 45:10, 14-16).

Met die oog op die heerlike toekoms wat op ons wag, moet ons alles in die stryd werp om die Here te behaag en heilig te lewe. Moet dit nie as ’n onbereikbare ideaal beskou nie, want Hy help jou om dit te kan verkry. Jy sal nie nou ’n standaard van volmaaktheid kan bereik nie, maar jy moet jouself nogtans daarvoor beywer. Paulus sê: “Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is” (Fil. 3:12). Die volmaaktheid waartoe ons geroep word, impliseer nie absolute volmaaktheid nie, maar wel ’n proses van vervolmaking waarby ons betrokke moet wees (Murray, 1969b).

Daar moet merkbare vooruitgang in jou geestelike lewe wees. Die laaste opdrag van die Here Jesus in die Bybel handel oor voortgesette geestelike groei en heiligmaking. Hy koppel dit aan ’n belofte van loon tydens sy wederkoms: “… laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:11-12).

16. Rekenskap Voor die Regterstoel

Die Heilige Gees is op Pinksterdag uitgestort om die kerk van Christus te bekragtig om die evangelie oral op aarde te verkondig sodat siele gered kan word. Die motivering vir hierdie werk is eerstens liefde vir die Here Jesus – ons wil eer aan sy Naam bring deur by die uitbreiding van sy koninkryk op aarde betrokke te wees. Tweedens word ons ook deur liefde vir ’n verloregaande wêreld gedring om die evangelie te verkondig, sodat sondaars die oordeel van die hel kan ontvlug deur uit die duisternis oor te kom tot die Here se wonderbare lig. Indien ons onsself aan hierdie groot taak toewy, sal ons nie eendag met leë hande voor Christus se regterstoel verskyn nie. Tot die eer van sy naam wil ons krone vir getroue diens ontvang, wat weer uit erkentlikheid aan sy voete neergelê kan word.

Dit is nie maklik om in ’n bose, ongelowige en vyandige wêreld getuies vir Christus te wees nie. Daar is ’n prys wat hiervoor betaal moet word: Ons moet bereid wees om soldate vir die kruis te wees wat dikwels verwerp sal word omdat Jesus Christus ook deur die meerderheid mense verwerp word. Ons is nie konings wat nou reeds saam met Hom regeer nie. Ons moet deur die vooruitsig van loon in Christus se koninkryk gemotiveer word om aan te hou werk en ons teen sonde en goddeloosheid uit te spreek. Dit sal ons bepaald nie populêr maak nie! Moses het “verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om ’n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag as al die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning” (Heb. 11:25-26).

Ons moet voorbereidings tref om voor die regterstoel van Christus te verskyn. Petrus sê die tyd is daar dat die oordeel in die huis van die Here moet begin (1 Pet. 4:17). Dit verwys na die oordeel oor die werke van gelowiges. Dit is waarom die Here Jesus sê: “Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12). Wanneer die Here kom, kom Hy om sy diensknegte te beloon en die sondaars te straf: “U toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf” (Op. 11:18). Die Here gaan sy diensknegte vir hulle arbeid beloon en die sondaars in die tyd van verdrukking straf.

Alle Christene het ’n afspraak voor die regterstoel van Christus, of hulle goeie diensknegte was of nie. Sommige sal loon ontvang, terwyl ander met leë hande daar sal staan. Die feit is dat die Here se diensknegte rekenskap van hulleself sal moet gee. Paulus sê aan die gemeente in Korinthe: “Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad” (2 Kor. 5:10).

Die woord “kwaad” kan ook met “nutteloos” vertaal word. Daar gaan baie werke van mense wees wat op dié dag nutteloos gaan blyk te wees omdat dit geen ewigheidswaarde het nie. Die Here Jesus sê aan elk van die sewe gemeentes in Openbaring 2 en 3, en daardeur ook aan alle gemeentes van alle tye: “Ek ken jou werke … .” Hy gaan elke lidmaat individueel volgens sy of haar werke vergeld, of dit goed is of nutteloos. Aan die Christene in Rome rig Paulus dieselfde boodskap: “Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word … So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee” (Rom. 14:10, 12).

Paulus verduidelik aan die Korinthiërs in baie meer besonderhede hoe die werke van gelowiges aan God se vuurproef onderwerp sal word. Hieruit blyk dit duidelik dat dit geloofswerke is wat ná bekering gedoen word omdat dit op die Rots, Jesus Christus, gebou word. Die werke van sommige Christene sal egter verwerplik wees omdat dit vleeslik is. In die lig hiervan toon Paulus aan dat ons as medewerkers van God ’n definitiewe taak het om in sy koninkryk te verrig. Ons moet egter oppas hoe ons dit doen – nie in die krag van die vlees nie, maar in die krag van die Heilige Gees:

“... elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang. Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle. Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos ’n bekwame boumeester die fondament gelê, en ’n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan ’n ander fondament lê as wat daar gelê is

nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen. Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor. 3:8-16).

'n Paar sake uit hierdie gedeelte is voor die hand liggend:

- Die fondament van bekering, wat die begin van 'n nuwe lewe in Christus is, moet eers in ons lewe gelê word voordat ons vir die Here kan begin werk.
- Ná ons bekering het ons 'n opdrag om vir die Here te werk deur ons lig in die wêreld te laat skyn en sy getuies te wees. Ons moet medewerkers van God in die uitbreiding van sy koninkryk op aarde wees.
- Dit is nie vanselfsprekend dat ons altyd net aanvaarbare werke onder die leiding van die Heilige Gees sal doen nie, omdat 'n Christen ook nuttelose dinge in die krag van die vlees kan doen (1 Kor. 3:1-3). Hierdie werke is die hout, hooi en stoppels wat nie ewigheidswaarde het nie, daarom is dit vir God verwerplik. Geen loon sal daarvoor ontvang word nie.
- Aan diegene wat onaanvaarbare werke in die vlees doen, word die vraag gevra: "Weet julle nie dat die Gees van God in julle woon nie?" Hulle moet hulle lewens aan die beheer van die Heilige Gees oorgee en in sy krag die Here begin dien. Dit is standaard Christenskap.

Die Here Jesus het in 'n gelykenis in Lukas 19:11-27 ook na die dag verwys wanneer sy diensknegte rekenskap van hulle lewens aan Hom sal moet gee. Hy sê dat Hy aan elkeen van hulle 'n pond gegee het wat op die instaatstellende krag van die Heilige Gees dui, m.a.w. 'n godgegewe werkvermoë in sy koninkryk. Hulle het dus geen verskoning om niks te doen nie.

Wanneer Hy as Koning terugkom, sal Hy heel eerste sy diensknegte ontbied om loon toe te ken ooreenkomstig die arbeid wat hulle verrig het. Aan die een wat met sy pond tien ponde wins verdien het, sal Hy sê: "Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede" (Luk. 19:17). 'n Ander een kry gesag oor vyf stede, en die een wat sy pond in 'n doekie toegedraai het en met leë hande voor sy Heer verskyn, word skerp verwyt. Hy kry geen loon nie omdat hy niks gedoen het nie, alhoewel hy een van sy Heer se diensknegte was.

Die volgende vyf krone word aan die oorwinnaars beloof:

1. Die onverwelklike kroon vir 'n heilige en diensbare lewe

Daar is bepaalde reëls wat ons in die wedloop van die lewe moet eerbiedig indien ons oorwinnaars wil wees wat iets konkreet vir die saak van die Here bereik. Paulus het die volgende na analogie van atlete se toewyding gesê: "Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles – hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike" (1 Kor. 9:24-25).

Die atlete sorg dat hulle gesond bly, hulle rook of drink nie en eet reg. In die wedloop van die lewe moet jy jouself ook van alle skadelike [sondige] gewoontes weerhou wat jou vordering kan vertraag: "… laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus" (Heb. 12:1-2).

Toewyding van hierdie aard gaan met hartsreiniging en die vervulling met die Heilige Gees gepaard: "Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1). Dit vereis selfdissipline, daarom oefen ek myself in die godsaligheid (1 Tim. 4:7) en kasty my liggaam om dit diensbaar te maak. Hiervoor sal ek 'n onverwelklike kroon ontvang – nie, soos die atlete, net 'n verwelklike lourierkrans en 'n kort oomblik van roem nie.

Die kroon vir 'n heilige, toegewyde en diensbare lewe word eerste bespreek omdat dit in werklikheid die sleutel tot al die ander krone is. Sonder die selfverloëning en vervulling met die

Heilige Gees wat die Here van ons verwag, kan ons nie vir Hom werk nie. Wanneer ons egter van hierdie besondere genadewerk kan getuig, is daar geen perke aan die verskillende maniere waarop die Here ons in sy diens kan gebruik nie.

2. Die kroon van roem vir sielewenners

Die groot taak wat Christus aan sy dissipels opgedra het, is dié van wêreldevangelisasie. Toe Hy ná sy opstanding in die bovertrek aan die dissipels verskyn het, het Jesus gesê: “Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21). Later het Hy die opdrag aan hulle herhaal: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Mark. 16:15; vgl. ook Matt. 28:19-20).

Die kroon van roem word aan diegene beloof wat ander mense na Christus toe lei. Paulus sê in sy brief aan die gemeente van Thessalonika: “Wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms?” (1 Thess. 2:19). So sal alle ander mense wat verlore siele na Jesus toe lei, ook die kroon van roem voor die regterstoel ontvang.

3. Die kroon van heerlikheid vir getroue herders

Petrus sê dat ’n predikant of geestelike leier ’n herder is wat die kudde moet lei. Hy moet dit nie met murmurering doen nie, en ook nie met die oog op selfverryking nie. Hy moet nie ’n harde en ongenaakbare meester wees nie, maar ’n navolgenswaardige voorbeeld stel en waak oor hulle belange. As hy dit nougeset doen, sal die Here aan hom die kroon van heerlikheid gee:

“Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang” (1 Pet. 5:2-4).

Dit blyk dat predikers ’n swaarder oordeel as ander mense sal ontvang as hulle nie hul werk doen soos wat die Here dit van sy geroepenes en gesante verwag nie (Jak. 3:1). Dit behels onder meer dat hulle die volle raad van God moet verkondig, veral die boodskappe van wedergeboorte, heiligmaking en die wederkoms. Die Here sal die ongeredde mense se bloed van hulle hande eis. Aan die ander kant sal hulle ryklik beloon word as hulle getroue herders was wat die werk van die Here met ywer en nougesetheid gedoen het.

Weens die groot verval van die laaste dae het getroue en bekwame herders wat die woord van die waarheid reg sny, baie skaars geword. Die meerderheid sal ter wille van populariteit, en ook onder die beïnvloeding van hulle kollegas wat vals profete is, die weg van kompromie volg en ’n vals evangelie verkondig. Maak seker dat jy in jou gemeente met die onvervalste melk van die Woord bedien word, en met vrymoedigheid saam met jou leraar voor die regterstoel van Christus sal kan verskyn. As jy besef dat jy mislei word, moet jy dadelik onder die vormgodsdienstiges uitgaan (2 Tim. 3:5).

4. Die kroon van die lewe vir Christenmartelare

Die kroon van die lewe word aan elkeen beloof wat sy lewe ter wille van sy geloof aflê. Die Here sê vir die martelare: “Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee” (Op. 2:10).

Deur die eeue heen was daar getroue diensknegte van die Here Jesus wat bereid was om ten koste van hulle veiligheid, hulle werk, hulle gesinne, en selfs hulle eie lewe, die vlam van geloof in ’n vyandige wêreld omhoog te hou. Hulle het die volle implikasies van Christus se woorde besef toe Hy gesê het: “Kyk, Ek stuur julle soos lammers onder die wolwe” (Luk. 10:3). Ook het Hy gesê: “In die wêreld sal julle verdrukking hê” (Joh. 16:33). Christene is die afgelope byna 2 000 jaar op verskillende maniere vervolg, verdryf, bespot, geïntimideer en in strafkampe geplaas, terwyl miljoene die hoogste prys vir hulle geloof betaal het. Die Here sal hulle spesiaal hiervoor beloon.

By die kategorie van martelare is ook diegene ingesluit wat ’n swaar kruis van beproewing in hulle lewe moes dra. Volgens Jakobus 1:12 sal hulle beloon word as hulle getrou bly. Daar is

baie mense wat gestrem is, of gestremde kinders het, wat siek of verlam is, wat onderdruk, misken of verwerp word, of wat dalk werkloos, arm, honger of sonder huisvesting is. Hulle word almal bemoedig om die geloof te behou en op hulle moeilike weg te volhard. Sommige van hulle kry uitkoms in hierdie lewe en ander nie. Die hoofsaak is dat hulle tot die einde toe getrou moet bly en moet wag op die volmaaktheid wat ons eendag in die hiernamaalse lewe sal hê (2 Kor. 4:16-18; Heb. 11:35).

5. Die kroon van geregtigheid vir dié wat sy koms liefhet

Om die Here se koms lief te hê, vereis ’n ingesteldheid op dinge met ewigheidswaarde. Jy moet skatte in die hemel bymekaarmaak waar mot of roes nie verniel en waar diewe nie inbreek en steel nie. As jy sê dat jy die Here Jesus se koms liefhet, dan sê jy dat Hy jou Koning is, dat jy by die vestiging en uitbreiding van sy koninkryk betrokke is, en dat jy uitsien na die dag wanneer Hy as Koning geopenbaar sal word.

Intussen is jy ’n vreemdeling en ’n bywoner op aarde omdat jou ewige tuiste nie hier is nie. Paulus het die goeie stryd van die geloof gestry terwyl hy die koninkryk van Christus in ’n heidenwêreld gevestig het. Kort voordat hy in Rome weens sy geloof tereggestel is, het hy opnuut sy sterk verwagting op die koms van Jesus en sy koninkryk van geregtigheid uitgespreek: “Ek het die goeie stryd van die geloof gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het” (2 Tim. 4:7-8).

Nadat die kinders van die Here hulle verheerlikte liggame en krone voor die regterstoel van Christus ontvang het, sal hulle rondom die troon van die Lam hulle plekke inneem om saam met Hom die aarde in geregtigheid te oordeel. Dan sal die sewe seëls van die boekrol van God se oordele in die hemel gebreek word, en sal die Antichris skielik as ’n vals vredevors op die toneel verskyn. Omdat sy teëhouer dan weg is, sal hy homself met groot misleiding kan openbaar en in verwondering deur die hele misleide wêreld gevolg word.

Ons is baie naby aan die tyd waarin die oordeel van die Here in sy huis gaan begin. Is jy werklik gereed om voor die regterstoel van Christus te verskyn en van jou lewe rekenskap te gee? Hy het oë soos vuurvlamme, waarvoor daar niks bedek is nie (Op. 1:14). Hy ken selfs elke gedagte wat jy ooit bedink het (Ps. 139:1-4). As jy nie deur sy kosbare bloed van alle sonde en ongeregtigheid gereinig is nie, sal jy nie eens saam met die gelowiges voor die regterstoel verskyn nie. ’n Mens word nie daar van jou sonde gereinig nie – dit moet hier op aarde vóór die koms van Christus gebeur. Dan alleen sal jy vrymoedigheid hê om voor Hom te kan verskyn en as ’n goeie dienskneg beskou te word.

Wanneer die opdrag tot heiligmaking deur alle Christene ernstig opgeneem word, sal hulle met blye verwagting na die wederkoms van Jesus Christus uitsien en ook met vrymoedigheid voor sy regterstoel rekenskap gee van hulle lewens op aarde. Hierdie vrymoedigheid het niks te doen met roem op menslike vermoëns en prestasies nie, maar spruit voort uit die genadewerk wat Christus deur sy Heilige Gees gedoen het in die lewens van almal wat Hom vir die genadewerk van heiligmaking vertrou het.

Verwysings

Edman, V. Raymond, 1960. *They found the secret: twenty transformed lives that reveal a touch of eternity.* Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan.

Fay, Kenneth H. 2003. *Even your sanctification: A Scriptural guide to the holy life.* Uitgegee deur die skrywer. Emmett, Idaho.

Finney, Charles G. 1988. *Lectures on Revival.* Bethany House Publishers, Minneapolis.

Finney, Charles G. 1944. *Power from on High – a selection of articles on the Spirit-filled life.* Victory Press, Londen.

Gangel, Kenneth O. 1983. *2 Peter.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Malan, J.S. 2012(a). *Jesus Christus en ons lewe in Hom.* Lux Verbi, Kaapstad.

Malan, J.S. 2012(b). *Christus as ons Verlosser en Advokaat.* http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Advokaat.htm

Murray, Andrew. 1969(a). *Die Goddelike geheim.* Hart Uitgewers, Kemptonpark.

Murray, Andrew. 1969(b). *Wees volmaak! 'n Boodskap van die Vader in die hemel aan sy kinders op aarde.* Verenigde Gereformeerde Uitgewers, Brakpan.

Murray, Andrew. 1972 (sesde uitgawe). *Algehele oorgawe*. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

Murray, Andrew. 1981. *Like Christ: Developing the character of Jesus in your life.* Whitaker House, Springdale, Pennsylvania.

Murray, Andrew. 1982. *Living the new life.* Whitaker House, Springdale, Pennsylvania.

Rice, John R. 1945. *The fullness of the Spirit.* Sword of the Lord Publishers, Tennessee.

Simpson, A.B. 1896, Vol. 1 & 2. *The Holy Spirit: An unfolding of the doctrine of the Holy Spirit in the Old and New Testaments.* Christian Publications, Inc. Harrisburg, Pennsylvania.

Torrey, R.A. 2008. *The Holy Spirit: Who He is and what He does.* Pure Gold Classics: Bridge-Logos Foundation, VSA.

Tuttle, Robert G. 1978. *John Wesley – his life and theology*. Zondervan Corporation, Grand Rapids, Michigan.

Die outeur

Johan Malan was professor in Antropologie aan die Universiteit van Limpopo. Hy het in 2006 afgetree en hy en sy vrou woon tans in Mosselbaai.

As die seun van ’n sendeling, wyle ds. J.S. Malan, het Johan ’n Christelike opvoeding gekry, maar eers as ’n jongman van 31 ’n ondervinding van wedergeboorte gehad. Hy het sy ou lewe van vleeslikheid versaak en die Here Jesus as Saligmaker aangeneem.

Ná sy antropologiese navorsing in Kaokoland in die noorde van Namibië, en ook ná sy bekering in 1972, het Johan ’n tyd lank as staatsetnoloog in Windhoek gewerk. Hy het in daardie stadium nog nie vrymoedigheid gehad om van sy geestelike ondervinding te getuig nie, en het besef dat daar nog iets in sy lewe kortkom voordat hy bekwaam sou wees om vir die Here te kan werk. Hy het Torrey se boek (*Die Heilige Gees: Wie Hy is en wat Hy doen*) bekom en homself ’n paar dae langs die weskus van Namibië gaan afsonder. Daar het hy die boek gelees en die Here vertrou vir hartsreiniging en vervulling met die Heilige Gees.

Hierná het sy geestelike groei sodanig toegeneem dat hy spoedig Bybelstudies vir ander gelowiges begin hou het. Later het hy Bybelverspreiding in die noordelike gebiede van Namibië gedoen – soms alleen en soms saam met Christenstudentegroepe uit Stellenbosch. Uiteindelik het hy begin om Christelike artikels en boeke te skryf. Baie daarvan kan op sy webblad www.bibleguidance.co.za gelees word.